

Christiaan Gerhardus Ebersöhn

**Part 3, 5, 2.  
Paragraph 7.7.2.**

**Die Sabbat –  
Kosmies-Eskatologiese Teken van die Ekklesia**

aan die hand van  
Philippus Francois Theron,  
*Die Ekklesia as Kosmies-Eskatologiese Teken,*  
N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1978

(Met toestemming en dankbare erkenning vir gebruik.)  
(Aanhalings nie deur Theron self nie sal as sodanig aangetoon  
word.)

\_\_\_\_\_.

Gerhard Ebersöhn  
Suite 324  
Private Bag X43  
Sunninghill 2157  
Johannesburg  
[biblestudents@imagnet.co.za](mailto:biblestudents@imagnet.co.za)  
<http://www.biblestudents.co.za>

2008

ISBN 978-0-620-41731-0; 978-0-620-4173-9

## Voorwoord

“Die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was  
in God wat alles geskape het deur Jesus Christus  
**sodat nou deur die Gemeente ... bekend gemaak kan word**  
die menigvuldige wysheid van God  
volgens die ewige voorneme  
wat Hy opgevat het in Christus Jesus onse Here.” Ef.3:10-11

### **Met apologie ontleen aan Klaas Schilder ...**

<sup>396c</sup> ... (Christus) heeft Zijn  
'oogenblik'. Dat geeft een inslag, een  
accent, een deining in Zijn rythme. Maar  
het is ten slotte in het rythme  
inbegrepen. Het is een "sela", - maar de  
psalm gaat door. Sela, dat is een  
oogenblik; maar de psalm, dat was de  
toestand. Hij is viator, die Zin  
'oogenblik' doorleeft, maar ook: de  
comprehensor, die nadrukkelijk weet: nu is  
het "middag" van den dag des Heeren.

<sup>395d</sup> ... Hij heeft dit oogenblik van te  
voren al in verband met al Zijn tijden  
gezien ...”

<sup>386b</sup> “...Niet Zijn "spanning" en  
"ontspanning", doch **het verloop der tijden  
Gods, 't tot consummatie komen van Gods  
besluiten, geeft Hem het thema van Zijn  
overwinningszangen...**

<sup>394b</sup> “... Maar voorts heeft Christus  
Zijn eigen geest bewogen en beroerd, en  
zichzelf heeft Hij verzekerd, dat waarlijk  
alles is volbracht naar den wil van God.  
Dat daarom de tweede Adam zijn dag met  
vreugde kan overzien. En dat Hij nu  
rechtvaardig is bij God. En eerst, als Hij  
dat zelf zichzelf heeft toegeroepen, en  
**Zijn paaschrecht zelf bij zich heeft  
vasgesteld, dan komt daarna de Vader met  
een daad van buiten: Hij scheurt de  
hemelen Sabbathsmiddag straks, werpt**

Jezus' grafsteen zóó opzij, laat het leven  
in Zijn sidderend lichaam varen, en roept  
de justificatie van den Christus ook van  
Zijn kant uit. (Wysiging CGE – ter wille van die  
“onpersoonlijke woorden” (bls. 397c.))

Dus heeft de paaschfeest zijn aanvang  
genomen in Christus' geest, waarin Hij  
zich rechtvaardig opwekt, en niet zondigt.  
Het paaschfeest móest beginnen bij  
Hemzelf. Hij moet gelooven in Zijn eigen  
justificatie. Zij ligt niet slechts in  
Zijn eigen recht verankerd, doch moet ook  
door Zijn eigen geloof omhelsd en  
uitroepen werden.

En alzo is geschied. ...  
<sup>387b</sup> ... Zoo komt de Christus in de  
justificatie. Hij word bij God en in de  
vierschaar van Zijn eigen conscientie  
volkomen gerechtvaardigd. Het is  
volbracht; de raad, **de Schriften zijn  
volbracht.** (<sup>387c</sup> ... (N)iet een bepaald iets  
uit de Schriften, doch àl de Schriften  
waren in Zijn geest in beide laatste  
woorden...) En deze hooge jubel, dat het  
lijden den éénen, goeden, diens gedaan  
heeft, den dienst aan **God, die in Zijn  
eigen sabbathsingang een volk achter zich  
inleidt tot Zijn Sabbaths-vreugden door  
rechtvaardiging in Christus Jesus, breekt  
nu over de hoofden uit: het is volbracht...**

(Klem CGE)

English Summary by P.F. Theron:  
(pp. 129-130)

**The Ecclesia as Cosmic-Eschatological Sign  
The Unity of the Church as a Presage of  
Eschatological Peace**

By Philippus Francois Theron  
1978

N.G. Kerkboekhandel

**Pretoria, RSA**

**Chapter 1**

**Cosmos and Eschaton**

The rejection of any opposition between nature and history as well as between nature and existence, precedes a discussion as to whether or not the eschaton should be considered as *nova creatio* or *re-creatio*. Since it appears that theologically, christologically and pneumatologically speaking, the relation between the cosmos (taken in the sense of the whole of creation) and the eschaton is characterised by continuity and discontinuity, preference is given to the concept *recreatio*, provided that both the “*re*” and the “*creatio*” are given full weight.

Both creation’s “Dasein” and “Sosein” are grounded in the Creator. Dt.6:4 gives us Israel’s belief about God in a nutshell. The *peace* (“wholeness”) of creation and recreation correspond to the Creators *unitas*, understood as *simplicitas*.

There can be no discussion of the relation between creation and recreation without touching on the *covenant*. Whether creation is the purpose of the covenant, or contrariwise the covenant the purpose of creation, is largely determined by the method employed. A plea is made for a twofold approach in which the “historical order” of creation, fall, redemption, is “complemented” and limited by the “theological order” in which one proceeds from the centre of God’s eternal plan of salvation in Christ. Creation as God’s act (*creatio*) is directed towards the covenant, whose purpose is the salvation of the (fallen) creation (*creatura*). Hence the church, as the eschatological people of God, is placed within a broad perspective which spans the centuries and embraces the cosmos.

**Chapter 2**

**“The Unity of the Church as Eschatological  
“People of God”**

*The New Testament unanimously witnesses to the fact that the church is the continuation and fulfilment of the Old Testament people of God. The covenant, which was directed towards “all the peoples of the earth” (Gn.12:3), achieves its fulfilment of in the “newness” of the new covenant, which is expressed especially in its universality. Two moments must be distinguished in the coming about of the eschatological people of God, the christological (representation) and the pneumatological (incorporation). The church’s inclusion “in Christ” shows the specifically christological structure of the locum-tenency, in which both the oneness of and the distance between the representative and those represented find expression. While a person is object-ively included in Christ, as subject he is incorporated into the salvific events by the Holy Spirit. Pentecost is the ecclesiological parallel to the incarnation.*

*The unity of the church follows necessarily from its theological (people of God), christological (body of Christ) and pneumatological (temple of the Holy Spirit) foundation. Many churches would betoken many Lords, many Spirits, many gods.*

**Chapter 3**

**The Unity of the Church as the “New Creation”**

*As representative of the people (second Moses) Christ is also the representative of the whole of mankind and the cosmos (second Adam) in whom the eschatological peace of the new creation is representatively realised. The church as the kainē ktisis is brought about by pneumatological incorporation (rebirth). The eschatological peace about which the angels sang in Bethlehem’s fields becomes visible in the unity of the church (Eph.2:14). The same continuity and discontinuity exists between the church as kainē ktisis and cosmos that characterise the cosmos – eschaton relation.*

**Chapter 4**  
**The Unity of the Church as**  
**Sign of the Eschaton**

*This poses for us the task of determining the church – eschaton relation more precisely. The eschaton is representatively fully realised in Christ (and the Spirit). The church is only the sign (and furthermore the cross-sign) of the kingdom. This means that a theologia gloria is excluded. The tension between what “already” is and what is “not yet” contained in the concept of sign, may not be resolved in either of the two directions. The church is a sign both in what it “has” and in that for which it longs. Its very pursuit of peace (Hb.12:14) shows that now is to be a relative and not the final (eschatological) reality, and so divests it of its mythological sacral character (i.e. liberates it).*

**Chapter 5**  
**The Unity of the Church as a**  
**Sign for the Cosmos**

*As a sign of the eschaton the church is also a sign for the cosmos. Something of God’s final purpose for the cosmos becomes apparent in the prophetic-exemplaristic existence of the church. The church’s characteristic of pointing beyond itself (sign value) implies that the apostolate belongs to its very essence. Yet since the church as sign already participates in that to which it points, it cannot be said that the apostolate is the very essence of the church. The church shares in the world’s sin and redemption. But as it already participates in the redemption which awaits the cosmos, this solidarity also assumes the form of contrareity to the fallen creation. The churches unity, which is antithetical to (not the variety but) the fragmentation of the cosmos, calls to the world. As the sign of the peace of the re-creation from which the call issues, the unity is of its nature visible. Not by abolishing but by transcending the “natural” boundaries between people, nations and races, there takes place (for the world) a salvific relativising of the differences and the eschatological character of the unity becomes visible.”*

**7.7.2.1.1.**  
**Oriëntering**

Daar is nog nie klaar na die Kerk gekyk voordat die Sabbat deeglik opgemerk is nie. Trouens, daar is nog nie eers na die Kerk begin kyk alvorens die Sabbat van naderby beskou is nie, want: “Die Sabbat is vir die mens gemaak” – soos ons meermale al verduidelik het – “vir die mens” as synde die **Kerk** as “die mens”, “gemaak”. Die Sabbat is immers ná die mens gemaak en vir hom!

Hoe sal mens dan ooit die skepping, die mens, die Kerk, duidelik in fokus kan kry anders as gesien vanuit die werke van God van die Sewende Dag – anders as gesien vanuit die werke van God in en deur en tot Christus Jesus – God se werke van die Sewende Dag? “In U Lig sien ons die lig.” Die blinde sien eers die mense soos bome beweeg – hy dink hulle is pure natuur. Dan handel Jesus wéér met hom. En sien hy eens Wie hom “laat sien”, herken hy die mense vir mense want hy herken hulle aan Die Mens. Die ‘ou skepping’ word aan die Nuwe Skepping herken. Vanuit Christus gesien, is die skepping duidelik, en die mense, en die Liggaam onder die mense, en die Wederkoms – die **hele spektrum** van die *resulterende geskape werklikheid*. Ja selfs die Wederkoms, gesien deur Jesus Christus en deur Hom in opstanding uit die dood, val binne die *resulterende geskape werklikheid*. Want die Skeppende Werklikheid van God is God, Verlossende Skepper in en deur Jesus Christus.

“*Geloof aan die herskepping kan tereg beskou word as ‘n radikaliserings van die geloof in die Skepper.*”<sup>bis.11 bo</sup>  
Daarom, *Geloof aan ‘Die Dag van die Here’ <Kuriakee heemera> kan tereg beskou word as ‘n radikaliserings van die geloof in die Sewende Dag Sabbat van die skepping. Dié ‘geloof aan’ die “Dag van die Here”, vra en verskaf die dialektiese en optimale ontginning van die kosmies-eskatologiese potensiaal waaroor die skepping-Sabbat beskik. Dié geloof aan Die Dag van die Here, ontspring uit en eindig in een enkele samevatting van die Heer-skap en Heers-skap van die **Here** van die Dag van die Here en die “geldige onderhouding vir die **Volk** van God van die Sabbatdag” op- en uit gronde van, die “Nuwe Skepping”, “voltooi” in die uitnemendste, die alles-skeppende, alles-samebringende, allesonderhoudende, alles-oortreffende, en alles-volmakende werk van al die werke van God Drie-Enig, die **Opwekking** van Jesus Christus uit die dode.*

By die hoeveelste keer se lees van Calvyn oor die Vierde Gebod in sy Institusie, word nogmaals opgemerk hoe selfs hierdie groot gees ook maar moes worstel met die probleem wat die Kerk vir homself rondom die Aanbiddingsdag geskep het. Iemand wat 'n swart op wit uitspraak in Calvyn ten gunste van die Sondag as Christelike Aanbiddingsdag gevind het, verstaan hom gladnie. (Met as voorbeeld Prof. F.J.M. Potgieter in gedagte.) Wat egter onmiskenbaar te bespeur is in Calvyn is hoe swaar hy op die eskatologiese belofte of “profesie” van die Sabbat steun om 'n antwoord op die problematiek daaromheen te vind. Waarop die onontwykbare vraag nogmaals – soos by Barth, Schilder en Edwards – móét volg: As die problematiek van die Sabbat die eskatologiese kant daarvan só sterk voorveronderstel, hoe doen die Sondag hom dan in die plek van die Sabbat voor as “die Dag van die Here”?

Veral by Augustus Hesse was dit opvallend hoedat die Eerste Dag van die week “*'n nuwe betekenis waaroor die dag voorheen, nié beskik het nie*”, deur die opstanding van Jesus uit die dode, sou “*bekom het*”. Vir Hesse (net soos vir Moltmann) het nóg die Eerste Dag, nóg die Sabbatdag (inherente) profetiese of eskatologiese eienskap of waarde gehad. Wat Calvyn dan doen – wat Hesse nie kon doen nie – is om die Sabbat se profetiese eienskaplikheid van eskatologiese Opstandings-Aanbiddings-Dag-te-wees, op die Sondag te probeer oorplant. Die Sewende Dag Sabbat vir Calvyn sien vooruit op Christus, en daar die Sondag dan die vervulling van daardie vooruitsiening in die opstanding van Jesus te beurt val, neem Sondag die profetiese eienskaplikheid van die Sewende Dag Sabbat, oor. Waar Hesse dus *'n nuwe betekenis waaroor die dag voorheen nie beskik het nie*, net eenvoudig aan daardie dag vreemd-aardig sal toedig terwyl hy die eg-wesenlike aard van die Sewende Dag net so goedsmoeds sal ignoreer en selfs negeer, sal Calvyn sy bes doen om die oorskakeling deur verdienstelike uitskakeling te probeer verduidelik. Onverklaarbaar, maar op stuk van sake deur die Opstanding, ontvang nie die Sabbat dit wat hy na eie natuur aangedui en aangekondig het nie, maar, verrassend, ontvang die Sondag dit wat hy voorheen of daarna nooit na eie natuur of aard aangedui of aangekondig het nie. Vir Calvyn gaan rus die probleem dan by die **oordraagbaarheid** van die eskatologie van die Sabbat op die Sondag – net waar dit vir Barth gaan lê het, en wat toe gevra het: “*Was dit innovering?*” En maar besluit het dit was nie. Vir altwee reuse was dit a priori uitgesluit dat die fout by

die aanname van 'n Sondag-opstanding gesoek moet word. Soveel moes net die gedagte om hierdie aanname te bevraagteken vir hulle opperste heiligs-kennis beteken het, dat hulle geen woord in dié rigting rep nie. Wat hulle wél voor kans gesien het, en wat by hulle nie 'n winkbrou laat lig het nie, is die vreemdste van alles. Wat is daarmee verkeerd om teen elke belofte en gebod in, teen elke redelike en geloofsverwachting in, teen die eie aard van sowel die Sabbat as die Eerste Dag in, en teen die Profesie, die Belofte en die Verbond in, die Sabbats-belofte en Sabbats-verwachting van en uitsig op en uitreiking na die Opstanding van die Gesalfde, soos Jonaswonderboom te sien verwelk sonder om die vrug te oes en te assimileer. Gesonde verstand egter sal mens vertel, en die trou van God sal mens beveel, en die Skrifte sal dienooreenkomstig getuig, dat God se bemoeiing met die skepping en met die mens nie so los en vas werk nie. Dié dag wat *'n nuwe betekenis waaroor dit voorheen nie vervuld beskik het nie*, maar volgens die eed en trou van God **sou en moes verkry** – dus potensieel beskik het – sál juis by die vervulling van daardie *nuwe betekenis*, as geswore, beloofde en Verbonds-dag van daardie *Nuwe Betekenis*, juis in en met en by die Waarword, met die Voltooiing en in die Vervulling van daardie *Nuwe Betekenis*, teenwoordig wees.

Die feit dat God Hom met die Sewende Dag bemoei het – ja, sy bemoeienis met die Sewende Dag was juis sy rus op daardie dag – maak vas wat daaruit sou volg – maak vas wat daaruit móés volg – móés volg as gevolg van die feit dat dit die bemoeienis en die rus van God en van die Gods-daad en trou ten opsigte van die Sewende Dag was. Die syn én die onderhouding deur God van sy skepping om telkens weer uit niks skepping van God gemaak te word, sal die uitkoms van die nuwe besluit en nuwe daad van God op dáárdie dag neerbring, en op geen ander dag nie. En só en op geen ander wyse en op geen ander gronde nie, sal daardie dag *'n nuwe betekenis waaroor dit voorheen nie beskik het nie, opnuut ontvang*. Net soos die skepping God s'n is, is die dae daarvan, God s'n. Gebeur dit dan deur die opstanding van Jesus dat *'n nuwe betekenis waaroor die Sabbatdag voorheen nie beskik het nie, opnuut* daaraan verskaf word, sal dit geen toevalligheid wees nie, maar die bepaalde en bepalende wil en wilsbesluit, wilsbestiering en wilsonderhouding van God die Verlosser-Skepper Self.

Tot dusver het ons die Sabbat onder oënskou geneem as kosmies-eskatologiese teken van die Messias en van Hom as die opgestane Here. Dit was vanuit die staanspoor en deurgaans die doel vir en die bedoeling met *Die Dag van die Here in die Genadeverbond* om die Sabbat uit die Skrifte aan te toon as kosmies-eskatologiese teken van die Christus en van Hom as die opgestane Here. Sou die leser hierdie oogmerk nie gedien gevind het nie, moet die rede vir sodanige tekortkoming gesoek word by die skrywer en dié se onvermoë, of dalk by die leser wat dit nie verwag het nie of dit miskien nie wou toegee die oogmerk te gewees het of te kon gewees het nie. Net moontlik was die bymeekaarsit van die Sabbat en die Evangelie onaanvaarbaar vir die leser en selfs onbewustelik vir die skrywer self. Maar hopelik kon die skrywer daarin slaag om die enigma te bowe te kom en so beide homself en die leser tot ander en beter insig te gebring het.

In hierdie paragraaf bereik die skrywer die middelpunt van belangstelling van die omvattende werk. Alhoewel nie aan die einde van die reeks boeke nie, wil met hierdie paragraaf die hoogtepunt bereik word – die hoogtepunt van wat in die hart – in die middelpunt – lê.

Ja wel, dit kan ’n fout wees om hierdie paragraaf, ‘*Die Sabbat : Kosmies-Eskatologiese Teken van die Ekklesia*’ as die middelpunt en hoogtepunt te beskou, want wat kan hoër en heerliker, meer sentraal en grondig wees as die waarword vir die Sabbatdag van sy eskatologiese oogmerk en vooruitsig in Jesus Christus Self en in sy Opstanding uit die dode self? Niks nie, behalwe dat dit nog nie “vir ons” en “tot ons” gekom het alvorens soos vergestalt in die gestalte van die **Kerk** nie. Dit is ’n suiwer logiese afleiding of veronderstelling, want in die werking van God geskied dinge nie so geïsoleerd nie. Feit bly, die uitstorting van die Heilige Gees moes en hét op die opstanding van Jesus Christus gevolg, sodat die Kerk gebore word dáár waar die Krag van die Opstanding volgens Efesiërs 1:19 verder, “vir, ná en tot ons” (“to us-ward” KV) as ‘**skepsel**’, gekom het. Die Kerk immers is die Liggaam van Christus, en die Sabbatdag het nog nie ten volle in Christus of in sy opstanding uit die dode sy vervulling gevind alvorens dit in en deur hierdie lewende **geskape** organisme en entiteit – die Liggaam van Christus van die Uitverkore Geslag en Volk van God – sy vergestaltung gevind het nie.

So het dit dan gebeur, geagte leser, dat ek hierdie paragraaf met rukke en stote, heel laaste aangepak het. Ek het

myself vele male deur die loop van my skrywe voorgeneem om nou hierdie hoofstuk te skryf, om myself dan maar net nog ’n keer met nog ’n aspek van die periferie in beslag geneem, te vind. Dit het elke keer ook so gebeur dat ek nooit uitgekom het by die Paragraaf oor die Wet nie. Nou vind ek sal dit ook nooit rêrig nodig word nie. Die kwessie oor die Wet en die Sabbat word heeltemal verswelg deur die kern-saak, naamlik die Evangelie en die Sabbat! Ek sien dan nou die bestiering van ons Here hierin, wat ons elke amenteug bepaal en beheer. [Ja, en toe volg minstens twee uitgebreide paragrawe oor die wet – alvolgens Die Wet Homself weereens, laat geld het!] Op geen vroeëre stadium van my skrywe was ek in die posisie waarin ek nou staan om hierdie hoofstuk te kan aanpak nie. Nie dat ek voel ek kan nou, ek’s nou goed genoeg nie; intendeel, juis omdat ek vandag beter as ooit besef hoe ongeskik ek vir die taak is!

Wat my laat dink het nou’s die boek klaar, was Deel 5, Paragraaf 9 – ‘*Die Tweede Eeu en die ‘Kerkvaders’*’. Net so negentig bladsye toe weet ek – dis alles oor die tweede eeu van belang en van betekenis – die ontdekking van wat Ignatius en Barnabas sélf sê en waarop dit neerkom: ‘Die Dag van die Here’, **is** die Sabbat! Dit was die kern en dit sou ’n einde aan al die boekemaak gemaak het. (Om weer in Engels te skryf wat ek in ‘*Die Sondag-Waarheid*’ van 1993 reeds geskryf het, sou in elk geval nuttelose herhaling gewees het.)

Die ontdekking van die ‘Kerkvaders’ weer, was die direkte gevolg van die ontdekking van wat Paulus regtig in Kolossensiërs 2:16-17 bedoel (en geskryf) het. (Sien Appendix tot Deel 4, ‘*Paul*’.) So moes die een ding op die ander volg, en so moes dit uiteindelik uitgekom het by en presies op hierdie hoofstuk, ‘*Die Sabbat : Kosmies-Eskatologiese Teken van die Ekklesia*’. Ek sê weer, Hoe kan dit anders as die leiding van die Here gewees het? Ek sou nie hierdie onderwerp kon aanpak sonder die agtergrond van my nuwe bevindinge van die afgelope jaar nie. Ja, en ook van 2001, die na aanleiding van Moltmann tot uitsluitel kom die Sabbat is nie maar net ’n skepping-sabbat nie, maar is die Christus-Rusdag van die begin af!

### ‘Om Klaar te Maak’

“Hierom bid ons ook, naamlik om **julle volmaking** <humoon katartisin>”. Niemand sal ontken dat in die teenswoordige begrip van “volmaking”, ’n **begin** met ’n ‘making’ uit die **verlede** veronderstel word nie. Hoe word dit dan ontken as dit dieselfde saak is maar vanuit die verlede op die hede gesien? Hoe word dit dan ontken dat in die teenswoordige begrip van “voltooiing”, ’n **begin** met ’n ‘voltooiing’ in die **toekoms**, veronderstel word? “En God het op die Sewende Dag voltooi al sy werke wat hy geskape het deur dit te gemaak het.” Geen wonder dat die Grieks die woord <katartidzoo> gaan toepas vir die skepping van die kosmos nie, want die woord bevat die gedagte van ‘skikking’ / ‘ordening’ / ‘raamwerk’ / ‘volgens plan’ / ‘voorsiening’. Ons het hier te doen met eskatologie.

Hou <arti> “nou”, “tot nou”, met <artos> “brood”, “voorsiening”, verband? “Gee ons vandag ons daaglikse brood?” “Voorsiening <ton arton> die onmiddellike <ton epiouision> dit (vir) elke dag <to kath’ heemeran> / vandag <seemeran>, Lk.11:3, Mt.6:11. Dit is: ‘Dit wat **nou voldoen en ook voorsien**’. Ons het hier te doen met eskatologie.

“Deur die geloof <pisteei> weet ons <nooumen> (‘noëties’): die wêreld <tous aioonas> is voltooi / **volmaák** (‘perfected’) <kateertisthai>, in die Engels “FRAMED”, Hb.11:3. Daarom: “GEORDEN <kateertisthai> tot die EINDDOEL deur die Woord van God <reemati Theou>” – deur God se voorsiening en beskikking. Hierdie ‘begin’ of ‘skepping’ is geen begin of skepping alvorens voltooi in die ‘voltooiing’ daarvan nie, want dit is die “vol” “making”. Ons het hier te doen met eskatologie.

En so wórd die Sewende Dag, Rusdag van die HERE: “Die Steen wat die bouers verwerp het, het Hoesteen geword; Hy het van die HERE gekom en is Wonderbaar in ons oë ... dit is die dag...”. Die gebeurtenis – die WOORD Gebeurtenis – “maak” die dag: “die Steen het – Hy het – dit is die dag!” “God het gemaak ... voltooi ... gerus ... die Sewende Dag”! Die Heilige Gees ... die Gemeente ... die Dag van die Here. Dit kom nie van die mens nie, “dit het van die Here gekom” – langs die eskatologiese weg daarvoor vasgelê (Ps.118:24) – en “georden”, ‘gevolmaak’, <kateertisthai>.

Die Sabbat is nie die menslike onderhouding daarvan nie. Dit is duidelik want in die menslike onderhouding van die Sabbat bestaan hoegenaamd geen eskatologiese vervulling nie. Die Sabbat is baie meer as wat die mens kan doen. Die mens se Sabbatsonderhouding sal ook altyd gebrekkig wees en sondig! Die Sabbat as Skrif-bekendgemaakte van God egter, volg uit die genade van die komende God in Christus in sy bereiking “met ons”.

Die Sabbat volg ook nie maar net op ‘God met die mense’ nie, maar “met óns”: “God met ons”; “Ons seën julle uit die Huis van die Here”, die Kerk, Ps. 118:26. En alleen dan: “Vrede op aarde en in die **mense** ’n welbahae”. (vers 29) “Want die **ganse skepping** wag met reikhalsende versugting op die openbaarmaking van die Kinders van God” omdat die verlossing en herskepping van die skepping bevat word en gebeur in die verlossing van die **Kerk**. Die progressie is: Opstanding van Jesus – Gemeente – mens – kosmos. Laastens word die Sabbat Teken van die **Wederkoms** van Jesus Christus, soos dit kosmies-eskatologiese teken is van Hóm wat sou gekom hét en steed komende is. Week na week **wórd** die Sabbat hierdie teken in die Huis van God, gebéúr hierdie Teken: Die **Kerk** daar, waar, “op die Dag van die Here”, Christus in mense onder die mense gestalte verkry tot **Liggaam gebonde aan die Hoof** en “God met ons”, “tabernakel”.

Dit is die **ganse** Nuwe-Testamentiese en eskatologiese betekenis van die Dag van die Here die “steeds geldende onderhouding van die Sabbat vir die Volk van God” om “so met goddelike groei groot te word”: “Die hele Liggaam . . . saam met Christus opgewek . . . saam met Hom in heerlijkheid geopenbaar”. (Hb.4:9, Kol.2:19b, 3:1, 4)

Die Sabbat is kosmies-eskatologies **essensieel** na inhoud én, na vorm, **hiervoor**: dinamiese **diens** aan die geskape kosmiese werklikheid van die **Ekklesia**. Geensins staties, nie in die minste “syn” in sigself nie – maar onderdanig en dienstig, onderworpe en afhanklik; om “Dag van die Here” en “vir die Volk” te kan wéés en te mag wéés.

G’n onwerklike en onpraktiese, “figuurlike dag” nie, maar een wat in hierdie ‘aardse’, amper priesterlike diens staan! Want ons Hoë Priester wat vir ewig volmaak is en vir altyd lewe om “uit die krag van die onvernietigbare lewe” in sfere hoër as die hemele vir die Huisgenote van God in te tree, is Bedienaar van die heilige dinge en Ware Tabernakel wat die Here opgerig het en nie ’n mens nie!



Die toelating en vergunning daarom om “Dag van die Here” “vir die Volk van die God” te kan wéés en te mag wéés, is dan ook geen “self-verheffende nederigheid” nie. (Soos waarna Paulus in Kol.2:18 verwys het.) “Niemand eis vir homself die waardigheid nie, maar hy wat deur God geroep word”, word dit opgelê – waarvan Christus ons beste voorbeeld is. Hy is die waardigheid van Priesterskap van ewigheid af opgelê; daartoe deur God in ewige en heilige Verbond geroep en verorden. Sou sy priesterskap op ’n ander kon oorgaan? Nou hoe dan die Dag wat God van die grondlegging van die aarde af voorbestem het, in aansyn geroep het en met die waardigheid oorskyn het tot voltooiingsdag van sy werke en rus te word?

Die toelating, vergunning, aanstelling en behorendheid word wet **tot diens**: “**Dag** van die Here”, en vloei en spruit uit die **relasie** tussen Here, Volk én Sabbat – ’n **priesterlike** relasie: “**vir** Die (Seun van die) Mens ... Here”, “**vir** die Volk van God”, “**vir** die mens”: “gemaak” en “geldend”!

Die toelating en vergunning om “**Dag van die Here**” en “**Sabbat vir die Volk**” te kan wéés en te mag wéés, volg op grond van die **Heer-skap**: “Dag **van die Here**”, en is gebaseer op en vloei en spruit uit die aanstelling in en behorendheid tot die Hoër-Priesterskap van die Here-Koning van die Sabbat: – juis nié die gewone Geneties Possessief nie, maar die uitsonderende, attributiewe en toe-eienende, Koninklike Adjektief – “**Heer-like** Dag”!

**Nou hier lê die oerkrag van hierdie waardighede:**

*“Die skepping gaan deur die **dood heen**, maar dit **gaan** dan ook deur die **dood heen**. Deur sy oordeel, red God die skepping.”*

Dag van aanbidding wórd, daar waar die Kerk wórd, as’t ware uit die dood verrys soos Christus uit die dood uit opgestaan het, net daar, wórd die Aanbiddingsdag – ís dit Sabbatdag. (Daarom hou die Jode die Sabbatdag, maar nie die Sabbat nie.) Die histories-kosmiese gebeurtenis waar Sý lewe die dood – die lewe en dood van die Here – oorwin en ewige lewe skep uit niks en uit erger as niks – uit sondedood – dít is die Sabbatdag van die Here jou God en Aanbiddingsdag van die Volk. (Ons gryp hierso bietjie vooruit, na waar Theron verklaar: “*Die skepping gaan deur die **dood heen**, maar dit **gaan** dan ook deur die **dood heen**. Deur sy oordeel, red God die skepping. Dwarsdeur die dood hou hy die werk van sy hande vas. . . . Die herskepping is dus voluit **skepping**. Weliswaar nie uit die niks nie, maar nog wonderliker, uit die*

***dood. Geloof aan die herskepping kan tereg beskou word as ’n radikalisering van die geloof in die Skepper.***”<sup>bis.11 bo. (Lg. nadruk CGE)</sup>

*Die skepping gaan die dood deur* en verrys, in Christus, en in die Gemeente – en in God se voltooiing en voltooiingsdag, “Die Sewende Dag”.

*Deur sy oordeel* as deur sy genadige werke van die Sewende Dag, *red God die skepping. Dwarsdeur die dood* van sondeval *hou God die werke van sy hande vas. . . . Die herskepping-sdag is dus voluit skeppings-dag*, die ‘dag van God se spreke aangaande’, in die Nuwe-Testament aangetoon, “die Sewende Dag”! (Hb.4:4-5)

*“Die gelowige vertrou alles”* – al die werke van God – *“aan Hom toe”*, *“ook die oorwinning van die dood”*, sê Hans Küng waar Theron hom op dieselfde bladsy aanhaal. Net Nuwe-Skeppingsgelowiges “gaan die rus in” – die Sewende skeppings-Dag kom eers in die Christus-era tot reg. “Aan wie het Hy gesweer dat hulle sy rus nie sal ingaan nie, behalwe aan die ongehoorsames?” Dis mos “ons”, dáár! “En ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie.” Dis duidelik genoeg, weereens mos “ons”, dáár! Ons moes dit immers self uitvind! “Want ons wat geglo het, gaan die rus in – wat God gesê het toe Hy in sy toorn gesweer het – net toe sy werke van grondlegging by die grondlegging van die wêreld, klaar was: Hulle sal sowaar nie my rus ingaan nie!” – direk verwysende na Genesis 3:22b-24. “As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie! Toe stuur die HERE God hom weg uit die tuin van Eden ... So het Hy dan die mens weggedrywe en géruks ... met swaard wat vlam en flikker (daar) laat woon om toegang tot die boom van die lewe te bewaak.” Maar ons op wie die eindes van die eeue aangekom het, na ons toe aan het die Boom van die Lewe Self, aangekom. “Neem, eet, dit is My liggaam . . .”. “Ons wat glo, gáán die rus in.” Ons het eksistensiële rus gevind, en toegang ontvang tot die Boom van die Lewe en die waaragtige, ewige Lewe! Jesus het uit die dood uit opgestaan! Eers vanuit hierdie oop punt kan ons kennis en die verstaan bekom, en van God weet, wat die dinge wat nie is nie roep asof hulle is.

Vanwaar dus julle Sabbatte – die Sabbat van julle wat dit vergeet het, wat nie “onthou” of “gedenk” wat God “op die Sewende Dag” ten einde laaste, op daardie dag, vermag het nie? Dat Jesus, ter wille van verlossing deur die dood heen, Gesalfde van God geword het nie? Want in opstanding uit die

dood is “Jesus van Nasaret” “Afgesonderde Akker”, “Eden-tuin”, die “Afgesonderde van God” – die “Here Christus”, en die Dag daarom “onthou” en “gedenk”, “My afgesonderde Dag” – “My heilige (Dag)”, “Dag van die Here”. Daar is net een tuin wat onthou word as die tuin van Eden; en daar is net een Mens wat onthou word as Jesus van Nasaret. Net een dag is daar genoem “My heilige”, naamlik “Dag van die Here”.

Sabbatdag is **Kroningsdag** van die Koning van die Eeue en Wêreld: “Aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid!” “Unto Him be glory in the Church by Christ Jesus throughout all ages world without end” <tu aioonos toon aioonoon>. (Verwys 2Ko.11-12 en 2Kr.22:22-23)

Wat sal ’n beter definisie wees van wat ‘skepping’ of ‘kosmos’ is? Waar duideliker bepaal word Wie die eer daarvoor en daarvan toekom? Dit dan – nee, Hý dan – Christus Jesus – en “in” Hóm, en “dêur Hom” die begin en verduideliking, die syn en instandhouding, die rigting en die doel, die vasstelling én beperking van “alle eeue, wêreld oneindig”, en ek mag nog nie aflei die Sewende skeppings-Dag spreek van Hóm nie? Wat méér moet verwag word om die Sabbat van die HERE jou God op Hóm te laat dui? Of moet die dag op die skepping wys – net altyd terug wys, na homself? Hoekom die dag dan die Sabbat van die HERE jou God noem en die hele dag met sý dade wat geen dade van die skepping is nie, vul, om alles mee te vul en te vervul? En Jesus kom en doen dieselfde? Die veronderstelde begin aan die einde in historiese afhandeling, Christus Jesus waarlik op die Sewende Dag **uit die dode opgewek** – die dade en Woord van God op die Sabbatdag! DIT is tog presies wat Paulus in die eerste plek reeds as uitgangspunt veronderstel het om te verkaar: “Aan Hom die heerlikheid in die Gemeente in Christus Jesus, alle eeue wêreld sonder einde”!

Hoe begryp mens één “wêreld”, “sonder einde”? Dis tog onmoontlik anders as bevat in en “deur Christus Jesus”, en “tot sy Heer-likheid” behoue – oomblik vir oomblik, “alle eeue”, “deur” Hom *Nuwe Skepping* uit sondedood “in die Gemeente”. Alle *geskape werklikheid* rus in *eenheid en vrede* – “Aan Hom die eer en heerlikheid!” “Hy is ons vrede”. “Hy het in Homself die middelmuur van skeiding afgebreek” – Hy is die eenheid. Hy is die Rus en Hy gun en beveel en skep die Dag van Sý rus vir die Vólk van sy rus.

“In die begin het God ... deur alle geslagte ...” Die Sewende Dag en God se “spreke aangaande die Sewende Dag” **by** sy skeppingswerk-saamhede **teenwoordig** en **geskape**, is hierdie Dag toe Jesus uit die dood uit opgestaan het. Ons weet niks van die skepping af alvorens ons hiervan verneem het nie. Of ons sal moet toegee die kennis van skepping en kosmos, van eeue en wêreld kan God systap, van Hom ’n irrelevantie maak. Maar glo die Sabbatdag en hoe gaan ek Hom dan kan uitsluit uit my kennisveld?

*“Die belydenis en trou van God, noop ons ... om ook die tipering van die eschaton as “herstel” van die skepping as veels te vlak van die hand te wys. . . . Sy trou beteken ten diepste dat Hy Homself getrou bly. Immers, “Hy kan Homself nie verloën nie . . . Dit het tot gevolg dat “as ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën””* (Ek haal Theron hier buite konteks aan (bls.10 bo), net om te illustreer.)

Moet mens konkludeer die werke van God – ‘skepping’ – word nie “herstel” nie, maar daar kom ’n ander skepping as ‘skepping’ en dus ook ’n ander Sabbat as die Sewende Dag, as Sabbat? Vind ons dus in die *tipering* dat die “herstel”-konsep veels te vlak is en ons die Sewende Dag dan ook ná die loutering in die Nuwe Skepping nie weer bo gaan sien opdobber nie, maar die Eerste Dag van die week? Dan moet verweer word met die eskatologiese ‘feit’ dat die Sewende Dag Sabbat dáár by die eerste skeppingsweek rééds aan die Nuwe Skepping behoort, rééds in die Nuwe Skepping staan, terwyl dit tot die eerste skepping reik en dit met die linkerhand vashou. Met die regterhand hou die Sabbat vas aan die Nuwe Verbond – die Ewige en Enige Genade-Verbond Gods.

God se werke van die Sewende skeppings-Dag kan tog nie as tiperend van sy werke van die eerste ses skeppingsdae beskou word nie – daar is niks ‘stofliks’ of ‘ruimteliks’ aan die Sabbatdag se ‘skepping’ of ‘resulterende geskape werklikheid’ nie, behalwe sy tydposisie in tydsbestek. God se Sabbatswerke moet daarom as eskatologies getipeer word, as behorend tot sy werke van die eerste ses skeppingsdae maar as behorende tot sy voltooiing in *Nuwe Skepping*. Die Sewende Dag is rééds in die skeppingsweek, die laaste en deurlugtige dag van “die eerste opstanding” en van die “Eersteling uit die dode”. Die *Nuwe Skepping* van die “*middag van die Jom Jawe*” (Klaas Schilder) is rééds dáár by die skeppingsoggend aanwesig, en is alreeds ‘syn’ sowel as ‘geskiedenis’ in soverre dit God aanbetref. Die

*Nuwe Skepping* belowe en bevat immers reeds die Wederkoms, so die ‘eerste’ skepping reeds die weder-skepping.

Jesaja het vorentoe gekyk, en waar hy die Woord van God aankondig, kyk hy terug én vorentoe,: “My heilige (Dag)!” – Jesaja is mos die ‘Vyfde Evangelie’, die Ou Testament se ‘Evangelie’. Dis op meriete van Christus dat God die Sabbat hierso so ’n vreeslike naam gee: “My heilige (Dag)!” Die enige Skrif-Dag wat Jesus die eschatos beloof en aankondig, dié Dag, deur die opstanding van Hom uit die dode, wórd, “Die Dag van die Here” <kuriakée heeméra>. “Só (immers) het Gód van die Séwende Dag gespreek”: “*van geen ander dag benewens nie*”, Hb.4:4 en 8! God se “spreke” in vers 8 is direkte verwysing na God se “spreke” in verse 4 en 5. (Dan kom hulle – nee ons, die Kerk – en oortree presies hierdie gebod: “geen ander dag benewens”, met “*n dag daarná*”<sup>Lee et al</sup> – die Eerste Dag van die week!)

Kennis van die **Verlosser**-Skepper is waarom dit in die Skrifte en die Christelike geloof gaan, en waarop dit neerkom. Elke ‘godsdienst’ roem op die (*noëtiese*) kennis van die ‘skepper’. Maar kennis van die Verlosser-Skepper is **eskatologiese** “spreke” en verneming, eskatologiese ‘hoor’ en ‘luister’, eskatologiese ‘historie’ en ‘eiening’, eskatologiese wórding én syn, eskatologiese daad van God: ‘Skepping’, “Gemeente” en “Dag van die Here”. Christelike ‘skepping’, ja, g’n ander, want “met wie wil julle My – Verlosser-Skepper – vergelyk?”

Dit sou onvanpas wees om die werk van Christus en die werk van die Heilige Gees teen mekaar af te speel. God se skepping is die een werk van Vader, Seun en Heilige Gees, skepping én *Nuwe Skepping* én Voltooiing van “**al** die werke van God”: Verlosser-Skepper – daar is geen ander Skepper, geen ander God. Soos Christus deur die Gees van Krag uit die dode opgewek word, só word Johannes “die diensknege van Jesus” in aanbidding – “in die Gees op die Dag van die Here” – Liggaam van Christus, sy Kerk in ballingskap. Die ‘skepping’ word nog gladnie begryp voordat die Kerk as laaste werk van God se skepping begryp word nie. Aanbiddingsvolk en aanbiddingsdag is die een Dag van God se Woord en Daad, van sy Ja, sy Nee en sy Amen – die Dag wat aan Jesus Christus behoort: “In Sabbatsdag-tyd” die Dag van sy opstanding uit die dood sowel en terselfdertyd Die Dag van die Heilige Gees in lewe én in aanbidding van die Volk, “die Dag van die Here” ... “vir die Volk van God”. **Geen Godskennis buite aanbidding**

**nie!** (Ons kan nie ‘objektief’ oor God spreek nie.) Op hierdie Voltooiings-Skeppings-Dag daarom, gaan daar vir die Volk ’n Lig op! Vanuit die aanbidding word die ‘syn’ aangedurf, die kennis van die skepping – solank ons die Skepper ken ... “of liever deur Hom geken is”.

Die Wet is nie teen die Beloftes van God nie, en die Eerste skeppings-Dag as suiwere skepping of ‘wet’ van God, ook nie. (Die Sabbatdag word in die Skrifte nooit – soos die Kerk doen – opponerend teen die Eerste Dag van die week afgespeel nie.) In die Skrifte is Christus Jesus die bevatting van die Beloftes van God, en sy opstanding uit die dode die seël daarop. Uit hierdie waarheid put die waarheid dat “My Sabbatte ’n teken tussen My en julle (sal wees) dat julle My kan ken, EK-IS-JULLE-MAGTIGE ...”: Magtige Verlosser! Dit sal die strekking en poging tot die eskatologie hier bepaal. Hier sal dit nooit mag gaan oor enige ‘geskapenheid’ – enige ‘materialisme’ – nie, selfs nie oor die heerlikheid van die lig nie. Ja, veral sal die Eerste Dag nie besing en verhef word as sou Die Enige Lig van Goddelikheid met die heerlikheid van die geskapene volmaak word nie. Want slegs “in U Lig sien ons die Lig”; die onverdeelde en ondeelbare heerlikheid van God is Christus. Alle heerlikheid van geskape lig is verdeel – verdeel tussen dae, tussen die Eerste én die Vierde – is onvoltooid. Sodat God as Skepper en drie maal Heilige Verlosser-Skepper eerbiedig en aanbid sal word en nie die heersers van die ruimte nie. Teen die heerlikheid van die Heilige Verlosser-Skepper vervaag elke heerlikheid en word soos duisternis. Die heerlikheid van die Sewende Dag is dat dit die skaduwee van hierdie Volheid van Heerlikheid is – Kol.2:16-17 – in die Lig dáárvan staan, beskeie geskapenheid is, sonder eie heerlikheid of waan. Op die Sewende Dag heers geen geskapenheid en ook geen mede-geskapenheid – enkel die Godsdaad in die Woord van God; en soos alle geskapenheid staan onder en in die skaduwee van Hom wat die Lig IS, staan hierdie geskapenheid van die Sewende Dag, bevóórreg, om skaduwee en afskaduwing van Hóm, te wéés. Geen ander geskapenheid ontvang hierdie begunstiging nie – trouens nie soos uit die Skrifte uitgemaak kan word nie. Daarom word die Sewende Dag ‘vereer’ deur inderdaad die Skrifte! Watter ander betekenis kan daaraan geheg word behalwe die eskatologiese? Die Sewende Dag – die kosmiese sewende dag van die week – staan pertinent alleen onder die vaandel van die eskatologie omdat dit pertinent allenig onder die vaandel van die Sabbat

van die HERE jou God staan! Om mens hierdie toedrag as verganklik, as van verbygaande aard, voor te wil stel, vereis kranksinnigheid. God laat Hom nie met verganklikheid in verbond betrek nie. Sy Ewige Verbond voorveronderstel die Ewige vir ewig in Verbond met vir ewig Verbonds-gebondenenes – die uitverkorenes sy Kerk – onder blywende en deur Hom verewigde middele, waarborge en “tekens”. Dit is die GenadeVerbond.

#### 7.7.2.1.2.1.

#### **“Die Ekklesia as Kosmies-Eskatologiese Teken – Die Eenheid van die Kerk as “Profesie” van die Eskatologiese Vrede”**

Die eskatologiese, die profetiese eenheid en vrede, gebeurende en verwesenlik in ruimte en tyd? Wat sal hier waargeneem word anders as die Christelike Gemeente in aanbidding op die Dag van die Here, sy Dag van eenheid, volbragting en voltooiing, van vrede, en van rus? Wat sal hier waargeneem word anders as die Christelike Gemeente in aanbidding op die Dag van die Here weens die waarheid en krag van sy opstanding uit die dode?

Die Profesie en die Eskatologie het gearriveer in Jesus Christus toe Hý, uit die dood uit opgestaan het. Die Komende God is hier, dit is die Dag van die Here, God met ons, en ons in Hom, met God, in eenheid en vrede. (Presies die situasie volgens Génesis 2 en 3!) In Christus Jesus bestaan geen verdeeldheid van die Kerk nie. Niemand kan hierdie eenheid verhoed nie behalwe in sy eie onverdraagsaamheid en naywer. Paulus sê, ten spyte sal ek my verbly, en daarin dat Jesus verkondig word.

God se “klaarmaak” is groot en wonderlik. Ons metafore is oneindig om maar fragmenteel en onbeholpe uit te druk wat God se “voltooi” beteken. “*Eenheid*” en “*vrede*” is net maar nog twee metafore waarmee ons probeer sê, “En God het op die Sewende Dag voltooi”, of, “En God het op die Sewende Dag gerus”, of, “En God het die Sewende Dag geheilig”, of, “En God het die Sewende Dag geseën”. Toe kom Jesus, en Hy dóén wat ons met metafore probeer sê. Toe word die klank van die Blye Boodskap en die aangetoonde werklikheid van die metafore, die geloof, en die geloof word die wete en die kennis

en verstaan van die on-kenbare en on-verstaanbare. Toe word dit aanbidding . . . en die aanbidding word die Kerk: die Sabbat, en, die Kerk, “in Sabbatstyd”. Want skepping en Skepper is *onlosmaaklik verbonde* “in Hom”, en skepping en Kerk is onlosmaaklik in sy opstanding uit die dode ... “in die volheid van die Sabbat” (*opsé sabbátoon*).

Want skepping en **verlossing** is *onlosmaaklik verbonde* “in die Sewende Dag”, “Deur die geloof” <*pisteei*> “weet ons” <*vooumen*> (“noëties”): “die wêreld <*tous aionas*> is vervolmaak” <*kateertisthai*> “deur die Woord van God” <*reemati Theou*>, Hb.11:3. Beide begrippe “vervolmaak” en “Woord van God” het te make met die Nuwe Skepping – met die Verlossing.

Die ‘skepping’ is gans onmoontlik om voor te stel sonder die onmiddellike by-syn van God se aktiewe genade-dade. Die skepping hou nie op op die Sesde Dag nie. Sien **Die Dag van die Here** aanbreek soos op sy bevel, die ses dae van die skepping! En op die aangekondigde “Dag van die Here”, aanskou voor die uitnemende grootheid van die krag van sy Sterkte, **Jesus, Verresene uit die dood!** Aanskou daarom **die Kerk** verrys soos voor die geklank van Gods Woord die hemele en hulle leërskaare, “op die Sewende Dag”! Die eenheid en vrede het aangebreek waar God dit belowe het.

Want “die hemele vertel die eer van Gód en die uitspansel verkondig die werke van sý hande”. “Wie is dit daar?” “Of het julle nie gehoor nie, is julle nie vertel” van “die uitnemende grootheid van die krag van sy sterkte toe Hy Hom uit die dood uit opgewek het” nie, “o alle eilande en verste uitspansels”, “en Hom verhoog het tot aan die regterhand van die krag van God” nie?

Kan daar ’n hoëre verheffing wees? Sterre is biljoene ligjare weg, maar in die oomblik van Christus se opstanding uit die dode was Gód híér, “met ons”, en het Sý lewe die kosmos van hoek tot kant gevul. Ja, was “hulle daar ver” – al die dode uit die niet – almal híér “in Hom”: reg voor die ope graf waar die Seun en Gekruisigde op die troon en aan die regterhand van die Vader verhef staan: Jesus God en Christus. Híér: Die oomblik van Openbaring 8:1 en 14:1 en 18:1 en 19:1 en vers 11, en 20:11, en 21:1 en 22:1 en 20:22 – “die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon”! Kan ons die **Verlosser** van die skepping nog nie sien nie, kan ons nog nie die **skepping** sien nie – is daar nog geen sprake van ‘skepping’.

Het u egter Jesus Christus daar gesien maar nie sy Dag nie? “Hieruit volg die uiters belangrike konsekwensie vir die eskatologie dat die wedergeboorte nie (die) geboorte ophef nie en dat die skepping nie “weggewerveld” word nie, maar gered word.” (bls. 8 bo, m.v.n. van A.A. van Ruler) . “Die sentrale beeld (van die verbande waarin dit in die Skrifte voorkom) is dié van die Kerk as “nuwe skepping”.” (bls. 1 mid.) Die sentrale beeld is die Kerk as Gemeente, en aanbidde: “op die Dag van die Here”. Beslis die Kerk soos Paulus sê, “steeds groeiende na die groeikrag van God”, “deur oorvloedige lewenskragtigheid en ongekende uitbreiding”, <sup>bls. 1, m.v.n. Latourette</sup> haar “Sabbatte al vierend!” (Kol.2:19, 16)

“Deur oorvloedige lewenskragtigheid en ongekende uitbreiding” in die ‘sendingbeweging’ en ‘ekumeniese beweging’? Teen watter prys? “In terugkeer is jou heil, o Israel”. In inkeer, bekeer en terugkeer. Dit sal “deur oorvloedige lewenskragtigheid en ongekende uitbreiding” wees, slegs in Hervorming en gevolglike en onberouvolle groter verdeeldheid en terugwaartse beweging. “Kom uit haar uit my Volk!”

“Vir die doeltreffende funksionering van die Kerk in die wêreld is helderheid oor sy wese ’n sine qua non.” Die Kerk kan alleen maar eers begin verstaan word as Opstandingskerk, en daarom, as gelowende en aanbidde Kerk. Die funksionering en die wese van die Kerk – hoe sal dit begryp word – hoe sal dit wéés – anders as in die kosmiese oomblik in tyd van Kerk-wees: anders as op die Sabbat die werklikheid wat dit is en moet wees om te funksioneer en om na ware wese, Kerk van Christus te wéés?

Lééf die Kerk hierdie ‘selfbewustheid’ van dié Liggaam te wees, wat die Dag van die Here in die wêreld léwe, het hy die wesenlike van die Dag van die Here in gehoorsaamheid van die geloof gesnap, en, BENUT, in diens geneem, die doel daarvan verwesenlik. Begrip, verstaan, kennis, van alle skepping tot nou toe is van geen NUT – nie alvorens in aanbidding en deur die geloof, benut nie.

Dalk het die Kerk die Dag van die Here “sonder meer as ’n verlies aangemerkt”? Skram die Kerk weg daarvan om die ware wese van die aanbiddingsdag ten opsigte van homself te verwerk? Of wil hy die betreklikheid daarvan ontken? Bestaan die kennis van God en die kennis van die skepping vir die Kerk by en tot uitsluiting van die Sabbatdag? En hy beroem hom nog op kennis en insig? Dis so goed die individu wil homself van

die liggaam afsny maar nog moet die hart die bloed deur sy are laat loop.

Hoe neem die wêreld die Kerk in dié verband – van kosmiese bestaanswerklikheid en wesenlike ‘selfbewustheid’ – waar? Dit kom voor die Kerk se houding is mens kan jou vriende kies maar ongelukkig nie jou familie nie. Ja, ons neem die Dag van die Here waar, maar met die tong in die kies. Wat sal ons nou maak? Ons moet tog bymekaar kom, en “ter wille van orde” (Calvyn en Luther) hoe anders as op die Sondag?

Is dit om Kerk te wees? Is dit die Kerk, die Ekklesia as kosmies-eskatologiese teken van die profetiese eenheid en vrede? Dis eiewilligheid! Ons is Kerk in gehoorsaamheid of gladnie; ons is deur die wil van God Kerk, of maar net nog ’n sosiale organisasie. Die dag wat die Kerk rêrig erns maak met wat dit is om Aanbidde en Gloënde Kerk te wees, daardie dag sal hy Sondag moet vaarwel toeroep, want daardie meganisme word nie in God se bekendmaking van sy wilsbegeerte en oogmerk met ons as Kerk bespeur nie. Want hy kan alleen tot konsekwente en egte besluit kom wat dit is om Aanbidde en Gloënde Kerk te wees, vir sover hy homself met die egte, dit is, Bybelse, profetiese, eskatologiese Aanbiddings-Dag besig vind. Kan dit die Christelike Kerk, die Opstandingskerk, die Uitstorting van die Heilige Gees Kerk wees wat enige ander dag as die Sabbat vier, wat enige ander dag as die Sabbat sal waarneem en dit “ter wille van orde”? (Waar is die “orde” van die Skrifte – om mee te begin?)

Vir die Christelike en Opstandingskerk is die Dag van die Here van primêre en lewensbelang, ’n wesenlike, funksionele en funksionerende, ordelike voorvereiste. Sonder die Dag van die Here is die Kerk nie Kerk nie, is die Kerk nie Kerk van Christus Jesus nie, is die Kerk nie Kerk van die Opstanding, of van die Heilige Gees nie. Want hierdie dinge was die roep en die bid om “Die groot en deurlugtige Dag van die HERE”, en die Sewende Dag een van die stemme onder die roepers, moontlik die luidste en uitkenbaarste. Dit is die enigste Dag uit die Ou Dispensasie wat met die klank van trompet aangedui, ingelui en uitgelei was. Dit is die enigste Dag uit die Nuwe Skepping wat met die klank van die sewende basuin die Opstanding en Dag aankondig – en die Kerk daar aandui.

Daarom moet ek hier onderbreek om te kan verwys na Theron se skrywe aan my waar hy protesteer: “My beswaar is egter teen die opvatting dat ons nog steeds moet vashou aan die Sabbat of dit nou al Saterdag of Sondag (of Dinsdag) is. ... Ek

wonder net of u genoeg erns maak met die feit dat as vervuller van die Wet, is Christus ook die einde van die wet (Rom 10:4). Dit geld ook die 4de gebod. Daarmee kry die 4e gebod pas sy ware diepe eskatologiese betekenis want Christus is die Eskatos. ... Wanneer ons vandag na die Sondag sou verwys as “Die Dag van die Here” dan is dit omdat die gemeente op daardie dag saamkom en nie andersom nie. ...”

Sou Theron nie die teenstrydigheid in sy eie beredenering opgemerk het nie? Wat is die “ware diepe eskatologiese betekenis” van die Vierde Gebod anders as “die feit dat as vervuller van die Wet, is Christus ook die einde van die wet”? Met Christus as die einde van die Wet tree Hy self na vore as die Wet en daarmee kry die 4e gebod pas sy ware diepe eskatologiese betekenis want Christus is die Eskatos. Die 4e gebod kry pas sy ware en diepe eskatologiese betekenis daarmee dat Christus deur opstanding uit die dode as die Eskatos na vore tree. En ons word vergun om dieselfde te getuig maar net met daadwerklike navolging – nie net met woorde nie. In die Christelike geloof is God die spreker en ons die hoorders – gehoorsame hoorders hopelik. Christus as die Eskatos is die EERSTE “ingewing” van die Gebod – “Die Eerste en die Laaste” “ingewing” van alle “Gebod”. Hý as Eschatos is die “Werk van God” – nie bloot sy skeppingswerk nie, maar sy herskeppingswerk – sy Godswerk voltooid, volbrag en volmaak! Nóú kry die Sabbat sy ware en diepe eskatologiese betekenis van vrede en eenheid by en in en deur die Godswerk van God van Verlosser te wees deur opstanding uit die dode van Jesus Christus en deur uitstorting van die Heilige Gees, deur die Godswerk van Kerk-skepping en Kerk-wéés – van Kerk-Dág-skepping om Kerk te kán wees. Hoe sal die Kerk Kerk wees sonder die Ware diepe eskatologiese betekenis en voorsiening van God in Christus Jesus van alles in die behoefte van die Kerk om Kerk te wees? Die Sabbat as sodanig hou juis die belofte van die Kerk in die tóékoms in! Daarom: ... Wanneer ons vandag na die Sabbat sou verwys as “Die Dag van die Here” dan is dit omdat die gemeente op daardie dag saamkom inderdaad. Wanneer ons vandag na die Gemeente sou verwys as “Die Liggaam van die Here” dan is dit omdat die Gemeente “op die Dag van die Here” saamkom inderdaad – presies soos Johannes op Patmos die Kerk was omdat hy “op die Dag van die Here, in die Gees (van aanbidding) was” en presies soos die profeet die verhouding of “relasie” gesien het: “My Sabbatte sal teken wees tussen MY

en julle dat EK-IS-JULLE-MAGTIGE en . . . julle sal my Volk wees”.

Wanneer ons daarom vandag na die Sondag sou verwys as “Die Dag van die Here” dan is dit omdat die Gemeente op daardie dag verkeerdelik, somtyds uit eerlike onkunde, somtyds uit luie onkunde, maar meesal uit eiewilligheid saamkom.

Die Ekklesia is kosmies-eskatologiese teken van die Eenheid en Vrede, sê ons met wrange ironie. Maar dit kan die blydschap daarvan dat die Ekklesia wáárlík kosmies-eskatologiese teken van die Eenheid en Vrede is, nie oorwin nie. Want die Sabbat – **Gods rusdag** – is kosmies-eskatologiese teken van die Ekklesia en daarom óók teken van die Eenheid en Vrede – van “die rus van God” – volgens Hebreërs 4, waar die Kérk, “Volk van God”, **ís**, en “n onderhouding van die Sabbat oorbly” as teken van die waargtigheid van God. Want, die Eschatos is “Hy wat in sy rus ingegaan het, soos Gód van sy eie werke”: Jesus Christus die Here!

Maar ek ontken gladnie, en kan nie genoeg onderskryf wat Theron in beginsel uitspel nie, “Wanneer ons vandag na die Aanbiddingsdag sou verwys as “Die Dag van die Here” dan is dit omdat die gemeente op daardie dag saamkom en nie andersom nie.” Dit mag egter nooit vergeet word nie dat die aanbiddingsdag voor enigiets anders, “Die Dag van die Here” deur nóg menslike, nóg Kerklike toedoen geword het en is, maar deur Godsdaad en Godstrou en Godsmag – deur die Verbondstroue God. Dit is immers “Die Dag van die Here”! Om te sê dit is “die Dag wat die Here gemaak het” is om te sê die Volk van die Here aanbid “op Die Dag **van die Here**” want hierdie **Volk** is “die **maaksel van u hande**”. God rus van “**al** die werke van God” – nie van dit of dat **van** die werke van God nie. Die Sewende Dag praat van die “voltooiing”, van volbragte, rustende “eenheid” en “vrede” van die skepping van God in die **Eschatos!**

Die Sabbat het **vóór** die oomblik in tyd van die Godsdaad in Christus in opstanding uit die dood – wat die oomblik van skepping van die Nuwe Skepping die Gemeente is – geen geldigheid, geen wesenlikheid, geen doel en geen diensbaarheid meer nie. Die skeppingsinstelling sowel as die wetsinstelling van die Sabbatdag leef vanuit **hierdie** oomblik in die lewe en oorwinning van **God, in God**, onder die mense. Wanneer ons vandag as die Christus-Gemeenskap na “Die Dag

van die Here” verwys dan is dit omdat Gód in Christus klaargemaak het én begin het wat die Skeppingsverhaal en die Uittogverhaal vertel God tóé al gedoen hét: ‘eskatologies’ gedoen en ‘eskatologies’ “geskep” en “voltooi” hét, die Gemeente. “Dit is van die Here” en uit Hom, deur Hom, in Hom en tot Hom is alle dinge, geskape, voltooi, behoue. Dis hoe die Sabbat vandag nog en vandag eers, “geld vir die Volk van God” die Gemeente.

Daarom, *Wanneer ons vandag na die Sabbat sou verwys as “Die Dag van die Here” dan is dit omdat Hy op hierdie dag en op geen ander dag nie, “Here van die Sabbat” deur opstanding uit die dode geword het, en omdat die Sabbat, as gevolg van hierdie Godsvoltooiingsdaad “die Dag van die Here”, gewórd het, “Sabbat”, “gemáák” is. Daarom, kom die Gemeente op die Dag van die Here saam – nie eiewillig nie, maar vervolgens en volgens die Profetiese Woord en Belofte van die Heilige Gees – “volgens die Skrifte” op die dag van Hóm die Belofte-Vervulling en nie andersom nie. Die mens se werk gaan die werk van God nie voor nie – veral nie waar dit op die Aanbiddingsdag neerkom nie.*

Want, “Vandag”, as julle sý stem hoor . . . ! Die Eenheid van die Kerk as profetiese of eskatologiese Vrede het aangebreek, is bereik en het ingebreek in die gang van verskeurdheid, eindeloosheid, doelloosheid en ang. Christus Jesus deur Opstanding uit die dode staan seëfierend tronende oor afgronde en afgryse: Vredevors!

Praat ons van die Sabbat, praat ons Nuwe-Testament taal. Ongelukkig sit ons die Volk, die taal van die vreemdeling aan, en ken ons ewe skielike nie die taal van die Evangelie nie, en weier om dit te praat of te hoor wanneer ons in sekere geselskap kom. Maar Nehemia het die Volk aan die baard gepluk en sleg gesê omdat hulle die kommersiële lingua franca op die Sabbat gegóói het. Die Sabbat was waardeloos – het in die pad van WINS gestaan. Vandag nog vir die Kerk is die Sabbat waardeloos, ontvlees tot ’n wettiese Joodse reliëk. Want die naam van die Sabbat, dit waarin die volle betekenis van die Sabbat bevat word, “die Dag van die Here”, is verruil vir ’n sonskyn lewe. En dit werk! *Vir die doeltreffende funksionering van die Kerk in die wêreld is hieroor geen twyfel nie.*

Inderdaad sou die Sabbat en die onderhouding van die Sabbat die einde van alle *ekumeniese* suksesse wat die Kerk tot dusver bereik het, beteken het. Meer nog, die Sabbat, sy lering en sy onderhouding sou beteken die miskenning van ons

wonderlike Christelike prestasies tot op hede op die weg na ‘die evangelie van vrede’ in terme van Kerk-eenheid en die oorkoming van “*die pynlike verskeurdheid binne die Christendom*”. Die Sabbat sou ’n “*enorme sruikelblok ervaar in die weg van diensbaarheid aan die wêreld*” geword het. Die Sabbat sou so ’n “*verlamme neutraliserende effek op die boodskap*” meebring en so “*’n beeld van onwaardigheid*” geskep het dat dit so nimmer as te nooit soveel as genoem sal word in die sale van “*die ekumeniese beweging*” en “*die sending*” – of net maar in die gange van alledaagse lewenswandel. Ons is darem ’n bietjie op ’n ander geestelike vlak, sien. Hier het die Sabbat sinoniem geword met “*die belemmering van die verskeurdheid (wat) op besonder pynlike wyse ervaar word*”. Mens kan dit nooit van die Kerk verwag om erns te maak met die Sabbat nie. Dit sou eenvoudig te veel gevra wees en totaal teenproduktief. Die teenproduktief is eintlik die ding. Wat word van die vordering wat ons darem al gemaak het, die wedersydse erkenning en respek, die getalle bohaai, die sosiale welslae en die akademiese hoogtes?

Of, sou dit wel gevra en verwag word, sou die antwoord ongetwyfeld wees: Waar kom hierdie verwaandheid vandaan wat die geloofsnoodsaaklikheid van die Sabbatdag met die geloofsnoodsaaklike lyding ter wille van Christus wil vereenselwig? Die Sabbat kom die eer van so ’n verbintenis met Jesus Christus nie toe nie!

Gevolgtlik loop die pad van eenheid van die Kerk direk teenoorgesteld die rigting en pad van die Sabbat. Wanneer die Kerk se bestaan en *funksionering* die dag *pynloos*, vreesloos, en soos ’n *eenheid vredevol* gaan verloop, sal dit die dag wees wanneer die Sabbat ‘*net verdwyn*’ het! “Aan die vorige dinge sal nie meer gedink word nie”. En die Christendom sal triomfeer in *eenheid* van en *vrede* tussen die dier, die false profeet en elke valse christus. En elke haatlike voël sal uit die agterskedelholtes van die ware Christelikeheid die laaste vesel van selfbewussyn en geheue ryg.

Die Sabbat sê daarom: Óf die pyn van verskeurdheid ónder die pyn van die Kruis; óf die einde van verskeurdheid sonder die pyn van die Kruis.

### 7.7.2.1.3.

#### Die Relasie Tussen die Kerk en die Sabbatdag

#### 7.7.2.1.3.1.

#### Die Kerk en die Sabbat as ‘Nuwe Skepping’

*“(V)eral twee beelde (in die Nuwe-Testament) is ... dogmaties benut ... om die wese van die Kerk aan te dui ... “liggaam van Christus” en “volk van God”. ... Die sentrale beeld egter is dié van die Kerk as “Nuwe Skepping”. Duideliker as in enige ander beeld kom hierin die eskatologiese karakter van die Gemeente na vore wat, in sy gerigtheid op die einde van die eeue, terselfdertyd gerig is op die eindes van die wêreld. Vandaar die kombinasie “kosmies-eskatologies” in ons titel. As gerig op die eschaton is die Kerk nie **identies** met die Koninkryk nie, maar terselfdertyd nie anders as vanuit die Koninkryk te verstaan nie. Om hierdie relasie tussen Kerk en Koninkryk nader te bepaal, word gebruik gemaak van die begrip “teken”. Ons onderwerp word in die subtitel nader afgegrens deur die kosmies-eskatologiese teken-karakter van die Kerk toe te spits op die “eenheid”. Aangesien die eenheid van die Kerk verstaan word as ‘n “profesie” van die vrede (“wholeness”) wat vir die ganse skepping in die eschaton weggelê is, sou die begrip “kosmos” ook verstaan kon word as die teendeel van die chaos.”<sup>Int. bis.1</sup>*

Die Christelike eskatologie beweeg tussen vanuit ... en gerig op – “*hierdie relasie*”. Soos die punt in sirkel om die middelpunt gaan dit “*gerig op*” en “*vanuit*” “*hierdie relasie*”: **Christus** die middelpunt van ons verlange.

Mens kan bogenoemde toepassing uit die Nuwe-Testament se beelddeskat van die Kerk feitlik net so op die Sabbat oordra, en daarvandaan aflei hoe **nou** die relasie tussen die Kerk en die Sabbatdag in die Nuwe-Testament na vore kom.

Voordat ons dit doen moet ons eers op Theron se feitlike identifisering van “*Nuwe Skepping*” en “*Koninkryk*” wys, asook op sy feitlike identifisering van “*vrede*” en “*wholeness*”. Sou ons “*vrede*” dus kon vereenselwig met die “voltooidheid” / “volheid” van God se Sabbatsdaad “in die begin”? Indien wel, sal dit baie help met die verstaan van God se daad van “voltooiing”, “beëindiging” en “rus” van die Sewende Dag, want “vrede” is juis die opsomming van die eskatologiese betekenis van God se Sabbatsdade wat afsonderlik en

gesamentlik vooruitsien op die Vredevoors en Koning van die Vrederyk.

Eskatologie in hierdie sin en vir sover dit ons interesseer, is **dit wat** in Christus Jesus verwerklik was en word, en **hoe** dit in Christus Jesus verwerklik was en word. *Gerig op die eschaton is nie die Kerk nie, maar **Christus**, identies met die Koninkryk*. Die Koninkryk is “*sentraal*”; so is Christus. Dit moet onthou word terwyl ek sê,

*Veral twee beelde in die Nuwe-Testament word dogmaties benut om die wese van die Kerk sowel as van die Sabbat aan te dui ... “Liggaam van Christus” en “Volk van God”. Sonder die Kerk maak die Sabbat Nuwe-Testamenties geen sin nie; sonder die Sabbat-DAG maak “Gemeenskap”, Kerk-WEES geen sin nie.*

Die PLEK van Christelike aanbidding is een-dimensioneel, naamlik tyds-dimensioneel. “Bid altyddeur”, maar “vergader” op die Dag van die Here; “Nie hier of daar” in topologiese sin nie, maar “in die **Gees** op die Dag van die Here” – in wesenssin. *Die sentrale beeld daarom is dié van die Kerk MET sy Aanbiddingsdag as “Nuwe Skepping”. Duideliker as in enige ander beeld kom hierin die eskatologiese karakter van die Gemeente onafskeibaar van die **Sabbat** na vore wat, in sy gerigtheid op die einde van die eeue, gerig is op die eindes van die wêreld, maar wat terselfdertyd heeltyd en in die eerste en laaste plek gerig is op Jesus Christus as die einde van die eeue en van die kosmos. Abraham het die dag van **Christus** gesien en hom verheug. Hy het na die einde van die eeue gekyk en Christus daar gesien, want hy het die Vrederyk, die Koning van die Eeue en die Sabbat van God, daar gesien.*

Feitlik elke veronderstelling wat omtrent die Kerk gedoen kan word, moet noodwendig ook van die Sabbat veronderstel word. *Vandaar die kombinasie “kosmies-eskatologies” in ons titel. As gerig op die eschaton is nóg die Kerk, nóg die Sabbat **identies** met die Koninkryk, maar terselfdertyd **nie anders as vanuit die Koninkryk te verstaan nie**. Gerig op die eschaton is nie die Kerk óf die Sabbat nie (Augustinus, Athanasius), maar Christus, **identies** met die Koninkryk en moet die Kerk sowel as die Sabbat **vanuit **Christus**** verstaan word. (Dit kan nie eensydig vanuit die skepping na behore geskat word nie en hoegenaamd nie vanuit daardie mistieke en on-Bybelse ‘hemel’-fase of stase van bestaan nie – waarvan ons in elk geval niks weet nie en waaromtrent die Skrif ons geen woord meedeel nie.)*



Om hierdie relasie tussen Kerk, Sabbat en Koninkryk nader te bepaal, word gebruik gemaak van die begrip “teken”. Ons onderwerp word in die subtitel nader afgegrens deur die kosmies-eskatologiese teken-karakter van beide die Kerk en die Sabbat toe te spits op die “eenheid” as “voltooing” in die Gods-“rus” – en nooit die een sonder die ander nie. Aangesien die eenheid van beide die Kerk en die Sabbat verstaan word as ’n “profesie” van die vrede (“wholeness”) wat vir die ganse skepping in die eschatos – in Christus – weggeleë is, sou die begrip “kosmos” ook verstaan kon word as die teendeel van die chaos. Die skepping veronderstel ongered of dus buite en sonder Jesus Christus is, van die begin af, nie meer skepping van God nie, maar het teruggeval in die niet of “chaos”. Die Sewende Dag Gedagte, Die Sewende Dag Woord en Daad van God “in die begin” spreek van “die Koninkryk”, “vanuit die Koninkryk”, spreek van die kosmos en Kerk vanuit Christus Jesus gesien. Die Sabbat is reeds “in die begin”, histories, “kosmies”, in en van die “Nuwe Skepping”, en is reeds “in die begin” “by God” en “met God” bekend en deur God Drie-Enig as “die Sewende Dag” “geseën” en “geheilig” in die “voltooiing” en “rus” van en deur sy Woord en Krag, Jesus Christus. Die Sabbat van die Skeppingskosmos en Skeppingsweek is in en van die Vrederyk –eskatologies in Christus Jesus aangebroke en teenwoordig – alreeds dáár by die skeppingsbegin van alles deur God. “Die hemel en die aarde sal vergaan, maar die Woord van die Here bly tot in ewigheid”. God se rus is onaantasbaar, verhewe bo verganklikheid en chaos, want God se rus is die onoortreflike mag van die sterkte van sy krag toe Hy Jesus uit die dood uit opgewek het en laat sit het aan die regterhand van die krag van God, tot hemelse sferes van heerlijkheid verhewe, en bo elke naam, want Emmanuel is sy Naam – God by ons, met ons – die koninkryk van God en van sy Heerlike, OP AARDE! . . . Dít is die DAG (aardse dag, kosmiese teken) van die Here, laat ons daarvoor juig en bly wees. Want van God het dit gekom en is wonderlik in ons oë.

Wat is julle “Godsbewyse”? vra hulle. Antwoord ons, Wat is “teken” van God anders as “EK-IS-JULLE-MAGTIGE, en julle My Volk”? Ja, die Bybel praat altyd van die Sabbat én die geloof, dus altyd van die Volk, en daarom altyd van die Koning van die Volks-Ryk Koninkryk. Wat is die Gods-tekens? Hoe sal God geken word? Daar waar sy Naam bely word: My Sabbatte is ’n teken tussen My en julle, dat EK-IS-

JULLE-GOD en julle sal my volk wees. God moet dus geken word – of liewer, God laat Hom ken, Hy bewys Hom alleen maar – in sy Volk aan sy Volk. “Die wêreld het My nie geken nie, maar julle ken My”.

*“Hierdie studie is geskryf vanuit die oortuiging dat die kerk **nie** verstaan kan word vanuit die **skepping** nie, maar vanuit die **herskepping**.”*

Die leser sal onmiddellik by die lees van hierdie (mag ek tog sê) belydenis van Theron, die presiese oortuigings-ooreenkoms opmerk. Dit is naamlik met ons benadering in Paragraaf 7.7.1 met betrekking tot die Sabbat na aanleiding van Moltmann. Waar Moltmann presies konsekwent die Sabbat probeer ‘motifeer’ aan die hand van of vanuit die oortuiging van die *skepping* en opmerklik en ondubbelsinnig (of doelbewus dubbelsinnig) wegstuur van ’n ‘*herskeppings*’-motief vir, of fundering van die Sabbat, was dit ons oogmerk om die teenoorgestelde aan te toon, naamlik *dat die Sabbat **nie** verstaan kan word vanuit die oortuiging van die **skepping** nie, maar vanuit die oortuiging van die **herskepping**.*

Van die Kerk verklaar Bavinck (aangehaal uit Theron bls. 2)

*“De Kerk is . . . naar haar diepste wezen **in een nieuwe zijnsorde ingestreden, waarbinnen al die scheidings en onderscheidingen, die in onze aardse zijnsorde zulk een machtige betekenis hebben, óf weggenomen zijn, óf zo zijn verandert en veredeld, dat ze hun storende en verbrekende kracht hebben ingeboet. Dat kan van de kerk **alleen** gezegd worden, omdat ze feitelijk **reeds** bij de nieuwe wereld behoort, omdat haar burgerschap **reeds** in de hemelen ligt.**”* (Nadruk CGE)

Na aanleiding waarvan ons van die Sabbat sal verklaar: *Die Sabbat het na diepste wese in ’n nuwe synsorde ingetree, waarbinne al die skeidings en onderskeidings – wat in ons aardse synsorde so ’n magtige betekenis het – óf weggeeneem is, óf só verander en veredel is, dat die steurende en verbrekende krag daarvan ingeboet is. Dit kan van die Sabbat gesê word, alleen omdat dit inderdaad reeds aan die nuwe wêreld **behoort**, omdat die belange daarvan reeds in die Koninkryk **belê** is.*

En ons mag byvoeg, *alleen omdat die Sabbat – op grond van, en op sterkte van die ingang van Christus Jesus in die rus van God deur opstanding uit die dood as God en Here – inderdaad **reeds** aan die nuwe wêreld behoort* en die belange

daarvan **reeds** in die Koninkryk belê is, **daarom** is die Sabbat na diepste wese in 'n nuwe synsorde ingetrede: in **die synsorde van die Koninkryk van die hemele**.

Die Sabbat alreeds 'na diepste wese in 'n nuwe synsorde ingetrede' deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, is egter steeds die Sabbat sedert die **skepping!** En die Sabbat, alreeds sedert die Uittog uit die oue, uit die *steurende en verbrekende mag* van die sonde en die dood, is Sabbat van die Nuwe Skepping! Daarom is die Sabbat **só in Christus Jesus verander en veredel dat die steurende en verbrekende krag daarvan ingeboet is.** "**Daarmee kry die 4e gebod pas sy ware diepe eskatologiese betekenis want Christus is die Eskatos.**"  
(Brief)

Waar die mens eens vir sy steuring en verbreking met vlamme swaard vir die Sabbatdag buite die feestuin en buite bereik van die boom van die lewe uitgedryf was, het hy nou deur Christus toegang ontvang en sit hy aan aan die feesmaal in die Koninkryk – die feesmaal van die ewige lewe, hereniging en vrede: die feesmaal van die Nuwe Skepping-Sabbat.

#### 7.7.2.1.3.2.

#### **Plek van Kerk-Wees As Die Nuwe Skepping**

Theron uiter die versugting na "**... geleentheid om sigbaar te maak dat die Kerk 'n vreemde (eskatologiese) werklikheid in die kosmos**" kon wees, geleentheid "**om waarlik Kerk te wees ...**"<sup>bis. 2 (Nadruk CGE)</sup>

Sou so-iets egter moontlik kon wees sônder die Séwende Dag Sabbat, Rusdag en Aanbiddingsdag, Dag van die Here, "volgens die Skrifte"? Sou die Kerk *waarlik Kerk* kon wees, *waarlik sigbare, vreemde eskatologiese werklikheid in die kosmos* sônder hierdie Dag en ja juis mét sy aanstoot? Want is dit nie hierdie dag wat daarvoor gemaak, geskep, geheilig, geseën, volmaak is en "gekom het" nie? Hierdie Dag is immers gemaak met onvergelykbare werke van God "vir Die Seun van die Mens Verlosser van Sy Volk Afgekampte Akker" – "Jesus van Nasaret" – bekend vir die plek waarvandaan Hy kom! ALTYD, die Verheerlikte Verrese Veragte en Gekruisigde; nooit, net die een of net die ander nie. Gaan sy Dag anders wees?

Sou die Kerk weereens die Bybelse Dag, Dag van die Here kon maak, dit weer kon herstel tot wat dit vir skaars twee eeue in die Kerk se hele gekiedenis – Ou én Nuwe Testament –

was? Strydpunt tussen Geregtheid en ongeregtigheid, tussen Die Regverdige en Geregtige, en die ongeregtiges en onregverdiges. Ewige irritasie tussen Jesus en Fariseërs. Eksistensiële, "*aktueel*", 'teken van weerspreking' – soos die Here so die Sabbat. Sitz im Leben – vier Evangelies tot oorloeps toe vol van die Sabbat! En dit vyftig, sewentig jaar nadat die Jode en die Romeine Hom daarvoor gekruisig het! Wat is daar aan hierdie ding dat g'n mens daarmee kan klaarkry nie? A! Want "op die Sabbat soos Sy gewoonte was"! En kort na Hom, "soos sy gewoonte op die Sabbat was", "op die Sabbat het hulle"! Het Hy, het hy, het hulle . . . op die Sabbat, op die Sabbat, op die Sabbat. G'n wonder nie! Hier is daardie "*sentrale beeld*" **in lewende lywe** – letterlik en geestelik bedoel. Hier – op die Sabbat volgens die Christelike Geskrifte – *kom die Kerk as "Nuwe Skepping", die Gemeente, duideliker as in enige ander beeld van die eskatologiese karakter daarvan na vore wat, in sy gerigtheid op die einde van die eeue, die Eskatos, Jesus die Christus self, terselfdertyd gerig is op die eindes van die wêreld.*

Hulle het Hom daarvoor gekruisig, nou die Sabbat. Hulle: "*Alles* (en almal en elkeen) *wat aan dien optocht naar het kruis niet deelneemt . . . is geen schepping, maar heidendom.*"<sup>bis. 11</sup>  
onder O. Noordmans Want hulle neem ook nie deel aan die optog na die opstanding nie! *Alles* en almal en elkeen *wat nie aan die optog na die kruis deelneem nie, is geen Christen nie, maar heidendom*, ongeloof. Jesus dra die Sabbatdag in sy kruis, en die Sabbatdag kruisig Hom, en word saam met Hom en in Hom – ja, deur Hom – aan die kruis genael. Alleen vandaar, deur en met Hom, herrys dit uit die dood en graf: nademaal "Die Dag van die Here"! Die Sabbatdag is nie skepping nie, het nie 'syn' nie, anders as in en deur en ná Jesus Christus nie.

Sou die **Kerk** dan nie sêlf weer kon word wat dit vir skaars daardie twee eeue was nie, *sigbaar die vreemde eskatologiese werklikheid in die kosmos van waarlik*, dit wil sê, Skriftuurlik en Christelik – "**aanstootlik**" – *Kerk te wees*?

Die eenheid en vrede van die Kerk en Koninkryk bestaan slegs buitekant die eenheid en vrede wat die wêreld kan bied of aangebied kan word. Die Kerk kan aan die kosmos daardie eenheid en vrede slegs binne homself aanbied, dit wil sê, eskatologies in Christus Jesus. Geen verhandelbare kommoditeit of gekompromiteerde *eenheid* of *vrede* kan geleentheid bied "*om waarlik Kerk te wees*" nie behalwe een van (oortuigings)-konflik en uitgeworpenheid. *Die Eenheid van*

die Kerk as Profesie van die eskatologiese Vrede sal alleen maar 'n vreemde en eskatologiese werklikheid in die kosmos móét wees, of sal sy roeping en bestemming – om “Ekklesia”, “**Uitverkore**”, te wees – moet opgee en prysgee. En die Sabbat sal geen geringe aandeel hieraan hê nie, watter kant toe ookal.

Theron dui aan wat hy beoog die aard van sy “*studie*” sal wees, “*Teologie wat nie aktueel is nie, is vals.*”<sup>bls. 2, Bouillard</sup> Sê hy, sy “*studie word aangebied met die minimum pretensie dat dit hoop om aktueel te wees.*” Waarom is Theron so versigtig? Want, verduidelik hy, “*die konteks*” waarbinne sy studie beslag verkry, “*is Suid-Afrika met sy verskeidenheid volke, rasse . . . kerke. Miskien is dit nêrens in die wêreld so moeilik om waarlik Kerk te wees nie . . .*”.

Nou as dit vir Theron so moeilik moet wees om “*aktuele teologie*” aan te bied, hoeveel te meer vir hierdie onderneming wat in die wye wêreld geen proposisie of opposisie ontlok nie. Wat dan maak Theron se teologie aktueel? Die opset van ’n “*verskeidenheid volke, rasse . . . kerke*”! Waar het hierdie “*pynlike verskeurdheid binne die Christendom*” vandaan gekom? Waar het die “*beeld van onwaaragtigheid*” wat die “*eenheid*” en “*vrede*” of “*heelheid*” van die Christelike geloof en gemeenskap tot só ’n verdeeldheid langs territoriale, nasionale en rasse-lyne kon opgebreek het, ontstaan? Dit sal ’n bepalende aktualiteit bly vir solank die Gemeente onthou. Maar ’n volk sonder ’n geheue is ’n volk sonder identiteit, het iemand eenkeer gesê. ’n Christendom sonder geheue daarom, is so identiteitsloos en bewussyn-loos dat die indringing van vreemde ideologië, lewensstyl en norme en ‘gebruike’, nie eers opgemerk word nie. Verdwyn die outentieke, bly ongemerk en net die vreemde oor.

Verdeeldheid onder Christene betreffende die verstaan van baie “Bybel”-sake of dogmas, laat minstens nog ’n “fundamentele” Christendom oor – die Gemeenskap van die Gelowiges bly minstens voortbestaan. Dalk sou die voortbestaan van die Christelike geloof en die Christendom nie moontlik gewees het sonder hierdie “fundamentalistiese” én, ‘biblistiese’, verdeeldheid nie. Anders as onder Roomse oorheersing gun die een die ander ‘Kerk’ vandag minstens nog lewensruimte, en as hy hom nie kan verdra nie, kan hy hom nog ignoreer. Breek die dag van vervolging weer aan sal hopelik net die een vraag gevra word: Glo jy in Jesus Christus, ja, of nee? Mag ons hemelse Vader ons hierdie verdeeldheid nogtans

vergewe!

Maar daar is ander onvergeeflike verdeeldheid wat die kern en wese van Christen-wees aantast – verdelingsfaktore by voorbeeld volgens geografiese grense, nasionaliteit en ras. Binne hierdie verdelingslyne sal Christen teen Christen die wapen opneem asof niemand Christen is nie en almal erger as die heidene wat Jesus vervloek – en dit, sonder uitsondering, om stoflike gewin!

Justinus die Martelaar was die eerste om daarin te geslaag het om die allerduidelikste skeiding tussen Christene en Jode te tref, nie op grondslag van die geloof nie maar op grond van ooreenvoudigde en eensydig-beklemtoonde onderskeiding van ras, en met die uitsluitlike doel om tydelike voordeel te trek. So ontdek Justinus toe die voorvereiste vir die sukses van sy apartheidbeleid. Justinus was die eerste Christen rassis. Hy vind uit hy kan nie behoorlik diskrimineer alvorens hy die onder die Jode én onder die Christene gemeneplaas van die Aanbiddingsdag uit die weg geruim het nie. Omdat die Sabbat ook die Joodse nasie se Aanbiddingsdag was, is dit ook nou alles wat sleg is en kry dit die blaam vir alles anders wat sleg is. Maar wie weet watter komponent die Joodse nasie vandag van die Christendom sou uitgemaak het, het Sondag nie die Sabbatdag se plek ingeneem nie? Wie weet, was dit nie vir die persoon Justinus nie sou Sondag nooit inslag gekry het onder die Sabbats-onderhoudende Christene van sy tyd nie, en sou die Judaïstiese Christendom weggekwyn het teenoor die voortreflikheid van die Evangeliese Christendom?

Want benewens die twyfelagtige eer om die eerste Christen rassis te gewees het, was Justinus boonop die eerste Christen Bybel-kritikus. Dit was presies net hier – deur Justinus se Skrif-bewimpeling – waar Sondag toe wel sy vastrapplek in die Christelike geloof verkry het, en daarmee hand aan hand mense-diskriminasie.

Dit is verdélingsfaktore wat van *teologie*, “*aktuele teologie*” maak. Weens die gebrek aan ’n aktuele en huidige Sabbats-aanstoot binne die Christendom – *die konteks* wat die Kerk aanbid is, ‘almaal’ onderhou tog Sondag\* – word *hierdie studie aangebied* sonder enige *pretensie om aktueel te wees*, die *hoop* om aktueel te wees ten spyte. Want, hierdie studie veronderstel die Sabbatdag, die leer daaromheen en die onderhouding daarvan – alles voorveronderstellings wat in die praktyk nêrens waargeneem kan word nie en dreig om die ‘*teologie*’ van hierdie studie irrelevant en “*vals*” te maak.

Niemand besef dit meer terdeë as ek nie. *Miskien is dit nêrens in die dogmatiek so moeilik om waarlik aktueel* en dus waarlik *teologie te wees* as juis met betrekking tot die Sabbats-‘vraagstuk’ nie!

Maar *miskien is daar tog nêrens ’n groter geleentheid* as wat die Sabbatdag bied, *om sigbaar te maak dat die Kerk ’n vreemde en eskatologiese aanstoot in die kosmos is nie*. Dit sal maar net weer die Heilige Gees wees wat lewe in die Sabbat sal blaas, of dit maar so-so onder die as sal laat bly gloei. God se weë is nie ons weë nie. *Indien die verskille-relativerende eenheid op hierdie plek – die Sabbatdag – desnieteenstaande duidelik sou word, sou dit waarlik nie mensewerk wees nie, maar ’n gawe van die Eskatos. Immers, “Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het”.*

(\*Aangesien net soos die Jode die Sewende Dag Adventiste en ‘Unitariese’ Sabbathouers nie glo in die Sabbat op grond van Jesus Christus in opstanding uit die dode nie maar suiwer om dieselfde rede as die Jode wat nie Christene is nie, maar Christene sou gewees het indien hulle die Sabbat sou geglo en geonderhou het vir Jesus en vir Hom in opstanding uit die dode, kan hulle nie in ag geneem word as verteenwoordigend van ’n Sabbatsaanstoot in die wêreld, of dan as ’n aktuele teologie-vriendelike konteks of milieu nie.)

“*Die konteks*” ontbreek dus vir my studie in ons huidige tydsgreep as **eksterne** voorvereiste van “*aktuele teologie*”. Tog in soverre die Skriftuurlike basis altyd *aktueel* en kontemporêr sal bly, geld *die konteks* as **interne** voorvereiste van “*aktuele teologie*” wel deeglik vir my studie – en hoop ek, sal dit my studie van valsheid en irrelevansie red.

### 7.7.2.1.3.3. **Kosmos en Eschatos – Die Relasie Tussen Skepping en Voleinding en die Sabbat**

#### 7.7.2.1.3.4.1. **Die Sabbat, ‘Skepping’**

Hoofstuk 1, bls.3,

*“Vooraf is nodig om die begrip “skepping” nader te presiseer. In die teologiese spraakgebruik word daarmee enersyds bedoel die ‘creatio’ as skeppings-daad van God “in die begin” (Gen.1:1), maar ook die ‘creatura’ as die resulterende geskape werklikheid. Dit is in laasgenoemde ruimtelike betekenis as die totaal van die geskapene, dat die woord “kosmos” in hierdie hoofstuk verstaan moet word. ...”*

Hierdie begripsonderskeiding behou in die teologiese spraakgebruik gewoonlik direkte en parallelle verband met die eerste ses dae van God se *skeppingsdaad*. Die “*ruimtelike*”, of “*resulterende geskape werklikheid*” maak die “*die totaal van die geskapene*” uit en verskaf die volle “*betekenis*” van die “*skeppings-daad van God “in die begin”*”.

Elke skeppingsdag se geskape werklikheid het geresulteer uit die gesproke Woord van God; maar op die Sesde Dag het God nie net met die Woord van sy mond “gespreek en dit was” nie, maar Hy het ook “uit die stof van die aarde geformeer, en die mens gemaak”.

Wat “voltooi” die voltooi van die **‘skepping’**: “Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre die Sesde Dag”?

En hier hou die *skeppings-daad van God* op?

So het ‘die sewentig’ gevoel toe hulle in die Grieks dit wat in die Hebreus tot die “*skeppingsdaad van God*” van die **Sewende** Dag behoort, tot die **Sesde** Dag gevoeg het: “En God het **op die Sesde Dag voltooi** sy werke wat Hy gemaak het; en het op die Sewende Dag gerus van al sy werke wat Hy gemaak het.” God se *skeppings-daad* van voltooiing hoort dus volgens die LXX tot die Sesde Dag. Volgens die Hebreus egter, behoort God se *skeppings-daad van voltooiing* tot die Sewende Dag: “En God het **op die Sewende Dag voltooi** sy werk wat Hy gemaak het”.

Was “voltooi”, dus God se okkuperende daad van rus? Behels God se totale skepping “al sy werk” – ook as skeppingswerke, al God se dade van die Sewende Dag? Hebreërs 4:4-5 konstateer “God het op die Sewende Dag van al sy werke gerus” wat veronderstel en impliseer God het ook van sy werke van die Sewende Dag gerus, of juis daardeur gerus.

“**Voltooiing** was dus: die rus, die klaarmaak, die afsondering en die betekenisgewing van die Dag, die **Sewende** Dag van kosmiese, ‘skeppings’-skepping.

Die Sewende Dag **as sodanig** was God se voltooiingsdaad van AL sy werke wat Hy tot stand gebring het. Met ander woorde: God se rus-daad was sy voltooiingsdaad – op en van die Sewende Dag. Hierdie **rus-handeling** van God het behels: Voltooiing (vervolmaking – “perfection”), heiliging en seëning = rus.

Al **sewe** skeppings-dae se Godswerke was “*ruimtelike*”, “*resulterende geskape werklikheid*” om sáám “*die totaal van die geskapene*” uit te maak en die volle “*betekenis*” van die enkele “*skeppings-daad van God “in die begin*”, te verskaf. **Tog** is die Gods-dade van die Sewende skeppings-Dag en die resulterende geskape werklikheid dáárvan, ánders as die Godsdade en resulterende totaal van die geskapene van die eerste ses skeppingsdae. Weens die nie-‘stoflike’, ‘geestelike’, ja, ‘Goddelike’ aard van die enkele kosmiese Dag se Gods-**werke**, kan die Sewende Dag en die Godswerke dáárvan, nié op dieselfde manier as die eerste ses dae en hülle Gods-werke, beoordeel word nie.

Soos Jesus dit gestel het: “Die Sabbat was vir die mens gemaak”, terwyl die mens, kan ons maar sê, ter wille van die eerste ses dae se skepping gekape was. Die hele skepping in sy versugting na die verlossing wag op die openbaarmaking van die kinders van God (die mens). Maar, “die Sabbat, (anders as die eerste ses dae) was vir die méns gemaak”: In die eerste plek vir “(hier)die Seun van die Mens”, “Here ook van die Sabbat”, en daarna, “vir (hier)die mens” die in Hóm geborgde: “die mens”. (<Wÿos tou Anthroopou> en <anthroopos>) Wat Jesus gesê het beteken nie die Sabbat is nou sommer Jan-alleman se dag om mee te maak wat hy lus het nie. Net die teendeel!

Die “*skeppingsdaad van God*” van die Sewende Dag was daarom eskatologiese en kosmiese – dit is, tydsgebonde “teken”, maar “teken” van **toekomstige Gods-werke**, die Gods-werke in en deur, en vír Christus Jesus **van** “die Dag van die Here”.

*Vooraf is dit daarom nodig om die begrip “skepping” nader te presiseer. Daarmee word enersyds bedoel die ‘creatio’ as skeppingsdaad van God “in die begin” (Gen. 1:1), wat ook behels die ‘creatura’ as die resulterende geskape werklikheid – die mens-insluitend. Dit is in laasgenoemde ruimtelike betekenis wat die totaal van die geskape ‘stoflike’ / ‘materie’ van die eerste ses dae se “skeppingsdaad van God” verstaan moet word. Die Sewende Dag volg dan tyds-ruimtelik binne dieselfde genre of katagorie van ‘creatura’ as die geresulteerde geskape werklikheid, maar verskil wesenlik en inhoudelik in sigself met sigself, insoverre elke “skeppingsdaad van God” van die Sewende Dag, nie-ruimtelik, nie-stoflik en buitengewoon en buite enige genre of katagoriseerbare val, naamlik in die bo-“natuurlike”, of ‘geestlike’ werke van die Skepper Sêlf wat – so ver as die hemel van die aarde verwyder is, so ver – verwyder is van “die ‘creatura’ as die resulterende geskape werklikheid”. Dit kom daarop neer dat in die Sewende Dag se Godsdade ons die Skepper-God vind, voorgestel en bekendgestel as Her-Skepper en Verlosser-God. So ‘lyk’ God wanneer Hy Skepper-God is: Die Verlossend-Werkende, die Herskeppende- Skeppende, die Voltooiend-Rustende, die Heiligend-Seëgende: **God die Eschatos**, dit is, wanneer Hy Skepper-God is!*

“Op die derde dag” (van die Uittog-Fees), sê Jesus, “maak ek klaar” . . . gaan vertel daardie jakkals dit”. Die *resulterende geskape werklikheid* van Jesus se “klaarmaak” bevat geen ‘stoflike’ voordele vir jakkalse nie, maar is ‘Nuwe Skeppings’-resulterende **Verlossings-werklikheid**.

“Skepping” daarom – inderdaad “*die ‘creatio’ as skeppings-daad van God “in die begin”*” – vir ons doel in hierdie Paragraaf beteken méér as net “*die ‘creatio’*” en “*die ‘creatura’*”, méér as net “*die ‘skepping’*” en “*die ‘skepsel’*” **gesamentlik**, dus méér as net die “*kosmiese*”. Dit beteken, vir sover dit die Godsdade van minstens die Sewende Dag Sabbat aanbetref, alreeds, ‘prolepties’, eskatologies, “*profeties*”, die **Verlossingsdaad** van God, die “*Nuwe Skepping*”, die “*Koninkryk*” van God in Christus Jesus.

Ons vind absolute vereenselwiging van die Gods-werk van die Sewende skeppings-Dag met “die Beloftes”, die “Verbond” en die “Erfenis” waarvan Paulus in Galasiërs 3 praat. Net so vind ons absolute vereenselwiging van die Gods-werk van die Sewende skeppings-Dag met die Tweede Persoon van die Drie-Eenheid, Jesus Christus, en met sý werke: “die

werke van My Vader”.

“Wie kan glo wat aan ons verkondig is?” Eensydig-verstandelik (“*noëties*”) of te wel steriel serebraal is ons gevolgtrekkings na aanleiding van die Godsdaad van die Sewende skeppings-Dag van die Tweede Persoon, natuurlik onmoontlik – net so onmoontlik as ons gevolgtrekking van die Godsdaad van die Eerste, of, vir dieselfde redes, van die Derde Persoon, of, vir dieselfde ‘serebrale’ redes, weereens, van God-Drie Enig. Die leser sal by Moltmann se suiwer ‘*skeppings-ontologie*’ (in ons vorige paragraaf 7.7.1) vind, dat die Godsdaad van die Tweede Persoon heeltemal by die Sabbat in Génesis ontbreek, omdat hy steriel “*noëties*” ‘rede-neer’ en die Sabbat gevolglik as strenggesproke ‘*skepping*’ – ‘kosmiese’ ‘skepping’ – sien! Die gevolg is dat hy die Derde Persoon heeltemal kunsmatig deur middel van sy “*shekina*”-idee betrek om die Drie-Enige konsep van God te voltooi.

Kosmiese ontstaan en bestaan volgens Génesis is net so ‘verkondiging’ – geloofsgoed – as wat die Evangelies by voorbeeld, verkondiging en geloofsgoed is! Begin en voortsetting van **die geloofsgoed** van kosmiese ontstaan en bestaan, is in Génesis egter so **eskatologies** teenwoordig, aktueel en durend, as wat dit **kosmies**, teenwoordig, aktueel en durend is. En God en sy dade, **as Drie-Enige**, is in Génesis net so voorverondersteld vir sy **verlossingswerk**, as vir sy **skeppingswerk**; is net so voorverondersteld van die eschatos, as van die kosmos. Volg maar net die benaderingsbeginsel déúr, om konsekwent en wetenskaplik korrek te wees, al is die metode dan noëtiese of ontologies gebaseerd. Alle taal omtrent God is uiteraard en noodwendig metafories. (Jüngel) Die oomblik wat die metode van insae en begrip ’n blik verleen op een aspek van die saak, kan dit ontologies seker wees dat die geheel van die saak nie ontbreek nie, dat metafoor van die deel, metafoor van die geheel is. Ons kan nie sê ons vind net die **skeppingsverhaal** in Génesis nie, want daardie skeppingsverhaal maak slegs deel uit van die groter geheel en word daarom die bewys van die verhaal van die eskatologiese **toekoms** van die Godsdaad van skepping, naamlik van die **verhaal van die Nuwe Skepping**. God is een en so ook sy werke. Watter metode ookal gevolg word om tot begrip en gevolgtrekking te geraak, vereis konsekwente deurvoering en veredeling – smelting en loutering – om die goud suiwer te ontgin. Daarom sal deur dieselfde wyse waarmee begrip en bewys van die ontstaan en bestaan van die **kosmiese** in Génesis

afgelei wil word, óók die begrip en bewys van die ontstaan en bestaan van die **eskatologiese**, afgelei moet word. Al twee berus op die geloof. Mens kan nie sê jy verstaan of ken die verlossing deur die geloof, maar het nie die geloof nodig om die skepping te verstaan en te ken nie. Uiteindelik sal dan wel uitgevind word, maar die een net soveel as die ander, kan alleen maar deur die gelóóf begryp, én, áángegryp word! Dis omrede hierdie geloofsvoorvereiste, die gelóóf vir die verstaan, en ás die verstaan, én die bewys, dat die eskatologiese ontstaan en bestaan nie in Génesis ontken kan of mag word nie. Eenvoudig gestel: Die geloof vereis dat mens die Verlossingsverhaal in die Skeppingsverhaal sal ontgin. Die skeppingsverhaal vertel van die skepping en voltooiing van al God se werke, dus van die ware en eie maar ook veronderstelde teenwoordigheid van “die laaste dinge”. Beide verlossing en skepping **vereis** die geloof. Waar die **geloof** die voorveronderstelling, die voorvereiste, asook die bewys van die **kosmiese** ontstaan en bestaan uitmaak, is die **geloof** die voorveronderstelling, die voorvereiste, asook die bewys, van die ontstaan en bestaan van die **eskatologiese** dinge of werke van God. Laasgenoemde temeer, daar “die geloof die bewys is van die dinge wat ons **nié, sien nie**”. Daarom sal in Génesis die eschatos ‘bewys’ wees, **alvorens** die kosmos!

‘Verstandelik’, “*noëties*”, vereis ‘wetenskaplik’ dat welke metode of voorveronderstelling aangaande God en omtrent die kosmiese skepping ookal gevolg word, dit déúrgevoer sal word, totdat ook die eskatologiese einddoel en bereiking op diesélfde prinsiepe as die kosmiese – naamlik deur die gelóóf – geglo, verstaan, geken en bewys sal wees. ‘Wetenskaplikheid’ beteken hier eerlikheid en konsekwente toepassing van basiese teologiese ontologiese metode, wat “*noëties*” sal beteken dat die eskatologiese gevolgtrekking net so afleibaar en net so vereiste is, as die kosmiese. Wat ons van die skepping sê mag en moet ons, ook van die ‘Nuwe Skepping’ sê. Trouens ons moet swyg oor die skepping vir so lank as wat ons nog nie die Gods-Woord omtrent die verlossing daarvan verneem het nie. In God in Christus (eerstens) lê albei – skepping én verlossing – al (tweedens) ‘**volbrag**’ in ‘**Génesis**’. Ons lees die Evangelie in die eerste hoofstuk van die Bybel. Ons lees die Verlossingswerk van Jesus Christus in God se rus en voltooiing op die Sewende Dag. Ons lees **die Opstanding van Jesus uit die dode in die woorde: “En op die Sewende Dag, het Gód ...”**. Die Gods-**handeling** bring *die*

*totaal van die geskape* werklikheid én, die ‘geskiedenis’, méé – hierdie Gods-gebeurtenis, bring die ‘historie’, die verlede binne in die hêde, en die hêde, binne in die verlede. Kosmiese tyd word één met Gods-tyd, en Gods-tyd word één met kosmiese tyd. (Barth het dit só uitgedruk, dat God die mens se tyd sy tyd gemaak het.)

“In die begin het God ...”, is so goed as, “In die begin was die Woord ...”. En hierdie twee ‘Woorde’ is so goed as die een ‘Woord’, “en die Woord het vlees geword”; en saam is hierdie ‘Woorde’ so goed as Efesiërs 1:18 tot 23.

Die Génesisverhaal deur sy opvolging van die eerste ses dae met die Sewende Dag handhaaf hierdie deurvoering van die essensieel-beloofde tot die essensieel-verwerklikte, die doel en die vervulling van die doel. Die heel begin van die skepping, naamlik die eerste ses skeppingsdae, hou reeds die belofte van die Sewende Dag Sabbat, eskatologies in. Die “In die begin” kosmies-geskapene wys na die “in die begin” eskatologies-geskapene, die Sewende Dag, God se Rusdag. En *die resulterende totaal van hierdie geskapene* van kosmiese én eskatologiese, word belofte, beeld en metafoor van die *Nuwe Skepping* en Gebou van God, Jesus die Christus en sy Kerk – die Hoof en sy Liggaam. Moenie vergeet van Efesiërs 1:22b en 23 nie, want dit word méér as profesie, belofte, beeld en metafoor! Dit word Kolossensiers 2:19!

“*Die God van die Skrifte is inderdaad die God van die eksodus, wat die geskiedenis voer na die eschaton ...*” Waar Theron voortgaan en vra, “*Maar dan bly die vraag tog nog: die geskiedenis (resp. eschaton) waarvan?*”,<sup>bis. 4 bo</sup> wil ons dit waag om by voorbaat te konstateer: Die *geskiedenis* én die *eschaton* van die Nuwe Skepping en Gebou van God, Jesus Christus en sy Kerk! Jesus Christus is die Uitgaan én die Ingaan in die rus van God. Hy is die Gekruisigde, die Gestorwe, én die Verrese, Verheerlikte God – Sêlf God, en só, “God met ons”, “vîr die mens”, en “in julle” en “julle in MY”, Hy die Hoof en ons die Liggaam. God se “klaarmaak” loop uit op sy Kerk langs die weg van sy Rus én Rus-DAG.

Daarom móét “*Die natuur ... as selfstandige syn ... na die ryk van die fantasie verwys word. ... Daarom is dit beter om eerder van “skepping” te praat*” as van “*natuur*”. Want ‘skepping’ het geen “*selfstandige syn*” nie, maar het “*geskiedenis*” omdat dit deur en uit God ontstaan het en deur en in Hom gedra, déúrgaan –en weer tot Hom, terugkeer. Weliswaar ‘afhanklik’, nie asof “*(d)ie verskil tussen skepping*

*en onderhouding ... só verstaan word dat terwyl eersgenoemde “uit niks” is, laasgenoemde uit die bestaande is nie*”, want “*hierdie opvatting sou neerkom op ’n vertekening van die conservatio tot ’n vlakke sustentatio na analogie van die wyse waarop ons allerlei geboue of parke onderhou*”. “*Veeleer moet ons dit só verstaan dat terwyl God deur die skepping die dinge roep wat nie bestaan nie, roep Hy “met deselfde mogenheid die dinge, die een van zijn (eie) wezen onderscheiden bestaan hebben ontvangen en nóchtans enkel en alleen uit en door en tot God zijn. De schepping geeft het zijn; de onderhouding, de volharding in het zijn*”.<sup>bis. 4 onder (H. Bavinck)</sup>

“*Daarmee word die deïsme radikaal afgewys en beklemtoon dat die skepping “geen oogenblik kan of mag beskou word as een van God onafhanklik, in zichzelf rustend zijn.*”

Daarmee word die *deïsme* eweneens radikaal afgewys en beklemtoon dat **Gód** geen oomblik kan of mag beskou word as ’n onafhanklike, in sigself rustende Syn nie, maar as die elke oomblik na die mens (en deur die mens na sy skepping) reikende, begerende en begenadigende God. Daarmee word die **verskil** aangetoon tussen *creatio* en / of *creatura* as “*skeppings-daad*” van die *natura pura* of “*resulterende (totaal van die) geskape werklikheid*” van die eerste ses skeppingsdae, en *creatio* as “*skeppings-daad*” van volhardende herskepping en her-ontvangs van syn tot die “*Nuwe Skepping*” van die Sewende Dag. “*Niks*”, “*uit niks*”, maar “alles uit God, deur God en tot God”! Die Sewende Dag beklemtoon veral die “deur” en die “tot” God; die eerste ses dae die “uit” God.

“*Alles wat is, bestaan in die geskiedenis van God met die syn*”.<sup>bis. 4mid</sup> “*... (D)ie nicht-menschliche wie die menschliche, nur ist, sofern Gott mit ihr handelt.*” (H. Benckert)

Kan ons dus konkludeer: Nie die skepping of die mens het ‘geskiedenis’ behalwe in God nie? Ek sou graag dit so wou sien en reken dit is die ‘les’ wat die Sewende Dag ons wil leer. As hy geen “*in sigself rustende syn*” het nie, dan het die skepsel sekerlik ook geen uit sigself ontspringende geskiedenis nie. Die heil van God se skepping, nes sy skepping, lê in die Godsgewilde en Godsvoltooides toekoms daarvan – in sy verlossing – in die eskatologie van die Sabbatdag, in “die Dag van die Here” – in Jesus Christus – in sy opstanding uit die dode. Die Sabbat van God is “*Geshöpflichheit in Geschichtlichkeit*”<sup>(Benckert)</sup> en die Kerk is *Nuwe Skepping in “Geschichtlichkeit*” omdat geskapenheid binne geskiedenis

alleen tog in die toegeneënde, onderhoudende, reddende en herskeppende God in Christus Jesus waar kan wees. Elke oomblik van ons skeppingsbestaan is een van die reddende en herskeppende genade en liefde van God deur Christus Jesus; die Sabbatsverhaal in die Génesis vertel hierdie feit aangaande Gód.

Ons het gesien hoe die “deïsme” binne die raamwerk van *Geshöpflichheit in Geschichtlichkeit in Nuwe Skepping* “radikaal afgewys” word . Net so sal dit onmoontlik wees om volgens hierdie strekking iets te sê te hê as ons ’n ‘Unitariese’ Gods-konsep sou moes gehandhaaf het. Vir my kan daar nie juis verskil tussen ‘deïsme’ en ‘unitarisme’ wees nie. Nou is dit so dat goed die helfte van Sabbatariër-‘christene’ vandag, ‘Unitariërs’ is, en dat dit daarom hoegenaamd nie verbaas dat hulle geen Christologiese onderlegging vir hulle Sabbatswaarneming aanwend nie. Dis maar ’n hartseer saak dié.

“Radikaal teenoor enige vorm van dosetisme, staan die belydenis van die skepping, wie God as Skepper bely, bely daarmee ook die realiteit van die geskapene”,<sup>bls.5 bo</sup> verklaar Theron. Hierdie realiteit egter, laat ons, myns insiens, “struikel oor die bevreemdende feit van die sonde wat waarlik met God’s goeie skepping niks te make het nie. Die Skepper is juis besig om sy skepping teen alle weerstand in en selfs met gebruikmaking van die weerstand, te lei na die eschaton”. ... “Uit die bevreemding wat mens by hierdie ontdekking (van die sonde, m.i.) kan oorval, kan alleen die skeppingsgeloof jou verlos, want “Schöpfung ist Verwirklichung””,<sup>bls. 5 mid</sup> “Und so”, volgens hierdie gedurige verwerkliking – deur die konstante optel en voortdra van die geskapene na die eschaton – “ist das Geschöpf Wirklichkeit”. Die geskapene word telkens werklikheid, deur deur die verlossende behouding gedra te wees en gebring te word in die rus van God in – die Eschatos, Jesus Christus. “Die Wirklichkeit Gottes selbst steht schützend über und hinter ihr. Das Geschöpf darf sein, weil Gott ist.”<sup>(Karl Barth)</sup> Die geskapene mag wees, omdat Gód is, en só God is: in en deur Jesus Christus die Skepper-Verlosser-van-sy-skepping-God. “God alleen ‘is’ in die mees eintlike sin van die woord (Ex.3:14) ...Dit gee ons ook die moed om aan die realiteit van die geskapene te glo”. (Theron, bls. 5 middel) “Wij zijn scepseel! ... Wij zijn allen uit niets in het aanzijn geroepen ...”<sup>(van Ruler)</sup> en word uit die niet in aansyn **behou**.

“‘Creatio’ beteken letterlik “verkiesing”. Die creatura bestaan by die gracie van die Creator ...”. As “Dag van die **Hére**” bestaan die Sabbat *by die gracie van die Creator* en op gronde van sy uitverkiesing alleenlik – en gryp dit die Eschatos aan, want “In Hom lewe ons en beweeg ons en is ons. (Hd.17:28)”. Uitverkore Dag van die Uitverkore Een vir die Uitverkore Volk, profetiese stuur, ‘pro-saga’ en metgesel na die Unifikasie van die Vrede-Ryk – “en God het op die Sewende Dag gerus van al sy werke wat Hy geskep het”, ja uitverkiesende, gemaak het.

#### 7.7.2.1.3.4.2. **‘Natuur’ en Eksistensie In die Sabbat Bymekaar Gebring**

“Wie mens en natuur van mekaar isoleer, is voordat hy dit besef, in teorie en praktyk, albei kwyl”, sê Theron op bls. 6. “Die gevolge van die verobjektiveerde natuurbeskouing vir die praktyk sien ons bv. in die ekologiese krisis wat vandag die mensdom se voortbestaan bedreig.”

Ons sien die gevolge in die natuur. Maar wat die mens self aanbetref sien ons die gevolge volgens Theron in die skisofreniese komplement hiervan, dat die “radikale skeiding tussen “natuur” en “eksistensie””, “die “mondige” versekulariseerde mens ... toe eindelijk so ver (?) gebring het met sy (mirabile dictu) “natuurbeheersing”, dat hy weer is waar hy as primitiewe mens begin het – natuuraanbidding!”

“As beelddraer van God, staan die mens in ’n unieke relasie tot die Skepper teenoor die (res van) die skepping [‘natuur’] Hierdie “teenoor” beteken nie egter buitekant die skepping nie. . . . Die mens is onlosmaaklik verbonde met sy medemens en die natuur waarmee meer bedoel word as dat hy in ’n relasie tot natuur en geskiedenis staan. Die mens is self ’n stuk natuur en geskiedenis. ...”

Dit bring die mens terselfdertyd onlosmaaklik verbonde met sy **Maker**, waarmee meer bedoel word as dat hy in ’n relasie tot natuur en geskiedenis staan.

Hierdie eenheids-verhouding tussen mens en natuur of (res van die) skepping mag nie as ’n selfstandigheid gewaardeer word nie want dit vind sy noodwendige en balanserende teen-kant in die verhouding tussen mens en God, wat dan ook andersom geskied, naamlik as ’n God-mens



verhouding, en nie in die rigting, mens tot God, nie. Aan hierdie kant kan nie van 'n eenheids-verhouding gepraat word nie want waar die mens en die natuur albei wél 'natuur' of 'skepping' is, is die mens en God nie albei 'God' nie. 'Natuur aanbidding' word enersyds afgewys, maar andersins net so duidelik, die verabsoluttering of dan wel aanbidding van "*die Geschichte des Einzelnen*" (met Bultmann in gedagte). Hierteenoor word 'n relasie van verlaten op, afhanklikheid van, en berusting in die Skepper-God wat ook Verlosser God is, voorop gestel.

Waar enersyds 'Natuur aanbidding' en "*deinen* (eigenen) *verantwortliche Entscheidung*"<sup>Bis. 5</sup> afgewys word – word andersyds die *apokatastasis* afgewys. (Moltmann by uitnemendheid, *Das Kommen Gottes*.) God se verhouding tot sy skepping is nie enkel onderhoudend en reddend nie, maar is ook uitverkiesende ("Ek sal jou op die hande dra sodat jy jou voet teen geen klip sal stamp nie."), sodat nie alle mense "uit genade gered", 'syn' nie, maar sommige slegs 'op grasie' 'syn'. *Verlossing verkry dus* nie "*vir die ganse Kosmos*"<sup>bis. 7 bo</sup> direkte 'positiewe' skeppende **reddings-betekenis** nie "*... maar Hy doen dit deur die oordeel heen*",<sup>bis. 10 bo</sup> "ewige arms onder!" Verlossing sowel as oordeel kom eerstens in en deur Christus tot die Kerk, en dan – nie sonder die Kerk nie – tot die skepping.

Vir party mense (of ons daarvan hou of nie) beteken die Verlossing, vergaan. "*Wat ons vraagstelling oneindig kompliseer is die vreemde feit van die sonde ...*" en Goddelike retribusie, maar daarmee saam, **God se selfs vreemder daad van begenadiging**. Dis net hier wat die mens van vandag aanstoot neem en heftig ontken: "As dit hoe jóú God is, is dit nie my God nie". So min daarom as wat die mens homself veilig in homself en van die natuur geïsoleerd kan beskou, of veilig in die natuur geborge maar van homself geskei (Hiduïsme ens.), kan hy homself verbeel dat hy buite God se vryheid en guns – Jesus Christus – sy eie gang kan gaan. Want, "*Die dood is "nicht das harmlose, neutrale, am Ende wohl gar erfreundliche Nichts, von dem der Buddhismus und alle seiner Geistesverwandten von jeher geträumt haben, aber der sehr gefährliche qualifizierte und peinliche Nichts – unserer Nichtlichkeit vor Gott.*"<sup>bis. 10 mid. K.Barth</sup>

"Onthou die Sabbatdag OMREDE GOD HET . . . !"

**Spreek aangaande die Sabbatdag is moontlik deur enkel een feit: Dat God self "aangaande die**

**Sewende dag gespreek het", en, "aldus gespreek het", naamlik "in die Seun", en, "in hierdie laaste dae", in en deur en terwille van die Seun, "tot ons gespreek het".**

Onthou die Sabbatdag omrede God **op só 'n wyse** met en tot sy skepping gehandel het dat dit alleen maar "deur die Seun" kon gewees het, **op só 'n wyse** dat Hý vir óns kom soek het en reg voor ons kom staan het. Want die Seun is terselfdertyd en in een Persoon van dieselfde wesenlikheid as beide die skepping en die Skepper. Slegs in Hom – ja selfs vir God slegs in Hóm – is dit moontlik om te rus, om klaar te maak en voldaan te kan wees, om eenheid te bereik en die vrede te sluit en te lewe. En dan slegs met en deur die eenheid en vrede van die uitverkorenes. Doseïsme word daarom afgewys, en, as van dieselfde aard en kwaadaardigheid, die 'deïsme' sowel as die 'Unitarisme', ja, ook die panteïsme en die 'Entscheidung'.

[[ Vir my is sekerlik die grootste onverklaarbaarheid en tragiek dat Unitarisme deur die eeue so dominant onder Sabbatariërs was. Dit moes verband gehou het met die Judaïstiese monoteïsme waaruit dit ontstaan het, wat dan ook die rede verskaf het vir die grootste stroming van die Christendom om hom van die Sabbat te gedistansieer het. ]]

Afgewys word al hierdie dwaalrigtings afgewys nie deur my of u nie, maar deur die werke van God se Sewende skeppings-Dag. 'Syn' en voortbestaan – '*natuur en eksistensie*' – kan nie vanuit 'skepping' as enkel die Godsdade van die eerste ses dae verstaan wil word nie; dit moet vanuit die totaliteit van die voltooidheid daarvan benader word, wat die Kerk is. M.a.w., dit kan slegs deur die gelóóf, waar, werklik en eg wees – slegs in Christus Jesus bevat word. En dit alles weer, wanneer gesien as die werke van God se Sewende skeppings-Dag. M.a.w., '*natuur en eksistensie*' moet vanuit die sentraliteit van die Gods-openbaring begryp wil word, vanuit "*die middag van die Jom Jawe*" (Klaas Schilder) en die opstanding uit die dode van die Seun van God. Natuur is dat mens nie vanuit lig in donkerte in kan sien nie; genade is dat dit die enigste manier is om te sien: "In u lig sien ons die lig".

Dit is in en op die Sabbatdag dat *die mens as beelddraer van God* in die unieke relasie as **aanbidder** tot die Skepper teenoor die (res van) die skepping staan en dat hy **korporatief** – as aanbidende **Kerk** – tot die Skepper teenoor die (res van) die skepping staan. "*Die Pauliniese voorstelling . . . van die*

*mensheid (is dié) van die mensheid as middelpunt van die Skepping van waaruit die sonde en verlossing sy betekenis vir die ganse Kosmos verkry.* Maar “*as middelpunt*” van die Skepping van waaruit die sonde en verlossing sy betekenis vir die ganse Kosmos verkry, is daardie “*mensheid*” nóg die individu, nóg die ‘natuur’, nóg die ‘mensdom’, maar eerstens hierdie “Mens” die “Nuwe Mensheid” Jesus Christus, en dan sy Liggaam die Kerk. “*As middelpunt van die Skepping van waaruit die sonde en verlossing sy betekenis vir die ganse Kosmos verkry*” **geld die Godswerke van die Sewende Dag as teenoor dié van die eerste ses skeppingsdae.**

Die Sabbatsgebod lê dan ook sentraal in die Tien Gebooe. Die Wet bring sy Gods-begrip langs die **genade-weg** tuis. In die Eerste Gebod is God die Magtige Elohim van die **Verlossing** – alle gode is nie-gode, afgode, omdat hulle nie kan **verlos** nie. ‘Natuurkennis’ daarom, begin nie by die skepping, die natuur of die rede nie, maar met en in betrokkenheid by die Gods-openbaring van die **genade** – by die “uittog”. Die skepping word alleen van buite die skepping as ‘natuur’ of ‘eksistensie’ begryp, want dit word vanuit God en Sý liefdeswerk met die mens, tuisgebring.

Die Tweede gebod sien hierdie Verlosser-God as “jaloerse” en **oordelende** God – die Onverdraagsame teenoor alle vervreemde ‘natuur’ of ‘syn’. God is sonder “gelykenis”, die Enige, juis omrede sy liefde én gestrengheid.

Enersyds as naderende (1ste) andersyds as die onttrekkende (2de) is God die Heilige. (3de Gebod) Die **ydle skepping** mag hom nie die Naam of Wese van die driemaal **Heilige God** aanmatig nie, dit nie tot op sy eie vlak afbring nie, want Hy is die jaloerse Wreker op ’n teenoor Hóm, self-verheffende skepping.

Hierdie driemaal Heilige God is **Skepper**. (Vierde Gebod) Hy, die Verlosser (1), die Enige (2) en Heilige (3) is **Aanbiddingswaardige** “Maker van hemel en aarde en alles wat daarin is”. Met die skepping of “maak” van die Sewende Dag kom God se ‘voorsienigheid’ tot reg. Hier kom God se ‘Raadsplan’ ten uitvoer. Dis waarvoor Hy alles bedoel het en geskep het – vir sy aanbidding. Daarom sal die skepping **eers by en deur die erkenning en aanbidding van God as die Skepper** verstaan word; en die sal eers by en deur die erkenning en aanbidding van God as die **Verlosser** verstaan word. Ook **eers by en in erkenning en aanbidding** kom die skepsel, die skepping en die ganse kosmos tot ware ‘syn’ en

‘reg’: **in die eenheid en vrede van die Godsryk – in die Godsrus van die Sewende Dag van die Volk.**

Die Génesisverhaal van die Sewende Dag verkondig juis dít. Die werke van die eerste ses skeppingsdae (‘natuur’ / ‘kosmos’) **word met** die werke van God van die Sewende Dag, voltooi, en die somtotaal van al **sewe** dae se werke van God – skepping én voltooiing – loop uit op die slot-som: “Daarom dan, as Jesus aan hulle die rus verskaf het, bly daar ’n onderhouding van die Sabbat oor vir die Volk van God, want Hý wat in Sy rus ingegaan het, rus inderdaad Self as (Skepper en Verlosser-)God van sy eie werke.” (Hierdie verse is die Nuwe-Testamentiese “Lied van Moses” wat met die intrede in die Beloofde Land gesing was.) “As / soos God van sy werke” – wat beteken die ‘skepping’ is deur GóD. Die ‘skepping’, die ‘natuur’, as werklikheid as ‘syn’ en as ‘eksistensie’, word eers geken en verstaan as geskape, en as geskape werke van God, en as werke van God verstaan en geken, eers in Jesus Christus. Dus, deur die geloof alleen, want: Uit die werke van God van die Sewende Dag verrys en vergestalt “*die Ekklesia as Kosmies-Eskatologiese Teken – die Eenheid van die Kerk as Profesie van die Eskatologiese Vrede*”: **die aanbiddende Kerk.**

Ek het elders vele male al op die feit gewys dat die Skeppingsverhaal van die Sewende Dag die mens (en ‘skepping’) se teenwoordigheid nie vermeld nie. Want daarin is die sondeval reeds veronderstel maar terselfdertyd ook die Voorsienigheid vir die sonde. “*In sy val sleur die mens die skepping mee*” maar in sy herstel, sleur Die Mens, die skepping ook mee, én déúr. In die mens se afwesigheid dan op die Sewende Dag van God se een skeppingsdaad, is God se **verteenwoordigende** aanwesigheid bepalend – en is **Hý die bevatting** en die ‘eenheid van die eskatologiese vrede’: is **Hý die bevatting** van elke vermelde Godsdaad van die Sewende Dag: God se rus, voltooiing, heiliging en seëning. Daarom is dít die Nuwe Mensheid wat op die Sewende Dag optree in die plase van die ou mens, wat dan die arbeid van sy bevreemde maar reeds versoende dae vanuit die Sabbat betree, wat vader en moeder eer, wat nie doodslaan nie, nie steel nie, wat nie lieg nie, nie egbreek nie, en niks meer begeer as God nie. Dit is die Kerk – dít is “die lydsaamheid van die heiliges, van hulle wat die gebooe van God en wet van die geloof van Jesus bewaar”! “Die wet is nie teen die beloftes van God nie”; die ‘natuur’ – mits versoende ‘natuur’ – nie teen die kennis van God nie, want

juis uit God vind die natuur die kennis van homself. En sonder hêrdie God, kan die geskape ‘syn’ sigself nie begryp of ken nie.

Die Mosaïese voorstelling verskil geensins met die *Pauliniese*. “Daaruit volg die onmoontlikheid om die eskatologie (resp. teologie) te laat opgaan (d.w.s. ondergaan) in ’n . . . aan die individu georiënteerde antropologie”.

“Die mens is onlosmaaklik verbonde met sy medemens” tot aanbidding van die Verlosser-Skepper deur die geloof. Nóg deur Paulus, nóg deur Moses, praat God met vreemdelinge of enkelinge, met alleenlopers ‘sonder kind of kraai in die wêreld’ en sonder God. Die liefde van God skep uit vereensaamde sondaars die Gemeenskap van die heiliges; dit, vir hulle en vir God, is die voltooiing van hulle skepping en van “al die werke van God wat Hy gemaak het”.

Die Vierde Gebod beveel dat die mens sal rus van sy werke, sodat *die mens wat die Gees as eerstelinggawe ontvang se hart mag opstyg na die eskatologiese “verlossing van ons liggaam”*. Nie van “sy liggaam” nie, maar die liggaam van die Gemeente, ‘ONS liggaam’ – die Liggaam van Christus, die Liggaam van gelowiges in “*die eenheid van die Kerk as ‘profesie’ van die eskatologiese vrede*”.

Die Skeppingsabbat spreek van die “*hoop van het mensen bestaan* (waarin) *convergeert de totale stoffelijke schepping, want ook deze wacht . . . op de bevrijding van ‘de dienstbaarheid aan de vergankelijkheid’ sodat in deze machtige visie de totale kosmos geïnkorporeerd, ingelijfd, wordt binnen de menselijke lichamelijke*.”<sup>C.A. van Peursen</sup> Dit is dan ook onmoontlik om die *resurrectio carnis* te isoleer van die verwagting van ‘n nuwe aarde. In sy val sleur die mens die skepping mee; net so deel ook die ganse skepping in die redding. Die eskatologiese verlossing beteken nie die verlossing uit die skepping nie . . . maar wel verlossing van die skepping . . .”<sup>bis. 7 mid</sup>

Die eskatologiese verlossing beteken egter ook die verlossing uit die skepping . . . en nie verlossing van die hele skepping nie. Die sonde eis wel sy tol en God laat die sonde dit wel toe.

Die posisie en samestelling van die Sabbatdag aan die einde van die Skepping beteken dat die enigste aspek wat die Sabbat met ‘die vorige dinge’ van die ‘stoflikheid’ van die eerste ses dae in gemeen het, die **geskiedenis** is van die kosmiese, ‘astrologiese’, ruimte en tyd. Elke Sewende Dag – as

die presies-wederkerende Sewende Dag – is as die Sabbat – “Rusdag” – dié teken van alle geskape dinge se gedurige voortbestaan uit die eerste dan wel dieselfde niks waaruit God alle dinge geskape het en waaruit Hy dit laat bly voortbestaan. Die Sewende Dag as laáste Dag van God se één skeppings-en-onderhoudings-daad – uit die niks – staan **heel eerste in die toekoms van die as ‘natuur’ én mens, volbragte, skepping van God**. Die ganse skepping is ‘eksistensie’: genade. Die ganse skepping is teken van die Eschatos, maar die Sewende Dag alleen is **geheel en al**, teken van die Eschatos.

“Eskatologie” beteken vir my net een ding: Om op Christus Jesus te wys. “Eskatologie” hou verband met die toekoms slegs in soverre die toekoms “Christologie” is, sodat die toekoms en “eskatologie” selfs kan beteken om terug te kyk. Maar al kyk die mens terug op Christus, is die ‘Heerlike’ toekoms dit wat hy in “Hóm aanskou hêf en met sy hande gevat hêf”: daardie Werklikheid wat die voorwerp en ook onderwerp van die Christen se geloof en sekere verwagting is – daardie Werklikheid waarna “ek ook gryp omdat ek deur Hom gegryp is”.

Christus is geen mentale projeksie, Hy is ook nie maar net ’n stuk van die geskiedenis self nie, maar is die Geskiedenis, en die Een op Wie alle geskiedenis wag. In Hom is “*die onlosmaaklike verbondenheid van mens en natuur*”, want “*beide mens en natuur . . . is skepping*” – ‘skepping’ wat sónder Christus, geen ‘verbondenheid’ sou gehad het nie. Die wêreld bestaan voort in *verbondenheid* aan die verwagting van die komende God.

Preterisme word afgewys as valse geloof omdat die komende God die Wederkomende is. Geloof is die bevatting van die hoop maar hoop is ook die bevatting van die geloof, want ons het te doen met die resulterende werklikhede van geskiedenis – van geskiedenis wat slegs bestaan as verlore geskiedenis. Daarom sal Christus wêér kom – van Sy kant af, weer kom, met trompetgesal en soos die weerlig skielik en sigbaar en die dode sal opstaan. Die Christen behou kontak met die werklikheid – hy lewe nie in ’n droomwêreld nie al lewe hy in die Koninkryk. Dit is juis die mees besondere kenmerk van die Christen se God, dat Hy met sy geskape werklikheid op tasbare en ‘aardse’ wyse in geskape werklikheid, bemoeienis maak. Nog nooit was die ware Christelike geloof anders nie, behalwe in die ketterse dwalinge. Hy wat sê die Christus het nie in die vlees gekom nie, is die anti-chris, of dit nou in die vlees

van die Heilige Gees uit die maagd Maria gebore is, en of dit nou in die vlees uit die dode verrese is, en of dit “net so weer” uit die hemele is. God het die hemel en die aarde en alles daarin geskape, wat die sin aan die Christelike vertrou en hoop gee. Miskien is dit die ding wat aan die sonde sinnigheid gee, dat God met óns – werklike liggaamlike geskape wesens – werk maak, ’n werklikheid so eg die sonde laat jou dit nooit vergeet nie! Dis met hierdie mens en met hierdie skepping, met hierdie sondige wêreld, wat God in en deur Jesus Christus “in alle opsigte, behalwe die sonde”, gelyk geword het. Dis die werklikheid waaraan die sonde herinner, jou nooit laat ontkom nie, tot op die jongste dag. Daarom kan die dag van Jesus se wederkoms nie ontken word nie, want sy wederkoms, op grond van sy vleeswording, dood en opstanding, is finale bevestiging van die werklikheid van die geskape werklikheid wat sondige werklikheid is en sal wees tot dié dag toe. God het die Sewende Dag en sy werke daarop, tot die eerste ses dae en hul skepping, bygevoeg. Daarin lê *diepe verbande*. Die Sabbat sal nooit ophou om gevier te word nie, nie eers as die sonde nie meer is nie, want ons gaan nog ontdek ons is die werklike skepping van God – sy eintlike en bedoelde skepping – sonder sonde. Die preterisme kan dié saak nie uitwerk nie – om klaarblyklike rede: dit verwerp God se uiteindelijke klaarspel met die sonde in die werklikheid van sy skepping – met sy wederkoms.

*“Dit is dan ook onmoontlik om die resurrectio carnis te isoleer van die verwagting van ’n nuwe aarde” . . . want die opstanding van en in die vlees wag op Sý opstanding uit die dood, sodat in hierdie magtige visie, die totale kosmos geïnkorporeerd en ingelyf is binne die menslike liggaamlikheid van die Opgestane Mens: ‘eskatologies’ “as Eersteling, Christus”. Verkondig die Sewende Dag Sabbat, “die Dag van die **Here**”: Die skepping is dié **deur die verlossing voltooid** Skepping en Nuwe Mensheid! Wie reken hy ken en begryp ‘eksistensie’, ‘skepping’, ‘natuur’ nog voordat hy hierdie “Dag van die Here” in berekening gebring het, verbeel hom, want ‘eksistensie’, ‘skepping’, ‘natuur’ kan slegs geken en begryp word vanuit die oop punt van die Verlossing en die aanbidding van die Verlosser-God, en die tyd daarvan, slegs vanuit die Dag van die Here. ‘Skepping’, ‘natuur’ en ‘eksistensie’, kan slegs van ‘Bo’ af, en nie van ‘onder’ af nie, geken en begryp word. Skepping en Skepper is *onlosmaaklik verbonde* “in Hom”. Skepping en verlossing is *onlosmaaklik verbonde* “in die*

Sewende Dag”. “Deur die geloof” <πιστεει> “weet ons” <vooumen> (“noëties”): “die wêreld <τους αιωνας> is vervolmaak” <κατεστηθη> “deur die Woord van God” <ρεεματι Θεου>, Hb.11:3.

*“Die noëtiese onmoontlikheid om die Skepper vanuit die skepping te leer ken, mag ons tog nie blind maak vir die ontiese werklikheid van die skepping nie.” (Hb.4:9) Dit, die noëtiese onmoontlikheid, is trouens die **enigste manier** – die enigste gelóofs-moontlikheid – om die ontiese werklikheid van die skepping **waar te neem!***

Die Kerk bestaan egter nóg in ’n fisiese, nóg in ’n metafisiese vakuum, en die Sabbat is deur die Gemeente ontiese sowel as noëtiese werklikheid by uitstek tot die kennis van God. “*Om die Skepper vanuit die skepping te leer ken*” is die Sabbat soos die Kerk nie maar net praktiese en nuttige instrument nie, maar in die Skrifte die eerste voorveronderstelling, die eerste vooropstelling, en die eerste voorvereiste want dit is ’n teken van die Kennis van die Skepper, die Verlosser: “*van die Eenheid van die eskatologiese Vrede*”. Sonder of anders as deur die geloof sal die skepping, die Sabbat of die Kerk, so veel, of, so min, as die Skepper self verstaan of geken kan word.

Die kosmies-eskatologiese wesenlikheid en verwesenliking van die Kerk, loop op die Sabbatdag uit, en op die Kerk se onderhouding van die Sabbatdag, as “Gemeente van Christus”. Hier is die tasbare en lewende en handelende “bewys van God”. Die Kerk deur mee-lewing en mededeelgenootskap aan “die Dag wat die **Here** gemaak het” – dáár is die Sabbatdag, dáár beweeg die kennis van God. Dit is die Sewende skeppings-Dag se ou naam – sy naam “in die begin” – waar en nuut gemaak in Christus. **Hier, gebéúr** Die Liggaam van Christus want hier **gebéúr** kennis van God! **Hier, gebéúr** “Die Sewende Dag”: in en deur die Seun, in en deur die Christus-gebeurtenis, en en deur Liggaam van Christus. Dit is die Nuwe-Testament gelowiges wat die Sabbat die eerste en die eerste keer ontvang het. “Vandag, as julle sy stem hoor!” is mos “Die Dag van die Here” dan nie? Waarlik, die Christen-Volk hou mos die Sabbat nie omrede voorskrif en gebod nie, maar om Christus onwil!

“Ek sal Hom gee om in die ruimte te wandel” is die Vader se belofte aan die Seun “in Wie (Hy) ’n welbehag het”. (Later oor die Messiaanse Skrif-tipe van Jesaja 58, D.V.) In die

Seun rus Gód, voltooi Gód, is Gód geheiligd, is Gód geseënd. Met hierdie rykdom belaaie God die Sabbatdag. (Vanuit die steriele, ‘reine-eenheids’ Godskonsep wat net so ’n steriele, ‘reine’ Wets-konsep voorveronderstel, kan die Sabbat tot in die sewende hemel besing en verheerlik word, dan het dit nog nie die eerste trappie vanwaar die Drie-Enige Godskonsep met sy kruis- en opstandings-Sabbats-beskouing vertrek, betree nie.)

Die Sabbat en die rus, voltooiing, heiliging en seëning daarop, is nie van die Sabbat of die Sabbat se eie nie (het ons gesê), maar wys op die komende God in en deur Jesus die Christus van God “die Gewer van elke goeie gawe”. Die Sabbat is teken van hierdie Gêwer – Sy in diens geneemde. Ons onhandigheid om selfs onties die Skepper te ken, verhoed nog nie God se vermoë om ons Hom te láát ken nie. Ons kennis van die Skepper gebeur dus as ’n kennis van óns Skepper – as ons Máker van so groot geneetheid en mededoë; as ons Vader. Niemand, selfs nie onself nie, kan noëties óntken dat ons God ken, of dat ons deur Hom geken word nie, .“want uit genade is julle gered, dit nie uit julleself nie – dit is die gawe van God”, want, dit is “deur die geloof”. Dit is net ons *noëtiese onvermoë* wat hierdie Gods-vermoë om Hom te laat ken, kan begryp! Daarom sê God, is die Sabbat “’n teken tussen My en julle, **dat julle kán weet:** EK-IS-JULLE-MAGTIGE” – Jawe Elohim. Dit is as’t ware asof God self hier die voorveronderstelling maak, asof Hy deur sy Spreke met sy skepsel, sképpend optree, en sy skepsel núú begiftig met kennis- en verstaan-vermoë. “Ken My Naam!” Laat die Sabbat julle MY NAAM leer – dis waar kennis-krag lê! Die Wet is ons leermeester tot Christus. Die Sabbat sal julle van My leer. Fariseers, Hoor! Die Sabbat leer julle van Jesus die Christus. Niemand kom na die Vader tensy die Seun hom trek nie; hoe praat ons dan asof dit die wet is wat ons dring? Gód spreek, en die liefde van Christus, dring ons! Laat die Sabbat vir julle die teken wees van die Seun van die Mens die Jesus van God. So nie, vergeefs dien julle My met leringe wat die wette van mense is. (Dit was ’n bestraffing gemik teen die Fariseers wat Sabbathouers was. Die mense-leringe hier bedoel is nie Sondag-dogma nie maar is die óngeloofs-eie van die wáán-sinnige.) Want die wet is nie teen die Beloftes van God nie. Wanneer die Belofte waar geword het, staan die Wet terug vir Hom en tot sy nederigste diens – hy opponeer Hom nie, maar gaan staan onder die teken van die Liefde van God. Daarom, Niks werd julle sabbatte! Verwyder julle sabbatte voor my aangesig, spreek die Here. Want waar is

die Liefde van God in julle Sabbatte? **Waar is Jesus Christus in julle Sabbatte?** Waar is Gód? “My volk gaan ten gronde weens ’n gebrek aan kennis” – ’n gebrek aan die kennis van homself, van die skepping, van die genade, van God.

’n Volk van God sonder die kennis van God, of ’n Christendom sonder die Here, Christus Jesus en sy Heerskap, is tog by voorbaat onmoontlik. Daarom sal daar nooit so-iets wees as ’n Christendom wat nie as die eenheid van Die Liggaam “op die Dag van die Here in die Gees” aanbidde voor die aangesig van God sal verskyn nie. Dit is waar sy verstaan gebore word, en sy kennis grootword. Daarom ’n Volk van God sonder “’n onderhouding van die Sabbatdag”? Of sal die Volk tot ’n futlose “*statiëse*” ‘syn’ verval het: “In die wêreld” só “van die wêreld” nouliks een uur ‘een dag uit sewe dae’ sy korban vir die ontagting en veragting van “die Here se Dag” – die Dag wat Hom toekom, aan Hom behoort, die Heerlike Dag geensins allemansdag maar vir die kennis van God.

Waar daar Volk van God is, is daar viering van die Sabbatdag – ’n ware Volksfees – ontiese aanduiding van God se uitverkiesende genade en **sekere teken van ons plek in die wêreld!**

**7.7.2.1.3.4.3.**  
**Die Eschatos –**  
**Creatio én Nova Creatio**

**7.7.2.1.3.4.3.1.**  
**‘Skepping’ en Sonde die Sabbat Ten Opsigte**  
**Génesis tot Gólgota**

Par. 1, 4, bls. 7, *“Is die eschatos te tipeer as nova creatio of re-creatio? Wat ons vraagstelling oneindig kompliseer is die vreemde feit van die sonde, want die werklikheid wat ons ken, is die gebroke werklikheid wat staan onder die oordeel van God. Die relasie tussen skepping en sonde kan nie ontduik word, wanneer dit gaan om die relasie tussen kosmos en eschaton nie.”*

In die Génesis-verhaal word hierdie verhouding duidelik verrekken. Die eerste skeppingsverhaal vermeld geen sondeval nie. Die sondeval word met die tweede skeppingsverhaal verbind, en hierdie verhaal weer, word met die eerste verbind deur middel van die Sabbats-skeppings-geskiedenis. Aangesien daar nie twee skeppings plaasgevind het nie, moet altwee skeppingsverhale van dieselfde skepping vertel – net vanuit verskillende oogpunte. Daar die sondeval in die tweede skeppingsverhaal beskryf word, moet afgelei word dat die eerste verhaal dit ook in gedagte sal hê. Dis die twee kante van die munt: Die eerste storie is die ‘kop’; die tweede storie die ‘stert’. Die ‘stert’-kant het die prentjie van die boom en die slang op; die ‘kop’-kant het die prentjie van die Sabbat op. Dan volg dit dat die Sabbat die skakel in *die relasie tussen skepping en sonde* voorsien, sodat dit die skakel vorm in *die relasie tussen kosmos en eschaton*. Die Sabbat is van tweërlei aard – dit het te doen met die sondelose skepping, maar ook met die sondige skepping; dit hoort tot die ‘kosmos’, maar dit hoort ook tot die ‘eschatos’; dit staan ná die ses skeppings-dae as “die Sewende Dag die Sabbat van die Here jou God”, en éérste dag “gemaak (net) vir die mens”. ‘Geskiedenis’ begin eers hier. Suiwere skepping was nog nie geskiedenis nie; eers waar God met die mens met betrekking tot die sonde begin handel – in en deur Jesus Christus met die mens begin handel – breek die geskiedenis aan.

*Die relasie tussen skepping en sonde is die relasie tussen kosmos en eschaton, tussen begin en einde. “Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd.” “Hoe talryk is U werke, o HERE; U het hulle almal met wysheid gemaak; die aarde is vol van U skepsele! ... Hulle almal wag op U ...”. Dit is ’n relasie van afwagting van die Eskatos – van Verlossing. Die Verlossing verlos van die sonde: Dán gaan God sy rus in.*

*“Die sonde ‘is’ nie, soos die skepping is nie, en tog mag nie gesê word die sonde is nie.”<sup>J.A. Heyns</sup> “Anders as die syn van die creatura wat rus in die Creator wat in die mees eintlike sin van die woord **is**, en daarom ook by magte is om die aansyn aan die skepping te gee, is dit onmoontlik om die sonde op enige wyse in die Skepper te fundeer”.*

Volgens hierdie reël is dit onmoontlik om die Sabbat op enige wyse **nie** in die Skepper te fundeer nie. Want die syn van die Sewende Dag rus in die Creator wat in die mees eintlike sin van die woord die Rus **is** en daarom ook by magte is om die aansyn aan die Sabbatdag te gee as antwoord op die mens en die onrus van sy sondedaad and -aard.

*“Dit (die sonde) is geen “substansie” nie, maar ouk on. Dit is geen fisiese of metafisiese verskynsel nie, maar ’n etiese wat ontspring aan die wil.”* Daarteenoor is die Sabbat geen substansie nie, slegs die tydsduur van hierdie wederkerende dag die Sewende ‘skeppings’-Dag. Dit is geen fisiese of metafisiese verskynsel nie, maar ’n **etiese ‘verskynsel’ wat ontspring aan die wil van God**. Daarom dien die Sabbat as ’n nodigheid vir die bediening van die genadebetoning van God weens die sonde. En as dit nie weens die sonde ‘is’ nie, sou die Sabbat nutteloos wees, en weens die nuttelosheid, <ouk on> ‘nie-syn’ (bestaansloos, wese-n-loos)!

*“Die sonde is geen geskape werklikheid nie en het ook nie die realiteitskarakter om ’n neweskepping daar te stel nie.”*

Die Sabbat in antwoord hierop (nie bloot in teenstelling hiermee nie) is *geskape werklikheid* in die sin dat dit *in die Skepper gefundeer* is en ‘synde’ ’n *etiese verskynsel wat ontspring aan die wil van God*. Wel het die Sabbat ook nie die realiteitskarakter om ’n neweskepping daar te stel nie. Dit is tewens die Sewende Dag van God se sewe dae skepping “in die begin” en so ‘skepping’ as die hemel en die aarde self .... wat die sonde NIE is nie!

*“Die Bybelse teenstelling is immers nie “natuur en genade nie”, maar wel “sonde en genade”.”* (bls. 8 bo) Lees

mens die eerste skeppingsverhaal is dit egter nie só maklik gesê nie, want dáár – oënskynlik! – val geen teenstelling of onderbreking tussen ‘natuur’ of ‘skepping’, en ‘genade’, op nie. In teendeel, ‘genade’ doen hom dáár voor as ‘skepping’ in die vorm van die Sewende Dag! Maar, God se daade of werke wat die Sewende Dag “máák” wat dit is, naamlik sy Rusdag – “Sabbat” – voorveronderstel voltooiing téén die bedreiging van die niet in, stel ten doel heiliging die ontheiliging desnieteenstaande, verwagting van die sêning die onverdienslikheid ongeag, en rus, juis weens die onrus. Dit beteken genade is God se antwoord op die mens se weerspreking en weerstandigheid. Tussen die verhale van die Sesde en Sewende Dag – tussen Génesis 1 en 2, lê Génesis 3, die verhaal van die val! *Die Bybelse teenstelling is dan uiteindelik tog wél nie “natuur en genade nie”, maar “sonde en genade”*. Hierdie waarheid is alreeds afleibaar uit die “Begin”-verhale van die Bybel, want dit toon aan die Sabbat as kosmies-eskatologiese teken van die Kerk as profesie van die Eskatologiese Eenheid en Vrede. En ja, “die eenheid van die Kerk” is hîer te bespeur as ‘profesie’ van die eskatologiese Vrede, in die solidariteit van alle mense in die gevallenheid en verlorenheid maar ook in die sekere genadebetonings van God aan Dawid en aan die Huis van Dawid. “As Hy soveel later (na die skepping, vers 4) deur Dawid spreek soos (daar) gesê is: Vandag, as julle sy stem hoor, moenie julle hart verhard nie!” (Hb.4:7) Die prediker in hierdie ‘preek’ veronderstel duidelik die sondeval voor die instelling van die Sabbatdag – of liever – nog voor die Sabbat aangebreek het daar by die skepping, of nog voor God die Sewende Dag “gemaak” het. Die Sabbat staan dus in direkte relasie tot die sonde en die sondeval. Dit sou daardie relasie deurgaans bly behou. “Sodat, as Jesus eens aan hulle rus gegee het, daar ’n onderhouding van die Sabbatdag vir die Volk van God sou oorbly, en Hy van geen ander dag daarna sou spreek nie, want Hy wat in Sy rus ingegaan het, rus ook Self van sy werke, soos Gód van sy eie!” Natuurlik is my woordorde ’n afwyking van die Grieks, want dit gee die Griekse betekenis soveel beter. Want die Bybelse assosiasie is nóg minder “natuur en genade”, maar wel “sonde en genade”.

Die geskiedenis loop nie reguit vanuit die skepping in die Rus in nie – tussenin was daar eers hierdie “prinsipieel onverklaarbare”. <sup>bis. 8 mid</sup> “Wat ons vraagstelling oneindig kompliseer is die vreemde feit van die sonde, want die werklikheid wat ons ken, is die gebroke werklikheid wat staan

onder die oordeel van God.” “... (Die oorgang van skepping na voleinding (is) geen regstreekse en geleidelike oorgang nie. Die oorgang vind plaas via die kruis. ... <sup>bis. 11 mid</sup> “De schepping gaat met ons mee tot wij op Golgotha gekomen zijn ...” <sup>O.</sup>

<sup>Noordmans</sup> Gelukkig, verlossend, reddend, presies soos en waar dit onder die oordeel van God staan, staan die werklikheid wat ons ken, onder die genade van God. “Deur sy oordeel, red God die skepping. Dwarsdeur die dood hou Hy die werk van sy hande vas. “Sterven en levend gemaak word, zijn beide daden van God. ... Hij doodt ons en Hij maakt ons levend.” <sup>”A.A. van Ruler</sup> “Die herskepping is dus voluit skepping. ...” <sup>bis. 11 bo</sup> – ‘Nuwe Skepping’!

Die Sewende Dag-skeppingsdaad van God kan alleen maar in hierdie lig verstaan word. Hierdie voluit skeppingsding gaan met ons mee, neem ons mee, na die voleinding – “tot ons op Golgota gaan staan hef”. “Dit is volbring!” Hier het God “klaargemaak” en “breek die Dag van Yawe aan”. Gólgota – eskatologiese teken van die Opstanding – “En God het op die Sewende Dag voltooi” – “na die uitnemende grootheid van sy krag ... na die werking van die krag van sy sterkte toe Hy Hom uit die dode opgewek het en laat sit het aan sy regterhand in die hemele” – in één oomblik, “Sabbatstyd”! Die Christengelowige lees hierdie verhaal volledig in Génesis. Nee, nie as individu nie, maar as Kerk, Gemeente, as Liggaam, die Christus-Gelowiges.

Uit die Bybelse teenstelling tussen “sonde en genade”, en nie tussen “natuur en genade nie” “volg die uiters belangrike konsekwensie vir die eskatologie dat die individu se wedergeboorte nie sy geboorte ophef nie en dat die skepping nie “weggewerveld” word nie, maar gered word.” <sup>”8bo</sup> Die mens bly mens én hy bly sondaar-mens. “Die afwysing van die sonde as substansie beteken ... wie die sonde ... oorbring uit die etiese vlak na die fisiese, verswak juis die sonde want, “skerpe onderskeiding tussen kreatuurlike werklikheid en kwaad, maak dit (juis) moontlik om beide die goedheid van die creatura as skepping van God, vas te hou én terselfdertyd die corruptio totalis te handhaaf. Met laasgenoemde word bedoel die totaal afvallige rigting van die (goed) geskape mens coram Deo.” <sup>bis. 8 mid</sup>

Die skuld van die sonde van die wêreld lê op die bodem en met die totale verdorwenheid word bedoel “die afvallige rigting”, “die negatiewe relasie waarin die mens ... tot God staan. Die totus homo staan met sy rug na God en is daarom totus peccator”. Die vraag is hier: Op watter stadium van die

skeppingsgeskiedenis is dit die toestand? Verskaf die Génesis enige inligting omtrent hierdie mens buitekant **hierdie** skeppings-geskiedenis? Nee, nie van ‘Een Dag Uit die Lewe van Adam’, nié ’n dag van lyding onder die sonde nie! “God het die mens regop geskape”, het die wyse man verklaar, “maar hy het slim planne gehad”, en sonder verwyld daarmee voortgegaan – met sy rug op God gekeer! Tussen die Sesde en die Sewende Dag – verduidelik Génesis 3 – gebeur daar hierdie ding wat die skepping nié “ongeskonde laat nie”.<sup>9bo</sup> “So was dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. Tog het God op die Séwende Dag sý werk wat Hý gemaak het, voltooi en ... gerus.”

Hier begin miljoene vrae al klaar. “Die relasie tot God is immers nie ’n ekstra wat by die selfstandige natuur bygevoeg is maar waarsonder dit ook desnoods kan bestaan nie, maar hierdie relasie is juis bepalend vir die syn wat kragtens hierdie verhouding bestaan. ... “Der Mensch ist nicht ohne, sondern mit Gott ... die Sünde ist keine Möglichkeit, sondern die ontologische Unmöglichkeit des Menschseins. ...” K. Barth “Zonde is geen verlies van genadengaven, zoodat de geschapen mensch er noch overblijft, maar zonde raakt de schepping zelf. ... De zonde gaat dan even ver as de schepping en deze laat ons niets anders meer zien dan val. Schepping is een bijbelsch, een profetisch, een kritisch begrip. Zij geeft ons geen bodem om tegenover God te blijven staan, als wij zondigen; geen bloed, om tegenover hem te blijven leven, als wij gezondigd hebben.”  
O. Noordmans

“Dat die geskape werklikheid ten spyte van die sonde nietemin bly voortbestaan val nie vanuit die geskapene te verduidelik nie, maar enkel en allen vanuit die trou van die skepper. Ook die gevalle skepping kan God nie ontval nie. Die gevalle mens bly mens ... omdat hy nie by magte is om die relasie tot God te vernietig nie. Dit is sy redding én sy oordeel. Hierdie verhouding kan nie gebreek word nie, dit kan slegs in sy negatief omgekeer word. Dan word die (positiewe) relasie tot God, ’n (negatiewe) **konfrontasie** met God. Die wonder van Gods genade bestaan daarin dat Hy deur middel van die konfrontasie (van die kruis) weer die relasie herstel. ...”<sup>9b</sup> bls. 9/10

In die skeppingsverhaal (of verhale) word die Sewende Dag aangetref, presies in hierdie posisie en situasie. In die oomblik van God se onverwagte genadige konfrontasie bring Hy die rus aan. Dit is sy eie rus – Hy kan self rus – omdat Hy

aan die méns, “rus verskaf het”, soos die Hebreërbrief sê. Daarom, net soos wat die sonde “net so ver as die skepping gaan”, gaan die genade en die vergifnis van die sonde net so ver as die skepping. Die skeppings-week gaan nie uit (Is dit ’n anglesisme? Dan is dit een wat goed te pas kom!) voordat God toenadering gemaak het tot sy gevalle skepsel nie, en met oordelende konfrontasie die eenheid en die vrede herstel het nie – en daarmee saam die voortbestaan van mens en skepping verseker het – sy trou gehandhaaf het. Waar die sonde meer geword het (van zero tot sonde) het die genade nog meer oorvloedig geword (van ruim tot onbeperk), sê Paulus. En nie net in die onbespeurbare innerlike van die Godheid Self nie, maar in sy werke – in die praktyk. Want hier bring God uit sy genade-skat te voorskyn die Sewende Dag, vir die voltooiing van al sy werke en die bekroning daarvan met sy genade, alle teenspraak trompop! God beantwoord die noodkreet van die sterwende sondaar met sy uitkiesende redding!

Hierdie noodkreet is bykans hóórbaar in Génesis 1:27: “En God het die mens geskape na sý beeld; na die beeld van Góð het Hy hom geskape; man én vrou het Hý hulle geskape” ... wat méér het hulle nodig gehad? Kon God in gebreke gebly het? Tog onmoontlik, want Hy het die mens –altwee – self, en na sy eie gelykenis geskape en hulle vir mekaar gemaak dat hulle as een mensheid die beeld van God sou uitdra die wêreld en die toekoms in. “God het gesien wat Hy gemaak het, en dit was baie goed!” Dit is, niks minder as sondeloos nie.

Hier word geen moontlikheid geskep om die sonde *in God te fundeer* nie. “So is die hemel en die aarde voltooi”: Góð se werk. “Maar God het op die Sewende Dag sy werk voltooi wat Hy (baie goed en volbrag) gemaak het.” Blote – en sinnelose – herhaling? Nee, maar ’n Nuwe Skepping! ’n Skepping wat “voluit skepping” bly – want die eerste was baie goed! Maar dit roep om vernuwing weens die sonde! “Die relasie tot God is immers nie ’n ekstra wat by die selfstandige natuur bygevoeg is maar waarsonder dit ook desnoods kan bestaan nie, maar hierdie relasie is juis bepalend vir die syn.” Die syn staan, *kragtens hierdie verhouding*. ’n Gevalle skepping bestaan voort die sonde ten spt alleen maar *kragtens hierdie verhouding* – die Verbonds-verhouding uit die gronde van die trou van God. Wat Hy met ’n eed gesweer het: Só, sal hulle my rus nie ingaan nie, nie alvorens My kruisdood en opstanding nie! God rus daarom van al sy werke wat Hy gemaak het waar Hy op die Sewende Dag rus; Hy rus van sy



werke in die Christus, want sy rus van die Sewende Dag is profesie van die kosmies-eskatologiese eenheid en vrede. Die relasie waaruit die skepping ontstaan het, bestaan het en voortgaan om te bestaan, is die Genadeverbondsverhouding tussen God en sy Uitverkore Geslag. (Uit die nageslag van Dawid.)

*“Ook oor die sonde kan alleen gespreek word coram deo.”* Oor die sonde móét gespreek word – voor GóD naamlik. En so ver as die skepping gaan. Die skeppingsverhaal en die verhaal van die sondeval is nie twee stories nie – hulle is een. Maar dit is nie die verhaal van ’n sondige skepping nie, maar van ’n sondelose skepping wat in sonde geval het. Net so is die skepping van die eerste ses dae en die skepping van die Sewende Dag een verhaal, maar dit is nie die verhaal van ’n sondige skepping nie, maar van ’n sondelose skepping wat in sonde geval het. Die Sewende Dag staan in verhouding tot ’n sondelose skepping wat in sonde geval het en onder die teken van die Genadeverbond van God staan. *“Vanuit die trou van God moet beide kontinuïteit én diskontinuïteit ewe veel klem ontvang. ... Dwarsdeur die dood hou Hy die werk van sy hande vas.”*<sup>11 bo</sup>

Dit blyk die betekenis van die Godswerke van die Sewende Dag *kragtens hierdie verhouding* te gewees het. En daaruit blyk verder dat God *“deur sy oordeel die skepping red”* **én skep!** *“Die herskepping is dus voluit skepping.”* Die Sabbat staan oor skepping én herskepping; is kosmies sowel as eskatologies; geskiedenis sowel as profesie. In gewone verkondigingstaal: Die Sewende skeppingsdag sien vooruit op Christus en lééf vanuit Christus. Hý is Here van die Sabbat en die Sabbat is Die Dag van die Here. *“Der Schöpfer, der seinem Geschöpf und Partner, komme was da kommen mag, die Treue hält. Der sein Ja zum Leben nicht zurücknimmt, sondern gerade an der entscheidende Grenze erneut Ja zu seinem Ja sagt: Treue im Tod über den Tod hinaus!”*<sup>11 bo (H. Küng)</sup>

*“Hy kan Homself nie verloën nie.”*<sup>10 mid.</sup> Dit sê die Sewende Dag. Waar God rus, rus Hy in Homself, en in sy trou teenoor die werke van sy hande, in die gestanddoening van sy Woord en Belofte. Waar God rus, rus Hy waar alles waar geword het – nie vanself nie, maar uit en deur en tot Hom. Hy rus van sý werke – uit geen ander se vermagtinge nie. Teenspraak en aanspraak ten spyt, rus God. Finaliteit, nie addendum – agterna tussenwerpsel – nie. Hier het God klaar gehandel – ook met die sonde. Daarom rus God. Want Hy rus

in Christus Jesus. Dit sê die Sewende Dag. Hier triomfeer die lewe. Hier word God geloof. Want Christus het plaasgeneem namens Die Verlostes. Adam en Eva is by in Jesus Christus. Hulle aanbid Hom daar. En Abraham, en Moses, en Dawid, en alle geslagte in Hom geseënd. *Lewe, in die heilryke gemeenskap met God.* Hier is geen *“Gotteseinsamkeit”*, geen dood.<sup>10 Weber bls. 10 onder</sup> Hier is gemeenskap met God, “God met ons” in die Gemeente van Verlostes, die Aanbiddende Kerk, en die Sabbat van die Here jou God.

’n Sabbat buitekant die Genadeverbond, dit wil sê ’n **sondelose** staat Sabbat, is nie hierdie Sabbat, nie hierdie Sewende Dag nie! ’n Sabbat buitekant die Genadeverbond, dit wil sê ’n **herstelde** staat Sabbat – ’n Sabbat agterna ingebring – is nie hierdie Sabbat, nie hierdie Sewende Dag nie! Die Dag van die Here staan ten opsigte van die sonde want Hý staan ten opsigte van die sonde . . . en die versoening en Nuwe Skepping. Die Sabbat beteken: *“God laat nie vaar die werke van sy hande nie”*.<sup>10 onder</sup> Wat hy geskape het dra Hy al skeppende voort tot in die voleinding. Die “ewige arms onder” is nie net behoedend en behoudend nie, maar die skeppende en die déurdraende, herskeppende arm van God – *“...der Schöpfergott dem der Glaubende alles, auch das Letzte, auch der Überwindung des Todes, zutraut”*.<sup>11 bo H. Küng</sup>

(Sal daar dan nie ’n Sabbatsonderhouding vir die Volk van God op grond hiervan oorbly nie, maar ’n ander dag waarvan God nooit “só gespreek” het nie? Waar is die Kerk dan, en die Eenheid en Vrede op gronde hiervan – op grond van die feit dat *“God die werke van sy hande nie laat vaar nie”*? Daar waar ‘hulle’ Sondag Kerk toe gaan? Ek, sien ‘hulle’ ongelukkig nêrens waar ‘hulle’ op die Sabbatdag Kerk toe gaan nie, of vergis ek my met ‘hulle’ daar, of ook met ‘hulle’ hier? Kan hulle daar – op die Sabbat – dan die Kerk wees? Hoe sou óns op die Sondag die Volk wees? Is die Sabbat dan wel kosmies-eskatologiese teken van die Ekklesia? Juis! Van die Ekklesia – nie van “elkeen wat sê ‘Here, Here’ nie”. “God ken die wat syne is.” Laat ons ook hierdie vraag aan ons *Skeppergod toevertrou*, want dit is eintlik die héél *“laaste”* vraag na aanleiding van die sonde wat die Sabbat ons leer om God mee te vertrou. Hy ken ongetwyfeld ook sy *“Heilige (Dag)”*! Die hoofsaak van alles is egter: *“Auferweckung meint die reale Überwindung des Todes.”* Dit is uiteindelik wat die Kerk is – die dode mede-opgewek deur en in Hom die Hoof tot

lewende en groeiende Liggaam van Jesus Christus. “Een, groter as die tempel (én die Sabbat) is hier” die “Tekens”. Die Sabbat is nie tot dieselfde mate “teken” nie! Hy alleen, stel tevrede; Hy alleen is die Eenheid en die Vrede – selfs sonder Sabbat, self sonder sigbare Kerk. Want hierdie is ’n relasie ten opsigte van die sonde. Ons is nie instaat om die feit te ontkom nie.)

### **7.7.2.1.3.4.3.2.** **Sabbat en Heilige Gees**

*“A. Kuyper merk op dat die herskepping “niet buiten verband met de oorspronkelijke schepping in de goddelooze en gevallene wordt ingebracht, maar dat integendeel diezelfde Persoon van den Heiligen Geest, die bij de wedergeboorte de levensvonk van het eeuwig leven in zijn borst ontsteekt, reeds vantevoren de levensvonk van het bestaansleven in hem ontstoken en onderhouden had”. In die geskape werklikheid as sodanig bestaan geen aanknopingspunt vir die verlossing nie. Van aanknopingspunt is alleen sprake in die sin dat die werk van die Gees in die herskepping aansluiting vind by sy eie werk in skepping en onderhouding. ...”*<sup>bls. 13 mid</sup>

Van aanknopingspunt tussen die “oorspronklike skepping” en die “gevallene”, “is alleen sprake in die sin dat die werk van die Gees in die herskepping aansluiting vind by sy eie werk in skepping en onderhouding.” (Klem CGE)

Soek mens nou na werke eie aan die Heilige Gees in die skepping, bring die Skrif die Sabbatswerke van God na vore as synde eg “Geestelike” werke – hulle bevat geen ruimtelike inbeslagneming nie behalwe ten opsigte van ruimtelike tyd, te wete die Sewende skeppings-Dag of Sabbat-Dag. Andersins is die handeling, “voltooi” / “vervolmaak” / “eenheid”; “rus” / “vrede”; “heilig” / “uitverkies”; “seën” / “begenadig”, prerogatief ‘Goddelike’ werke – dade wat aan God Drie-Enig, enig is, en nie as sodanig bestaan as ‘skepping’ nie. Terwyl die Sewende Dag as sodanig bestaan as (suiwer) ‘skepping’ maar terselfdertyd as sodanig – ja as uitsonderlik – gekenmerk word deur hierdie (Goddelike) ‘kwaliteite’ wat nie aan die skepping self behoort nie maar binne onlosmaaklike **verhouding** met die skepping behoort, mag, en moet, die Sabbatdag as gebeurtenis in die lewe van die mens vir die mens, oorweeg word as tussenpunt minstens, tussen (gevalle) skepping en Nuwe Skepping. Die ware ‘kontak’-punt sal steeds en uitsluitlik die werk van God die Heilige Gees bly. Maar die Drie-Enige

sprek die mens aan deur die Sabbatdag: “Soos daar (by die skepping) gesê is: Vandag, as julle My stem hoor, moenie julle hart verhard nie” – maar gaan My Rus in – My Katapausis: My Verlossing, Jesus Christus, God Komende. Die Génesis Skrifuur het dit tot die gelowige Israeliet gespreek, asof ‘in die begin’ alreeds, die Beloofde Messias die Heiland van die gevalle kosmos was – en die Sewende Dag die teken daarvan.

As die hedendaagse Christen bely hy glo hierdie Skrifte, laat hom glo “wat die Gees sê”. Johannes het nes Abraham Christus se dag van ver af gesien en hom verbly. Johannes praat ook van die skepping, en luister ook na “wat die Gees sê”. Geen verskil tussen gelowiges van alle tye nie.

En hierdie gevolgtrekking bring in die gedagte op die verdere eienaardigheid van die Sewende Dag se Godswerke, dat hulle Sy onderhoudings- en behoudingswerke is. Hulle is die konstante en gedurige dienswerke van God waarmee Hy sy skepping staande hou en voortdra deur die geskiedenis na die eschatos. Hierdie werke bestaan nie in sigself as waarneembare, tasbare stoflikheid nie, maar hou die stoflike in stand – herskep dit as’t ware elke oomblik deur die gang daarvan deur die geskiedenis na die einddoel. Hierdie werke is ontleed aan die liefde van God, en saam, Johannes die Doper wat wys en uitroep: Daar is die Lam van God!

Gaan ons nog daarby staan dat *in die geskape werklikheid as sodanig geen aanknopingspunt vir die verlossing bestaan nie?* Solank as wat ons hierdie stuk skepping van God sal ignoreer, ja! Want in hierdie Rusdag van God blyk die werksaamhede van die Heilige Gees deur en in die skepping nie te ontbreek nie. So sien geloofsoog dit – hét die Heilige Gees kontakpunt geskep. Geen reguit pad nie – éérs Getsémane om! Génesis tot Getsémane – ons ‘eskatologie’ – in hoeverre dit die geleerde eskatologie is sal ek nie weet nie. “... (H)et nieuwe ist juist het oude, alleen radicaal vernieuwd, totaal verlost van alle vormen van het verderf... Dat is juist het fantastische van het evangelie! Een andere wereld uit niets in het aanzijn roepen is kinderspel vergeleken met het in het vernieuwde aanzijn roepen van deze wereld, uit de afgrond van die zonde, de eeuwige verlorenheid, zo dat zij – deze verloren wereld – weer kan bestaan.”<sup>bls. 12 mid</sup> Klaas Schilder “Dat Christus met die littekens van sy lyding in die wêreld “waarin ons vrees” ontstaan in ’n ander wêreld “waarop ons hoop” ... in sy hande ... is die bewys dat God die werk van sy hande nie uit sy hande laat glip nie.”<sup>bls. 12 onder</sup> Skepping en eskatologie

ontmoet mekaar, oordeel en Nuwe Skepping kus mekaar, skud mekaar die hand oor die Sewende Dag heen – dit is die skepping van die Heilige Gees. Die ‘*kontinuiteit*’ gaan die ‘*diskontinuiteit*’ déúr. Die wat in gevangeskap verkeer het gaan uit en word deur hul Losser omhels. Hulle groet hom nie van agter tralies nie, of gesels met hom deur koeëlvaste glas nie. “Hy het die middelmuur van skeiding afgebreek.” Waar die muur gestaan het, het Hy die ingangswond geslaan – die steek in Sy sy. Hy het die sonde versoen en herryts uit die dode, die Nuwe Skepping. Ons praat van die Sabbatsgebeurtenis van die Sewende Dag van God se Spreke! “*Die herskepping (word) ‘niet buiten verband met de oorspronkelijke schepping in de goddelooze en gevallene ... ingebracht...*”

*Beide breuk – sonde en Kruis, en samehang – Opstanding en verlossing, kom onvergelyklik tot uitdrukking in die Christus-gebed, “Dit is volbring!” sodat die Gemeente om “die groot eskatologiese gawe **anderkant die kruis en opstanding**” mag bid: Kom, o Heilige Gees!*<sup>bis.13</sup>

*“Teologies, Christologies en pneumatologies, bereik ons dus elke keer dieselfde resultaat ten opsigte van die relasie kosmos en eschatos.”*

*“... Dennoch lobe ich Ihm mit euch allen, die ihr Seinen Namen anruf... ganz erweicht und zerschmolzen in Seiner Liebe...”* Christus, die Kerk en Sy aanbidding die sentrale en aanknopingspunt van kosmos en eschatos, “*Enheid en Vrede*”! “Dit is die Dag wat die Here gemaak het, laat ons daarvoor juig en bly wees!”

### 7.7.2.1.3.5. **Christus Gods Gawe van die Rus**

Par. 1.5, bls. 14v.

*“In hierdie paragraaf word ons blikrigting verskuif van die Dasein na die Sosein van die skepping”* – en gevolglik ook na die Sosein van die Sabbat. Soos die Dasein van die Sabbat is ook die Sosein daarvan in die Skepper gefundeer.

Verbaas dit dat die Islam Vrydag die Sesde Dag vir sy aanbiddingsdag gekies het? Die Dasein sowel as die Sosein van die Islam-dag is in die **skepping gefundeer**. Dus verbaas dit nie.

Want op die Sesde Dag is die mens gemaak, en het God sy ‘natuur’-werke afgehandel. Die een-dimensionaliteit van die skepping **tot hertoe**, sal in die een-dimensionaliteit van die Islam se godsbegrip sy parallel vind. Want die Islam verwerp die Sabbat van die Bybel net soos hy die God van die Bybel verwerp – en dan veral soos hy die Gawe “*van hiërdie kosmies-eskatologiese vrede* (waarvan) *die engele in die velde van Betlehem (sing)*”, naamlik “*alle dinge onder een Hoof... in Hom ... die “Vredevors”*”,<sup>bis.17 onder</sup> verwerp! Hulle het nie die rus van God ingegaan nie – “weens ongeloof” in die Vredevors. Daarom is Islam die haat-, vergeld- en chaos-godsdiens. Want die skepping sonder die Sewende Dag gaan nie die geskiedenis déúr nie, gaan nie met ons *mée tot ons op Gólgota staan* nie. Stop die mens die skepping se geskiedenis net vóór die Sewende Dag, enig hy op hierdie *ontologiese onmoontlikheid van mens-wees*: “Julle sal soos God wees”. Gevolglik sal daardie mens se skepper ’n god wees soos hy is. Allah is genadelose wreker.

Word Christus en die Sabbatsrus van skeppings- en eskatologiese Vredeseenheid en Vredesgawe verwerp, word ’n dooiegeewig *formele numeriese gegewe* aanbid op die dag van stoflike skeppingsvoltooing. Daarom geen rus op Islam-dag – net die vereiste gebedstonde. Uiteindelik is dit die materiële wat aanbid word.

Die Islam dwing minstens op die verstand af die waarheid van die noue verwantskap wat daar bestaan tussen die (eskatologiese) gawe van die Tweede Persoon van die Drie-Enige God, en die Aanbiddingsdag. Word die Godheid van Christus verwerp, dan moet die eskatologiese karaktereïenskap van die Sewende Dag – die ‘Godsrus’-eienaardigheid daarvan – óók verwerp word.

Wat gebeur as die proses omgekeer word, as die ‘Godsrus’-eienaardigheid van die Sewende Dag verwerp word (maar nie die Dag nie – wat op die keper nog ’n ontiese onmoontlikheid is)? Dan waai die geloof in die Godheid van Christus! En die unitariese ‘Christene’ is die bewys. Vir hulle, net soos vir die Jode, is die Sabbat geheel en al ’n saak van menslike waarneming – Moenie dit, moenie dat op die Sabbat nie! Hulle Sabbat en hulle onderhouding van die Sabbat gaan mank aan diepere dimensie. En die diepere dimensie is één: spesifiek Christologiese waarde. En net soos vir die Mohammedane is Christus vir hulle maar net ’n “goeie” profeet, teenoor(?) Islam se “groot profeet” Mohammed. Net oënskynlike verskille, klemverskille, hier en daar, want Christus wat nie Een met die Vader is nie, beskik nie oor die waardigheid om homself voor Allah of selfs maar net voor sy ‘profeet’, te handhaaf nie. *“In sy eenheid, verstaan as enigheid, gaan dit om sy Godheid.”* <sup>Bls.15 bo</sup>

*“Uit hierdie gekwalifiseerde eenheid van die Skepper, volg met dwingende noodsaak die eenheid van sy skeppingswerk. Om die skepping te bely is om die fundamentele eenheid van die totale kosmos te bely.”* En daardie totale kosmos bestaan maar nêrens, sou die Godswerke van die Sewende Dag nie daar gewees het nie! Immers, sonder juis die skeppingsdade van God van die Sewende Dag, is die totale kosmos een totale ontiese onmoontlikheid! Want juis die Sewende Dag se Gods-skeppings-Dade hou alles in stand, **én**, hét alles tot stand gebring, **én**, bring alles stééds tot stand, nie slegs uit die niet nie, *maar nog wonderliker*, uit die dood van sonde! God se **skeppende werke** was op **geen stadium** sônder God se daaropvolgende, daarin en daardeur eskatologies-verwagte, **skeppende werke** van die Séwende Dag nie; die ses skeppingsdae op **geen stadium** sônder die daaropvolgende, daarin en daardeur eskatologies-verwagte, **Sewende** skeppings-**Dág** nie. Wanneer die Christen van ‘skepping’ praat, praat hy nie daarvan as sou dit nie die Sewende Dag se ‘skepping’ insluit nie. Wanneer die Christen van ‘skepping’ praat, dan praat hy daarvan as **alle** ‘skepping’ in die eerste plek en fundamenteel juis vanuit die Sewende Dag se ‘skepping’, lewend, synde, en as beide die *Dasein* en die *Sosein* van die totale ‘skepping’ véél méér as net die *“totale kosmos”*. Want hy voorveronderstel die skeppings-Dag en die skeppings-Dade van God van die Sewende Dag die Sabbat. “Die hemel en die aarde sal vergaan; maar die Woord van God hou stand.” En hierdie

Woord was daar voor die hemel of die aarde of die lig.

Maar waar het God ooit van enige dag as sodanig gespreek behalwe “aangaande die Sewende Dag”? En waar het God ooit van enige dag as sodanig “só – aldús – gespreek” behalwe “só – aldús – aangaande die Sewende Dag, En God het op die Sewende Dag van al sy werke gerus”? (Hb.4:4)

Inderwaarheid hou selfs die Jode nie die Sabbat nie, want ook hulle verwerp die Ware “Vrede” wat aan die Sewende Dag soos aan die totale kosmos soos aan die ganse skepping, ontstaan, bestaan, inhoud en vorm, en betekenis, verskaf – die Gawe van Vrede, die Gawe van Jesus. Is dit dan heeltemal betekenisloos dat die Skrif die verbintenis van hierdie Gawe met die Sewende skeppings-Dag maak op ’n manier eie aan slegs hierdie Dag? Selfs die Jode onderhou nie die Sabbat nie, want hulle verwerp die Wáre “Vrede”, waarvan die Sabbat dienskneg en (diakonale) maatreël is – soos by die nagmaal die beker die wyn (diakonaal) dien. Die beker op sigself beteken niks en is waardeloos en oorbodig, is dit nie vir die wyn nie, ja, is dit nie vir hírdie Wyn nie. Net so is die Sabbatdag, op stuk van sake betekenisloos, waardeloos en oorbodig, was dit nie vir die Gawe nie, ja, vir hírdie Gawe nie. “Kom sondaars, kom”, sê ons as die koster die kerkklokke lui, “Kom na die Vrede, na Jesus Christus, Hy word hier verkondig.” So is die Sabbat. So was dit “in die begin”. Maar vir die Jood word die Sabbature ingelui vir intensiefste wettiese vermoënis. “Daar is geen vrede nie”, sê die profeet, al sê die Jood Sjabat sjalom en al laat hy sy kar vir die Sabbat in die garage staan. Vir sommige Christene is dit ook so, o hartseer!

Maar om die Sabbat te ken is om God as die Genadige en Verlossende te ken – nie as ’n harde Wetgewer nie – wat Hy alle reg het om te wees. As ‘skepping’ is die Sabbat “... *een bijbelsch, een profeties, een critisch begrip. Zij geeft ons geen bodem om teenover God te blijven staan, als wij zondigen; geen bloed, om teenover hem te blijven leven, als wij gezondigd hebben. De bezoldiging der zonde is de dood.*” <sup>„O.Noordmans op bls. 9.</sup>

Daarom, God se “... *eenheid is ’n rykdom wat lynreg staan teenoor die “steriele reinheid van het Godsbegrip” van die akosmiese mistiek en spekulatiewe skolastiek*” en, mag ons byvoeg, van die Jode en die Unitarisme met hulle *steriele reinheid* van die Sabbatsbegrip.

Die *“uniekheid van God blyk uit sy openbaring in Woord en daad”* – **wat in totaliteit die totaliteit van die**

**Christelike Sabbatsbegrip onderlê.** *“Er is een Woord dat bij God is en dat komen kan. Hij zweeft niet bokant ons, maar komt tot ons en woont onder ons. Dat is het meervoud in God. Hij is niet een eeuwig zwijgen, maar Hij spreekt, Hij komt, Hij troost. ...”*<sup>O.Noordmans</sup> Die *“uniekheid van God blyk uit sy openbaring in Woord en daad”* – **wat in totaliteit die totaliteit van die Christelike Geloofsgemeenskap onderlê.** God is Vader én Seun én Heilige Gees.

Die Sabbat is skepping van die tydelike, maar nie van die stoflike nie. En tyd is kontinuïteit. Daar is ’n *Woord wat by God is en wat kan kom. Hy sweef nie bokant ons nie, maar kom tot ons en woon onder ons. Dit is die meervoud in God. Hy is nie ’n ewige swye nie, maar Hy Praat, Hy Kom, Hy Troos.* Hy is Vader, Seun en Heilige Gees. En al die tyd praat óns van Hom, en óns bely en ervaar Hy kom tot óns en woon onder óns. Nie vir ’n oomblik is daar nie hierdie *Sosein* van God nie – hierdie verhouding van God **“met ons”** nie! Waar God is, is sy werk, sy Kerk, sy merk! Die merk laaste, want die Ekklesia, sy werk, is die teken, en die Eenheid van die Ekklesia die teken van die Gods-Eenheid – ’n Eenheid wat lewend is en gebeur in hierdie wêreld en in die totale kosmos want dit gebeur in hierdie wêreld, op hierdie aarde waar die Tentwoning van God opgeslaan staan. Daarom sal ons sy Kerk, ‘*só wees*’ én ‘*daár wees*’ op die Sabbatdag. Ons praat van God, maar ons praat ook van U Koninkryk en U Vrede en U Eenheid, op aarde met ’n onderstebo uitroepteken – met ons knieë op die aarde biddende: “op aarde”.

Dit verduidelik ook die meervoudige kosmies-eskatologiese samestelling van die Sewende Dag: *“De eenheid Gods is gebroken. Als spreken niet genoeg is* (“Van die boom mag jy nie eet nie”) *dan komt Hij* (“... in die daling van die dag ... Adam, waar is jy?”); *als komen niet genoeg is, dan troost Hij* (“Hy het hom geklee”).” En tóé, “uitgedryf”. Sy “uitgedryf” is ook vir die mens God se troos vir hom. “Want Hy het gesweer: Hulle sal my Rus nié ingaan nie”. Hierin word die Belofte van God vervat. Dit beteken: “Sowaar as wat Ek LEEF nie alvorens My BLOED toegang bewerk het nie!” Dit sou die bloed, die lewe van God, kos om “in te gaan in die rus”. Ons het *“geen bloed, om teenover hem te blijven leven, als wij gezondigd hebben”*. Nogtans “het God op die Sewende Dag gerus” – gerus in die eenheid en die vrede van die met Sy bloed beseëde, ja met Sy bloed geswore belofte van sy Gawe die Vredevors. “Daar is Gespreek” – die Handelende Woord: “Vandag! As

julle My Woord (Stem) hoor, verhard nie julle hart nie” – maar wag geduldig tot Ek My Woord in herskepping, waargemaak het. Hebreërs 4 is die Nuwe-Testamentiese eenheid van die skepping- en sondevalverhaal. Die ‘skepping’ kan alleen maar uit die *blikrigting* van die Nuwe Skepping verstaanbaar gemaak word. Want die skeppingverhaal is gande-verhaal – die Sabbatverhaal die brandpunt en keerpunt van hierdie genade. *“De eenheid Gods is gebroken.”* Die breekpunt is Gólgota. Eden – afgesonderde tuin van blydschap; Jesus van Násaret – Afgesonderde Bloed-Akker, en, Gólgotastuin! (“Gólgota, Tuin van Blydschap”, was ons opskrif êrens in Par. 3.5.1.)

God *“is nie die samestelling van sy deugde nie”*. Hy is geheel – na buite, na binne – één. Die Sabbat egter, is juis die samestelling van sy elemente: van buite en van binne gans verskillend. Tog, soos God se *“eenheid uitgewerk word in die rigting van wat God in Homself is”*, só word ook die eenheid van die Sabbat uitgewerk in die rigting van wat dit na binne is, naamlik dié deur Gód geskape werklikheid van die Sewende skeppings-Dag x Aanbiddingsdag – kosmies x eskatologiese Dag. Géén ander dag handhaaf hierdie eksponensiële eenheid nie, en net soos die innerlike eenheid van God-Drie-Enig *“die Baäls diskwalifiseer tot afgode ... op welke wyse hulle ook al mag bestaan”*, só diskwalifiseer die innerlike eenheid van die Sewende Dag Sabbat die Baälsdae tot afgodsdienste ... *op welke wyse hulle ook al* ‘Christelik’ verdiskonteer mag word.

*“Fundamenteler dan het onderscheid van stof en geest, liggaam en ziel, natuur en existensie, is hun saamehorigheid.”*<sup>H.</sup>  
Berkhof Sê Theron, hierdie *saamehorigheid* *“... volg uit ons afwysing van ’n blote steriele formele eenheid in God”*.<sup>bis.15</sup> onder *“Uit hierdie gekwalifiseerde eenheid van die Skepper, volg met dwingende noodsaak die eenheid van sy skeppingswerk”*, het ons flussies van Theron gehoor. En nou hier: *“Die eenheid van die skepping sluit nie die verskeidenheid uit nie, maar wel die verskeurdheid.”*

Die Sabbat dra daardie steekwond van die afwysing van die verskeurdheid in die sy (figuurlik). Geen ander dag nie. Want net die Sabbatverhaal vertel die Góds-werkeverhaal. Godsdade is sy daad wat van Hom uitgaan en tot Homself terugkeer. Dit mag uiteindelik waar wees van alle skepping, ja, “Alles” is tog, “uit Hom, deur Hom en tot Hom”. Maar waar God by voorbeeld hemel en aarde gemaak het, het daardie gemaakte buite en teenoor Hom gaan staan. En waar God by

voorbeeld hulle ganse leermag gemaak het, wat in of op of onder is, was hulle nie in Hom nie, maar buitekant en teenoor Hom. Maar waar die Skrif verklaar: “En God het op die Sewende Dag gerus, en dit geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop al sy werke wat hy gemaak het, voltooi het”, dan plaas God as’t ware Homself teenoor en buitekant Homself as die Rus, die Seën, die Heilige, die Volmaakte en die Voltooing van sy ganse skepping. Hierdie werke van God van die Sewende Dag kan en moet met Hom geïdentifiseer word, waar by voorbeeld die mens wat Hy op die sesde Dag geskape het, nié met Hom geïdentifiseer kan of mag word nie. Maar as God op die Sewende Dag rus, dit seën en dit heilig, omdat Hy daarop al die werke wat hy gemaak het, voltooi het, is God die komende God, die Spreekende God, die meegaande God, die troostende God – want Hier is God wat Hy, wesenlik, is, die Drie-Enige, wat nooit nie handel nie, maar nooit handel as maar in Christus Jesus en deur die Heilige Gees nie. Hier is God die VerbondsGod, die Genadige God. So spreek die Sabbat aangaande God soos geen ander dag van God se een skeppingsdaad nie. Want “so het God betreffende die Sewende Dag Gesprek” - soos van geen ander dag van God se een skeppingsdaad nie: “En God het op die Sewende Dag van al sy werke (van sy een skeppingsdaad) gerus”. “Die eenheid ... sluit die verskeidenheid nie uit nie, maar wel die verskeurdheid.” Ons ken God as die Versoenende deur Christus Jesus of ons word gladnie deur Hom geken nie. Dis die les wat die Sewende Dag Sabbat ons leer. Net die Sabbatdag van al die skeppingsdae.

#### 7.7.2.1.3.6.

### **“My Vrede Gee Ek Julle, Nie Soos die Wêreld Gee Nie”**

Nadat alles een gemaak is en vrede tussen alle vegtendes bewerkstellig is, en die Eenheid en Vrede van die Profesie en Belofte van die Woord van God nog nie binne daardie eenheid en onder daardie vrede afgesonderd uitstaan nie, sal dit steeds georganiseerde en gefabriseerde vrede en eenheid wees, “...’n ‘Pax Romana’, ‘n wêreldlike vrede, ‘n vrede’ van buite af en van bo afgedwing ... wat volke met geweld in gelid forseer. Aan hierdie vorm van vrede bestaan daar geen wesenlike behoefte nie, want daardeur word

verhoudinge nie gestabiliseer nie, maar vernietig”<sup>bis.17 bo, Ras volk en nasie</sup> Die Eskatologiese Eenheid en Vrede waarvan die Skrif praat is nie “die vrede van die wêreld” nie, maar verdeeldheid tussen die wêreld en Kerk, tussen ‘skepping’ en ‘Geloof’, tussen ‘welvaart’ en die lyding van Christus.

“**My Vrede Gee Ek Julle**” met die klem op elke woord en op almal tesame! Dit is die Nuwe Testament, die Evangelie, se verduideliking vir wat ons bedoel met “Die Eskatologiese Vrede”, en “Die Ekklesia as Kosmies-Eskatologiese Teken”, en met “Die Eenheid van die Kerk as “Profesie” van die Eskatologiese Vrede, en laastens en dankbaar die minste, “Die Sabbat as Eskatologiese Teken van die Ekklesia”.

Die Sabbatsvrede van God voorveronderstel die Eenheid van Heelheid, Voltooing, Goddelike Seëning en Heiligende Uitverkiesing –onvergelykbaar méér, hoër en beter as die “baie goed” van God se afgehandelde en selfstandige ‘skepping’ en ‘skepsel’. Want God se Sabbatsrus is gefundeer in die Enige en Ewige Skepper die “Goeie” en die Gewer Sêlf, en is nooit afgehandel en selfstandig nie. Vir presies hierdie rede is ‘sjalom’ nie ‘sjabbat’ nie, en verbaas dit gladnie dat die woord ‘sjalom’ nié in die Ou-Testament vir of maar net in konteks met die Sabbat toegepas word nie. Want die Ou-Testamentiese *sjalom* is identies nóg met die Nuwe-Testamentiese metafoor “rus” <katápausis>, nóg met die Nuwe-Testamentiese metafoor “vrede” <eirénee>, nóg met die Nuwe-Testamentiese metafoor “voltooi” / “heelmaak” <katartidzoo>. Hierdie metafore van die Nuwe-Testament dui uitsluitlik op die Persoon van Jesus Christus as die Vrede, die Eenheid en die Volmaking.

Daarteenoor is *sjalom* “teendeel van die gespannenheid of teenstrydigheid binne die **geskape** werklikheid”<sup>bis.16 bo</sup> Theron in voetnota 150 sê, “*H.H. Schmid verwys na die noue relasie in die O.T. tussen politiek, gemeenskap, natuur en geskiedenis: “Der schalom äußert sich in allen. Ja mehr: Dieser vierfach sichtbare schalom ist im Grunde ein und derselbe. Die verschiedenen Erscheinungsformen stehen zueinander in allerengsten Abhängigkeitverhältnis.”*

“*Besonder duidelik kom die verband tussen eenheid (onverdeeldheid) en sjalom tot uitdrukking in 1Kron.12:38 ... onverdeelde hart (lēbāb sjālēm) ... een van hart (lēb echād) om Dawid koning te maak*”. “... die begrip “vrede” (word) gebruik as heenwysing na die “göttliche **Urordnung der Welt**.” “*Teen hierdie agtergrond moet ook die begrip sjalom in die Skrif*

verstaan word as die God-gewilde orde van die **skepping**.<sup>„b1s. 16</sup>  
 onder “Die “vrede van God” staan nie net lynreg teenoor die  
onvrede van hierdie wêreld nie, maar ook teenoor die vrede  
van hierdie wêreld”.<sup>„b1s.17 bo J. Moltmann “(D)ie begrip sjalom ...</sup>  
bied die sleutel ... om inhoud te gee aan hierdie eenheid (resp.  
goedheid van die skepping wat die teendeel is van enige  
gespannenheid of teenstrydigheid binne die **geskape**  
werklikheid”.<sup>„b1s.16 bo “Shalom (dui) geen statiese natuurorde</sup>  
aan wat die uitvloeisel van ’n sakrale wêreldbeeld is nie. Die  
God van die Bybel is geen natuurgod nie, maar ... die God van  
die natuur wat ’n geskiedenis met sy **skepping meemaak**.<sup>„b1s.16</sup>  
 onder (Klem CGE) Of dan, *sjalom* dui op God se meemaak aan  
 die geskiedenis van die skepping – geskiedenis wat dit sonder  
 God se meemaking wesenlik (“*onties*”) nie sou gewees het nie.

Theron argumenteer egter ook vir aansluiting tussen “*die*  
*begrip sjalom in die Skrif*” en “*die God-gewilde-orde wat*  
*onlosmaaklik verbonde is met ... die geregtigheid*”. *Sjalom* is  
 “*uitvloeisel van*” “*die onverdeeldeheid (simplicitas) van die*  
*Skepper*”. (Klem CGE).

Dit is hieruit duidelik waarom Theron die *sjalom*  
 bespreek onder die *Sosein* van die skepping, en nie onder die  
*Dasein* daarvan nie. “(D)ie *sjalom* van die skepping  
 korrespondeer ... met die onverdeeldeheid (simplicitas) van die  
*Skepper*”, en ons neem aan Theron bedoel daarmee, ook met  
 die *onverdeelde* relasie tussen sy sképping en die *Skepper*.  
 Want eintlik in soverre dit hierdie woord *sjalom* aanbetref  
 behoort die afleiding omgekeerd te wees, naamlik dat uit die  
*onverdeelde* relasie tussen sy skepping en die *Skepper*, vérder  
 afgelei mag word dat die *sjalom* van die skepping met die  
*onverdeeldeheid (simplicitas) van die Skepper* sal  
 korrespondeer. Die *sjalom* is een-rigting verkeer. Die *sjabat*  
 van God egter, is twee-rigting, want daarvandaan uit mag  
 eskatologies vorentoe, én eskatologies ágtertoe, gekyk word –  
*dwingend noodsaaklik* gekyk word. Want, “*Uit die*  
*gekwalifiseerde eenheid van die Skepper, volg met dwingende*  
*doodsaak die eenheid van sy skeppingswerk*”.<sup>„b1s.15 onder</sup>

Dit is dan heeltemal waar dat “*die sjalom van die*  
*skepping korrespondeer met die onverdeeldeheid (simplicitas)*  
*van die Skepper*”, mits heeltemal waar met betrekking tot die  
 “*die geskape werklikheid*” as die *geresulteerde ruimtelike* of  
 dan stoflike ‘skepping’ van die eerste **ses** dae van God se een  
 skeppingsdaad. Want die Sewende Dag “rus” / “vredesrus” dui  
 aan ’n **ander** rus, ’n Rus wat korrespondeer met die Nuwe

Skepping en Nuwe Mensheid, die Rus wat “Jesus verskaf het”,  
 en **waaruit voortvloei** die *Sosein* én die *Dasein* van “’n  
 onderhouding van die Sabbatdag” <*sabbatismos*> wat “oorbly  
 vir die Volk van God” <*apolépetai tooi Laóoi toe Theóe*>.  
 (Hb.4:8-9) Die “onderhouding” of “-ismos” hou verband met  
 die *Sosein*, gefundeer in die werk van God die Heilige Gees.  
 Die *katápausis* korreleer dan met die *Dasein* van die  
 <*Sabbatismós*> uit die feit daarvan dat dit **Jesus** is wat die  
 “vredesrus” <*sjabbat*> (nie <*sjalom*> nie) “verskaf” en dit  
 “*inhoud gee*”. Die <*sjabbat*> korreleer of korrespondeer met  
 God **in sy openbaring**, in sy *meegaan* met sy skepping, maar  
 ook met God in sy **déúrgaan** – Gólgota deur – “**in die rus in**”:  
 God Drie-Enig in en deur Jesus Christus, tot “die Volk van  
 God” in die kosmos vergestalt.

“*As normbegrip, is sjalom dus ook ’n verhoudingsbegrip.*  
*Voorvereiste is dat die God-gewilde relasies van die skepping*  
*“in orde” sal wees.*” “En dit was baie goed.” “Vóórts”, egter,  
 “is vir my weggelê die Kroon van die lewe” – Oorwinnaar en  
 Vredevors! “Vóórts”, wag die *sjabbat*. Die “Baie goed” van die  
 Sesde Dag belowe en profeteer die Belofte van die Sewende  
 Dag; **sjalom belowe en profeteer sjabbat**. “*Hierdie*  
*eskatologiese heil is die gawe van God.*” “Hy is ons Vrede”;  
 “God het sy Seun gegee”. Onder die Ou Testament groet die  
 Israeliet met die bede, “Sjalom, ons glo in die Komende God”.  
 “Die God van” kosmiese “orde”, is “die God van”  
 eskatologiese “vrede”. “*In Hom vind die verbrokelede*  
*werklikheid weer ’n integrasiepunt wanneer God “die volheid*  
*van die tye so reël “met die doel om alle dinge wat in die*  
*hemele is sowel as wat op die aarde is, onder een Hoof in*  
*Christus te verenig.*” God het reeds met hierdie *doel* begin  
 gemaak in die *vereniging* van die Gemeente, en sal daarmee in  
 en deur die Gemeente in die laaste dag “klaarmaak” in die  
*vereniging* van die ganse *verbrokelede werklikheid* in Hóm, en  
 “onder een Hoof”, Jesus Christus. Die skepping wag daarop,  
 naamlik op hierdie “openbaarmaking” van ‘Die Kinders van  
 God Vereniging’, met reikhalssende verlanse. Die Dag van die  
 Here is kosmies-eskatologiese teken hiervan, profesie en  
 belofte van die eskatologiese Vrede en Eenheid – die  
 “voltooiing” en “rus van God” van “al die werke wat sy hande  
 gemaak het”. Hy het dit in die uitnemende grootheid van die  
 krag van sy sterkte **aangetoon en vertoon** toe Hy Christus uit  
 die dode opgewek het en tot aan sy regterhand verhef het.

*Sjalom* diakoneer “die eerste bediening”, *Sjabbat* diakoneer die “Beter Bediening”. “Heil bestaan daarin dat hierdie stukken werklikheid weer “heel” gemaak word” – met ’n groter heerlijkheid in so ’n mate heerliker dat die eerste se heerlijkheid soos geen heerlijkheid is. “Want vandág, as julle My Stem verneem”, “Vandag” is aangebroke, en die Kerk is *Dasein* “terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan” én *Sosein*, “want ons wat geglo het, gaan die rus in” – “die Rus (wat) Jesus verskaf het” en vandag, verskaf! *Sjabbat* is God wat rus – eskatologies gerus het en eskatologies, sal rus. *Sjabat* is die Heil wat nabý gekom het en wat aangebreek hét; *sjalom* die skepping wat rus in die vaste vertroue op die Heil. Ons is Nuwe Testament gelowiges en skroom nie om die Vervulling vir die vervulling van alle dinge, te glo nie! Die Christelike geloof is praktiese geloof, eenvoudige geloof, dóén geloof, *Sosein* op die basis van *Dasein*. “**Want Hy is ons (albei, ou en nuwe bediening) se Vrede!**” Óns, kyk terug om vórentoe te sien! Vir ons is die Eskatos reeds die Eenheid en die Vrede.

(Uit ’n Puritein – ek kan nie onthou wie nie: “Let no man be so reckless with another man’s field and not take an existing path.” Laat geen mens so roekeloos met die handewerk van die Skepper omgaan dat hy Sy skepping nie vir die ware ag nie. “As jy jou voet terughou van die Sabbat om nie jou eie gang te gaan nie ... My heilige dag hoog hou!”)

### 7.7.2.1.3.7.

#### **Die Sabbat in die Lig van die Genadeverbond**

Met verwysing na Theron se insigryke verhandeling sal óns nou probeer om “Die Kerk as die Nuwe Testamentiese Verbondsvolk” te sien “... in ’n wydse, die eeue omspannende en die ganse skepping insluitende perspektief”, <sup>bis26, 6)</sup> **haar Sabbatte vierend, dit is, wyl om Kerk te wéés.**

“Die skepping wys heen na die Kerk en die Kerk na Gods eskatologiese doel met die skepping. In Christus is die Kerk reeds voor die grondlegging van die wêreld uitverkies (Ef.1:4). ... **Duidelik kom ook die diepe verbande in die Raad van God tussen die vrede van die Skepping-Sabbat (Gn.2:7),\* die Verbonds-Sabbat (Ek.20:10 v.v., Es.20:12) en die eskatologiese Sabbat (Hb.4:3-5; 9-11) na vore.** <sup>(Klem CGE)</sup> In die Ekklesia vind ons ’n postfigurasie van die kosmiese vrede van die skeppingswerk van God en die prefigurasie van die kosmies-eskatologiese vrede van die herskepping. Die ewige voorneme van God in Christus Jesus (Ef.3:11) naamlik om “alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig (Ef.1:10), word nou deur die Gemeente “aan die owerhede en magte” bekend gemaak (Ef.3:10). Hierdie bekendmaking geskied deur die verkondiging van die Kerk, maar ook deur die bestaan van die Kerk. “Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het ... en albei in een liggaam met God ... versoen het deur die kruis op grond daarvan dat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het” (Ef.2:14, 16).” (Nie-kursief dui my afwyking van Theron se weergawe van Efesiërs 2:14, 16 aan, “...met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het”.) \* Ek meen die teks-verwysing hier behoort Gn.2:2 te wees.

Ons begin hierdie paragraaf dus waar Theron dit afgeluit het, en reken verder – om vroegtydig die buitelyne te trek – dat dit goed sal wees om ook nog sy voorlaaste paragraaf (onder punt 5 op dieselfde bladsy), hier te vermeld:

“Kan ons ... sê die doel van die skepping is die Verbond? Veel verwarring is die gevolg wanneer nie duidelik onderskei word tussen die twee betekenis van die woord “skepping” nie. Indien bedoel word die skeppings-daad van God, moet die antwoord bevestigend lui. Alle dinge is immers “tot Hom (Jesus Christus) geskape” (Kol.1:16). Die skepping is gerig op Christus. Die Christusgeheim is ook die skeppingsgeheim.



(Tog nie op dieselfde vlak, na dieselfde mate en op dieselfde wyse nie?)

Wanneer met “skepping” egter die “creatura” bedoel word, moet omgekeerd lui: die doel van die Verbond is die skepping. Dit gaan in ide Verbond om die redding van die (verlore) skepping en dan die totale skepping. Christus het kosmiese betekenis. “Die bloed van die kruis” waardeur God “vrede gemaak het”, beteken tog die versoening van “die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele” (Kol.1:20). As gerig op die Verbond is die doel van die creatio ook die creatura!”

Allereers moet uitgewys word dat die Sabbat, of dan nou “die Skepping-Sabbat (Gn.2:2)”, “die Verbonds-Sabbat (Ek.20:10 v.v., Es.20:12)”, of “die eskatologiese Sabbat (Hb.4:3-5; 9-11)”, sy beplanning, fundering en konstruksie, of dan sy konsep, konsepsie en persepsie, of dan sy vóór-bestaan, ontstaan, bestaan en vóórtbestaan (of geskiedenis), of dan sy ‘syn’, *Dasein* en *Sosein*, in God, van God, uit God deur God en tot God, ontvang het. Die Sabbat is skepping van Gód, en is sképping van God soos dit die wíl en plan van God is: “in die Raad van God” gewil, én, Sabbat, “vóór die grondlegging van die wêreld”. En in geen mindere mate as die totale kosmos, die voorwerp van sy mees persoonlike liefdessorg en bewaring. “So lief het God die wêreld gehad” beteken so lief het God sy ganse skepping gehad, maar, veral, hierdie skepping, Sy áárde met Sy mense. En dit beteken Sy aarde met Sy mense met Sy Aanbiddingsdag. Die Sabbatdag, soveel as die skepping en die skepsel, is skepping van Gód, en sképping van God.

God se skepping van die Sewende Dag kon daarom geen nagedagte of noodmaatreël gewees het nie; daarsonder sou die skepping van die begin af en van vóór die begin af, ónvoltooid gewees het. Van vóór die begin af, ónvoltooid – vir ewig daarna, daarsónder, nét so onvoltooid! Dieselfde gevolgtrekkings wat Theron hierbo maak ten opsigte van die *creatio* en die *creatura* en die “*skeppings-daad*” van God, geld dan ook ten opsigte van die Sabbatdag die Sewende Dag van God se “*skeppings-daad*”. Nie die mens of die geskiedenis of die ‘skepping’ het aan die ‘skepping’: Sewende Dag Sabbat, meegewerk nie, allermins ’n *evoluerende* proses. Dit moet eers maar katagories gestel word, want hier sal nie na die op hierdie gronde a priori bona fide van die Sabbat navraag gedoen word nie. Wanneer hier dus van “die Sabbat” gepraat word, in watter konteks en met watter betekenis ookal, word die Sewende

skeppings-Dag van God Sabbat bedoel. Want deurgaans kom na vore die *duidelike* en *diepe verbande* van *vrede in en tussen die skepping-Sabbat, die Verbonds-Sabbat en die eskatologiese Sabbat. Skepping-Sabbat is Verbonds-Sabbat en eskatologiese Sabbat; Verbonds-Sabbat is skepping-Sabbat en eskatologiese Sabbat; en eskatologiese Sabbat is skepping-Sabbat en Verbonds-Sabbat.* God is Een; Sy Sabbat-Dag is een; en sy Rus, is Een – die Mens die Seun van die Mens. God het nie “in” die Sabbat of “in” die Sewende Dag gerus nie, maar daar-“op”; terwyl Hy “in” die Seun van die Mens gerus het – wat God se “maak”-daad van die Sewende Dag Sabbat was – én is: God se “maak”-daad **soos en ook van die Kerk!** Die Kerk en die Sabbat “**word**” <*ghinomai / egéneto*> uit een en dieselfde **Doel:** “vir die mens”; uit Een en Dieselfde **Bron: Verlosser-Skepper, Skepper-Verlosser.**

NOOIT is die Sabbat nié ‘**Verbond-Sabbat**’ nie! NOOIT kom die twee, **Kerk** en Kerk-**Dag**, die een sonder die ander te voorskyn nie. Waar is die Kerk?: Daar waar God die Sabbat gemaak het deur “op die Sewende Dag” met mens Adam vredeverbond te sluit; Waar is die Sabbatdag?: Daar waar God die Kerk geskep het deur “op die Sewende Dag” met mens Adam vredeverbond te sluit. “Man én vrou het Hy hulle geskape” (Gn.1) – “En hulle **sal** een wees” (Gn.2) . . . alleen maar Een in Christus: Génesis 3! “Hulle het die stem gehoor van die HERE God toe Hy *aangekom / oorgestap* het . . . Toe roep die HERE God na die mens . . . in die aand” (Gn.3) – ná die Sesde Dag. En dít, het die Sabbat “geword” – God se *skeppings-daad* die Séwende Dag en ván die Sewende Dag. “Die vroue het *vrede* begin raak” (Lk.23:56), want hier het Gód die lááste – Sy Groot Voltooiing – begin dóén vir Nuwe Skepping van mens én skepping. NOOIT is die Sabbat nié ‘**Verbond-Sabbat**’ nie: Nuwe-Skepping-Sabbat is Skeppings-Voltooiings-Sabbat! So min as wat die Sabbat van ’n ander God is, so min is die Here van ’n ander Sabbatdag, en ...

“*In die Ekklesia vind ons ’n postfigurasië van die kosmiese vrede van die skeppingswerk van God en die prefigurasië van die kosmies-eskatologiese vrede van die herskepping.*” Gesien dan vanuit die vertrekpunt van “*die Skepping-Sabbat (Gn.2:2)*”, is *die Ekklesia* in haar ballingskap aldáár (uitgedryf uit die tuin) *die prefigurasië van die Verbonds-Sabbat (Ek.20:10 v.v., Es.20:12)* sowel as van *die eskatologiese Sabbat (Hb.4:3-5; 9-11)* en *die kosmies-eskatologiese vrede van die herskepping*; Is ook net so goed

“die Verbonds-Sabbat (Ek.20:10 v.v., Es.20:12)” en die *Ekklesia* uit haar ballingskap aldáár, die **prefigurasi**e van die eskatologiese Sabbat (Hb.4:3-5; 9-11) en kosmies-eskatologiese vrede van die herskepping; En is “die eskatologiese Sabbat (Hb.4:3-5; 9-11)” en “kosmies-eskatologiese vrede van die herskepping” die “**postfigurasi**e” van die Skepping-Sabbat (Gn.2:2) en kosmies-eskatologiese eenheid en vrede van die skeppingswerk van God. Want die kosmies-eskatologiese Vredevoers en vredeswerk was alreeds op “die Skepping-Sabbat (Gn.2:2)” teenwoordig en werksaam, was “in die begin” en vóór die begin, in die Raad van God Drie-Enig alreeds teenwoordig en werksaam. Die *duidelike verbande tussen die vrede van die skepping-Sabbat, die Verbonds-Sabbat en die eskatologiese Sabbat kom na vore uit diepe en Goddelike gronde van eskatologiese Eenheid en Vrede.*

“In Jesus Christus, die Vredevoers, word die gebroke skepping weer geheel.” Dis waarop die Sewende skeppings-Dag Sabbat neergekom het en steeds op neerkom. Of dit skep ’n wanklank dwarsdeur die Bybel en Justinus is die verklaarder by uitnemendheid van die Sabbatdag se uiteindelijke betekenis in die lig van die Evangelie – ‘Joods’ weens die ondraaglikheid daarvan.

“In Jesus Christus, die Vredevoers, word die gebroke skepping weer geheel.” God handel met die skepping, nie net as die ‘stoflike’ nie, maar ook as die ‘tydelike’ – as ‘skepping’ van die eerste ses dae, en as ‘skepping’ ook van die Sewende Dag. Dis waarop die Sewende skeppings-Dag Sabbat neergekom het en steeds op neerkom. Die Sewende Dag word aanknopingspunt tussen mens as ‘skepping’ en mens as aanbeddende wese. Daarom is die vraag voor die handliggend: “Is die doel van die verbond die skepping of moet ons die stelling omdraai en sê: die doel van die skepping is die verbond? Wie Christus sê, sê Verbond, Israel, Kerk. ’n Nadere posisiebepaling ten opsigte van die relasie skepping en verbond is onontwykbaar.”

Nadat Theron die verskillende teses *ten opsigte van die relasie skepping en verbond* voorgestel het, het hyself gevolgtrekking gemaak, soos hierbo aangehaal, dat beide *stellings* in bepaalde *sin*, geregverdig is. Ons wil sy uiteensetting nou van nader beskou, want dit raak die verstaan

en *sin* van die Sabbat wesenlik. *Wie Christus sê, sê Verbond, wie Sabbat sê, sê Verbond, sê Kerk.* Hy sê dit op grond van “diepe verbande”.

“Ons kom hier in aanraking met die ou strydvraag tussen Thomiste en Scotiste rakende die motief vir die inkarnasie. ... In sy oorspronklike vorm gaan dit om die vraag of Christus ook mens sou geword het indien geen sondeval plaasgevind het nie. Het die inkarnasie op sigself, dit wil sê, losgedink van kruis en opstanding, alreeds teologiese betekenis? Indien mens op hierdie vraag ontkenning sou wou antwoord, word die goddelike inisiatief in die vleeswording nie so gerelatieveer tot ’n blote reaksie op wat die mens (verkeerd) gedoen het nie? Kan die inkarnasie eksklusief beskou word as ’n herstel van die skepping, of moet dit veeleer verstaan word vanuit die Raad van God nog afgesien van die skepping en val?”

Hierteenoor is altyd weer gewys op die onafskeidbare eenheid van krip en kruis, persoon en werk van Christus, sodat die vleeswording nie vir ’n oomblik losgemaak kan word van die kruisevangelie en aan die menswording (in teenstelling met vleeswording) ... nie.”

Nie vir ’n oomblik nie!

Eers ’n voorbeeld van ’n Sabbats-siening vanuit die ‘herstel’-motief: “The key feature of Shemini Atzaret (“Great Sabbath of the Feast of Booths”) is the movement from temporary to permanent dwellings. This is fulfilled in Revelation in the description of the New Jerusalem. It is summed up in the statement, “I will make all things new” (Rev 21:5). This speaks of a re-creation of the perfect state that was present in Eden.”<sup>”Ted Noel (Klem en aanhaling CGE)</sup> Die implikasie – volgens hierdie siening – is onontkombaar dat God sy genade-werk in Christus omrede die sondeval en agterna onderneem het om herstelwerk te doen. Die Sabbat – in hierdie geval in die vorm van die Loofhuttefeessabbat – is “sleutelkenmerk” van hierdie herstelwerk ‘tipe’ Verbondsvervulling. As gevolg van die sonde lewe ons nou in tydelike skuilings terwyl God ons oorspronklike woonplek herbou.

Die vraag van hoe die skepping-Sabbat inpas, kom uit hierdie siening na vore. *Kan die Sabbat beskou word as eksklusief behorende tot die skepping, of moet dit veeleer verstaan word as behorende tot en insluitende die skepping én die herstel?* Moet die Sabbat gesien word as komende vanuit

die Raad van God **nog afgesien** van die skepping en val? Of gaan ons dit die eerste keer teenkom 'in die tuin van Eden', soos deur Noel voorgestel: "*Prior to the fall, Adam and Eve walked freely with God on the Sabbath. They were not occupied with their daily duties, and could devote themselves totally to communion with him (God). ... (O)n the very first Sabbath, man was in perfect communion with God. This continued for every Sabbath thereafter until man sinned. Then man was unable to keep the Sabbath appointment with God. ...*"<sup>''Ted Noel. (Aanhaling CGE)</sup>

Gesien egter "*die onafskeidbare eenheid van krip en kruis, persoon en werk van Christus, sodat die vleeswording nie vir 'n oomblik losgemaak kan word van die kruisevangelie ... nie*", moet ook die Sabbat in *onafskeibare eenheid* van skepping en genade-verbond soos in die *persoon en werk van Christus*, verstaan word, sodat net soos met die vleeswording die Sabbat as skepping en as skeppings-gebeurtenis, *nie vir 'n oomblik losgemaak kan word van die kruisevangelie nie*. "*Het die inkarnasie op sigself, dit wil sê, losgedink van kruis en opstanding, alreeds teologiese betekenis?*" Ons mag en moet dieselfde vraag van die Sabbat vra: *Het die Sabbat op sigself, dit wil sê, losgedink van kruis en opstanding, alreeds teologiese betekenis?* En ons mag en moet antwoord: Geensins! Om die Sabbat suiwer as 'skepping', van *kruis en opstanding* 'los te dink', is om flagrant te fouteer, is om die Sabbat van alle *teologiese betekenis* te ontdaan. Sodoende word die Sabbat 'n blote en wegdoenbare aanhangsel van die skepping gemaak, en kan mens onbeheersd voortgaan om oor die skepping sonder Sabbat te 'teologiseer', en oor die Sabbat sonder Skepper. Só 'n 'teologie' sal dan ook sintetiese teologie wees, 'verfynd' en van bind-weefsel geraffineerd. Wil mens oor die skepping pyn sal hy noodwendig by die Sabbat moet gaan stilstaan om behoorlik te kan dink. En wie oor die Sabbat gaan dink sal oor die Skepper van die Sabbat moet gaan nadink. En voor die genade móét gaan stilstaan. Daar's geen manier wat mens in ongeloof oor die Sabbat gaan 'teologiseer' nie, en die geloof beteken dat mens slegs deur Jesus Christus van die Sabbat kan kennis neem. Die '*diepe verbande*' is onbreekbaar gevleg en geheg tussen skepping en skepsel en Skepper die Verlosser-Skepper!

"*Sy eenheid is 'n rykdom wat lynreg staan teenoor die "steriele reinheid van die Godsbegrip". ...*" en so staan die "volheid" van die Sabbat lynreg teenoor die *steriele reinheid* van die skeppingsbegrip daarvan. Hierdie *steriele* skeppings-reinheidsbegrip van die Sabbat spreek enigmaties uit die

volgende: "*The reasons for Sabbathkeeping is the celebration of creation, redemption, and final restoration*"<sup>''Bacchiocchi</sup> – pertinent sonder die grootse rus-daad van God in die opwekking van Christus uit die dode, en mét afwysing daarvan. "*Redemption*" en "*final restoration*" volgens hierdie siening word nie in die opstanding van Jesus bevat nie, maar sluit dit juis uit. '*Redemption*' word gelykgestel met "*healing ministry*", en "*final restoration*" met "*second advent*". Gólgota word verbygegaan, kortpad gevat tussen val en herstel – uit skepping tot skepping nié déúr kruis en opstanding van Jesus nie. Hierdie siening verskraal Sabbats-‘teologie’ tot ‘natuurlike’ moraliteit en selfverheffende afgodsdien, by voorbeeld, "*Gott befasste sich sechs Tage lang mit der Erschaffung von Himmel und Erde. Dann, am siebten Tag, wird das Werk vollendet - nicht durch die Errichtung eines heiligen Gebäudes, sondern durch die Einrichtung einer heiligen Zeit. Obwohl die Welt in den ersten sieben Tagen erschaffen wurde, hängt ihr Fortbestehen von der Heiligkeit des siebten Tages ab. "Was wurde am siebten Tag erschaffen? Ruhe, heitere Gelassenheit, Friede und Erholung." Der jüdische Philosoph Abraham Herschel, der so erhellend über den Sabbat schrieb, erläutert: "An sechs Tagen der Woche versuchen wir, die Welt zu beherrschen, am siebten Tag versuchen wir, unser Selbst zu beherrschen... Im stürmischen Meer der Zeit und der Mühsal gibt es Inseln der Stille, wo der Mensch einen Hafen finden und seine Würde wiedererlangen kann. Die Insel ist der siebte Tag, der Sabbat, ein Tag der Loslösung von den Dingen, Werkzeugen und praktischen Aufgaben und der Hinwendung zum Geistigen."*

*Der Sabbat ist keine Pause, sondern der Höhepunkt des Lebens. Der siebte Tag ist nach jüdischer Tradition ein Palast der Zeit. Er ist ein Heiligtum, das wir errichten - ein zeitliches Heiligtum. Herschel bezeichnet den Sabbat als Geschenk der Zeit, das uns Gott gemacht hat. ("Ich habe dir etwas geschenkt, das Mir gehört. Was ist dieses Etwas? Ein Tag.") Er ist reine Zeit, der Tag, an dem man in der Zeit lebt. Der Sabbat ist unsere störungsfreie Gelegenheit, Herr über die Zeit zu werden. "Arbeit ist eine Kunstfertigkeit," überlegte Herschel, "aber vollkommene Ruhe ist eine Kunst." Und dann schrieb er noch: "Zeit ist die Anwesenheit Gottes in der Welt."*<sup>''Aanhaling CGE, Robert Levine, Eine Landkarte der Zeit</sup>

Gesien die Sabbat as mense-daad, sê Herschel, "*Die Insel ist der siebte Tag, der Sabbat, ein Tag der Loslösung von den Dingen, Werkzeugen und praktischen Aufgaben und der*

Hinwendung zum Geistigen.” Ageer die Verbondshandelende God: *Die eiland is die Sewende Dag, die Sabbat, een dag* toegespits op die verlossing van die mens as kosmiese skepping.

Natuurlik sal die humanistiese soort van Sabbat vir die Christen onaanvaarbaar wees want dit neem die plek van die God van vrede in en vervang die vredeswerk van die Tweede Persoon van God Drie-Enig! Ongelukkig verskil die ‘Christelike’ Sabbat van Sabbathoudende Christene oor honderde jare gladnie met hierdie ‘Joodse’ Sabbat nie, en het die Christendom weliswaar al by monde van Ignatius en Barnabas daarteen in verset gekom. Want, God het Homself ses dae lank met die skepping van die hemel en die aarde bemoei (nie vermoei nie). Toe, op die Sewende Dag, word sy werk voltooi (“al”, en “sy” werke), nóg deur die oprigting van ’n heilige gebou, nóg deur die inrigting van ’n heilige tyd, maar deur die heiliging van sy Rus – deur die toespitsing van sy Rus op God self. En alhoewel die wêreld in die eerste sewe dae geskape was, het die voortbestaan daarvan nie van die heiligheid van die Sewende Dag afgehang nie, maar – soos deur die rus en heiliging (en heiligheid) van die Sewende Dag belowe word – van die troue God Self en van sy waarmaak in en deur sy skeppings-Woord, die skeppings-Woord van sy Rus, naamlik Jesus Christus.

Wat word dan op die Sewende Dag geskape? Die Inbreuk van die Goddelike Rus – die Inbreuk van geen ligsinnige rekuperasie nie, maar die Inbreuk van diepe Verbondstroue uitreiking en bereiking – die Inbreuk van God se Afbuk en Optel en aan die hart druk van sy geskapene. Vir ses dae het God die wêreld gemaak en magte en heerskappye van sy skepping daargestel en aangestel, “maar op die Sewende Dag ...” Sý Mag en Heerskap. Tussen verborge rotsriwwe deur, deur stormseë van tyd, wêreld en owerhede, stuur God die skip met seker hand na die Hawe van Sý Rus.

En hier is die verskil tussen Christelike Sabbat en werksverbondsabbat: Niemand stap van boord aan wal nie, want binne in die Hawe vaar die skip te pletter op die Rots, en op die Rots sien drenkeling die dag oor Stille Baai breek! Die “eiland van menswaardigheidsher-verwerwing” (“Die Insel” van “Würde wiedererlangen”) is nie die Sewende Dag, die Sabbat nie, maar net die plek waar daardie Rus drenkeling mens uitdra op die strand. Want daardie Rus het met drenkeling meegevaar vandat hy van veilige kus weggevaar het, en was, deur oseane

en storms, Stuurman aan boord en Redder in seë. Die Sabbat dring aan om van die genadeverbond te vertel. Want die Sabbat is die wegvaar van vastelande, weg van werkstuie en werksdiere, van méns en sélf. Dit is die dag van wending tot die Rus – tot die gelóofsgoed van die Beloofde en Profetiese Eenheid, Volheid en Vrede, tot Jesus Christus.

Daarom is die Sabbat nimmer die *hoogtepunt* maar net pouse langs die lewensweg na die Rus van God. Daar’s g’n ander weg nie – hy loop hierlanges – dis soos God se voetspoor die pad gemaak het. Dit gaan op Sý spoor en bring na Hóm. Kyk die Sabbat: Hier, daar, dáár – Sabbatspoor, eintlik die spoor van “ons Voorganger”, na die Heiligdom, die Rus in – ‘teken’, ‘kosmies-eskatologiese teken’! Kyk daar op die spoor gaan honderd vier en veertig duisend die Stad in, en gaan staan op die glasee – *die Hoogtepunt van hulle lewe*.

Die Sewende Dag en Sabbat *geskenk van die tyd wat ons operig het* (“*das wir errichten*”), is *Paleis*, klipharde bevrore *Heilige Sale des afgods Tyds*. Dít, is nie die Sabbat wat Gód “vír die mens gemaak” het nie want in die Sabbat wat Hý vir die mens gemaak het, is Gód, die God “vír die mens”. “Dit het van die Here gekom” – nie van die tyd of ‘skepping’ “gekom” nie, ook nie van die mens “gekom” nie, maar, “van die HERE”. Die probleem met die Sabbat is die mens wil die heelyd by God oorvat, sy genadeverbond met sy eiewerke-verbond, vervang, Sabbat van die eiewerke-verbond is die “sabbatisme” en die sabbat waarteen Ignatius en Barnabas, én Jesus, dit gehad het.

‘Maar julle vrede sal wees *iets* wat Ek aan julle geskenk het – *iets* wat aan Mý behoort.’ Wat is hierdie *iets*? Gladnie afgod *Reine Tyd* nie, maar *iets* waarván mens ín, *reine*, sképpings-tyd “sal léwe”, naamlik van Enkel die Woord van God: “Dit is my Seun in Wie Ek ’n welbehae het” – “Hý is ons Vrede, gladnie afgod *Reine Tyd* nie, want “tyd” en Sabbat, is nie god naas God nie, maar soos “al sy werke” is dit Gód se skepping – één werklikheid van geskapenheid.

Afgod Sabbat vertel ons egter hý is ons *storingsvrye geleentheid* om *heer oor die tyd te wees*! Maar Here van die Sabbat vertel ons Hý het die Sabbat gemáák! Arbeid van mens se werksverbond is *kunsvaardigheid* altemit! Maar die *Volkome Rus* is geen *kuns*, maar die *Aanwesigheid van God in die wêreld in en deur Jesus Christus* – “*Die Vleeswording*”.

Geen ander stuk skepping se ganse bestaanswerklikheid en betekenis het dit so nodig om van homself weg en na die

Skepper te wys, as juis die Sewende Dag nie. Want die Sabbat se totale funksionaliteit is om teken van die Verlosser Skepper en van die Verlose Skepping – die Kerk – te wees.

Die Sabbat illustreer die verskil tussen die ‘skepping’ gesien as die *resulterende werklikheid* van die eerste ses dae van God se *skeppingsdaad*, en die ‘skepping’ gesien as die *resulterende werklikheid* van God se voltooide *skeppingsdaad*. Dit illustreer ook verder die verskil tussen die begryp van die ‘skepping’ as *steriele eenheid* of as *reine tyd*, en die begryp van die ‘skepping’ as in korrelasie met die Godelike Drie-Enigheid – as in korrelasie met die genade-konsep van God, met die verstaan van die God van die Christelike geloof. Die Sabbat is nie Joods nie, maar Christelik.

Daarom is die fout met ’n ‘Joodse’ Sabbatsbegrip soos Herschel s’n, dat dit die Sewende Dag verklaar as selfstandigheid en onafhanklikheid, asof dit “in die begin gemaak” was om so op eie voete te bly staan. So ’n begrip ontbreek aan die dinamika van die eenheid en vrede van die Sabbat van God, en toon juis stagnering aan. Want die Sabbat is méér en anders as net *reine tyd* of *heilige*, stagnante, ‘skepping’ omdat dit méégaande, ja, meegebrágte teken is van die eskatologiese Eenheid- en Vrede, en van die Eenheid- en Vredes-Volk, en van die Eenheid- en Vredes-Koning. Dit lééf van hierdie kennis, wete en verstaan; dit berus geheel en al daarop, en is daarvan afhanklik na totale ‘syn’. Sonder die Profetiese, sonder die Beloofde, sonder die eskatologiese Eenheid en Vrede aan die voorpunt, is die Sewende Dag Sabbat ’n hersinskim, want “die Sewende Dag Sabbat is die Sabbat van die HERE jou God” – hierdie woord wys ook die Sábbat, wag op die openbaring van God! ‘Skepping-Sabbat’ wat aan die eerste mylpaal vasgeketting staan is troue waghond wat net daar langs die paal van hongerte en dors gaan doodgaan. Sal die Jood dit ooit besef? En die Christene wat die Sabbat vir dieselfde rede as die Jode glo?

Christene aan albei kante – aan die een kant hulle wat die Sabbat glo maar nie omrede die Here van die Sabbat nie; en hulle aan die ander kant wat die Sabbat verwerp omrede die Here van die Sabbat, en ’n ander dag, “die Dag van die Here” noem, skep die indruk van die benewelende duisternis onder die eerste wee van Openbaring 9:2-3 – ’n toestand wat heers al van die vroeë jare van die Christelikheid af: Apollion, ‘Songod’, engel en koning oor die afgrond, héérs – heers oor totale verwarring. “Moenie die gras van die aarde of enige

groenigheid of enige boom beskadig nie, maar net alleen mense, wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie”. ’n Geestelike pyniging is dit dié: “vyf maande lank”, dit is, heeltemaal onbegryplik, en heeltemaal onbegryplik vir hoe lank, behalwe dat dit vir die grootste deel van die tyd, maar nie vir altyd nie, sal wees – nie vir sewe maande lank nie! Hoekom sou dit ’n “pyniging” wees? Omdat dit op Christuslose ‘rus’ en ‘vrede’ aanspraak maak!

Ons herhaal, Gesien die Sabbat as mense-daad, sê Herschel, “*Die Insel ist der siebte Tag, der Sabbat, ein Tag der Loslösung von den Dingen, Werkzeugen und praktischen Aufgaben und der Hinwendung zum Geistigen.*” Ageer die Verbondshandelende God: *Die eiland is die Sewende Dag, die Sabbat, een dag* toegespits op die verlossing van die mens as kosmiese skepping.

Maar ons voeg by: Ageer die Verbondshandelende God: *Die eiland is die Sewende Dag, die Sabbat, een dag* toegespits op die verlossing van die **sonde**, en daarom toegespits op vrede en eenheid – want toegespits is dit op die Here jou God wat jou verlos het uit Egipte! Dis tog eenvoudig net moontlik in en deur Christus Jesus? Wat sal die Sabbat dan méér kan aanwys? Sal God die Sabbat toelaat om vir ’n oomblik minder aan te wys?!

### **“Synsmatig” en “Heilsmatig”**

Daarom is dit, insoverre met die Sabbat te doene gekry word, uiters moeilik om na behore te bly by Theron se waarskuwing op bls. 26 bo, onder punt 4,

*“Dit is van allergrootste belang om duidelik te onderskei tussen die **synsmatige** en die **heilsmatige**. Juis wanneer die skepping sy bestaansgrond in Christus (die genadedaad van God) vind, mag natuur en genade nie in mekaar opgelos word nie. Wanneer “natuur” identies word met “genade”, dan het dit hoegenaamd geen sin om meer van **albei** te spreek nie. Mens kan begrip hê vir die vrees van Van Ruler dat die berg van die **Christologiese konsentrasie, die muis van die natuurlike teologie mag baar. ... Wanneer natuur (skepping) en genade só in mekaar ingaan dat dit in mekaar opgaan, dan gaan dit ook in mekaar onder. ... Die skepping is ouverture tot die verbond, maar nie identies daarmee nie.***”

Tog dwing die vraag sig af: Maar is dit nie net wat die Sabbatdag is nie? “Kosmies”, ‘materieel’ – “*skeppingsmatig*” – is die Sabbat nouliks “*natuur*”. “Skepping” is die Sabbat wel as

Goddelike skeppings-daarstelling van die Sewende Dag; maar dan (soos ek n.a.v. Moltmann gesê het), is dit skepping as genade! “Kosmologies”, biofisies, of hoe ook al “natuurlik”, is die Sabbat Sewende Skeppingsdag tog gans grondeloos en sinloos. Eers **heilsmatig** is dit *hoegenaamd* **synsmatig**.

Die geldigheid van Theron se waarskuwing blyk egter opvallend daarin dat juis in die vervlakking van die Sabbatdag tot blote **synsmatigheid** – feitlik medisinaal terapeutiese funksionaliteit – dat dit immer en terselfdertyd verhef word tot verlossingsmodaliteit. Met die Sabbat te onderhou word die saligheid verdien; maar intussen is dit niks meer as dag van onthoudings- en formaliteitsengheid en -vermoeienis nie.

Die Sabbat van die Skrif is nooit “wanneer “natuur” identies word met “genade”” nie, maar “vind ... sy bestaansgrond in Christus (die genadedaad van God).” In die geval van die Sewende Dag is niks minder as **Christologiese konsentrasie, ouverture tot verbond** wanneer die Skrif die Sabbat “verbond” gaan noem nie! *Die doel van die skepping is die verbond*; Sabbat” as “skepping”, lééf – “is” / “syn” – út Gods ewige Genadeverbond, en, lééf – “is” / “syn” – daarvóór!

*“Die ewige voorneme van God in Christus Jesus (Ef.3:11) naamlik om “alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig”, word nou deur die Gemeente “aan die owerhede en magte” bekend gemaak (Ef.3:10). Hierdie bekendmaking geskied deur die verkondiging van die Kerk, maar ook deur die bestaan van die Kerk. “Want Hy is ons vrede, Hy, wat albei een gemaak het en die middelmuur van skeiding afgebreek het ... en albei in een Liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap tot niet gemaak het (Ef.2:14, 16).”*

*Hierdie bekendmaking, hierdie verkondiging, maar ook hierdie bestaan van die Kerk, is nimmer “uit te werk” alvorens of sonder die Dag van die Here en van sy aanbidding en Volk nie. Dit het God gesweer: “Hulle sal in my rus, nie ingaan nie!” Nie alvorens “Jesus aan hulle rus verskaf” het nie; nie alvorens “Hy wat sy rus ingegaan het as God van sy eie werke gerus het” nie. Eers dan! “Volstrek daarom bly ’n onderhouding van die Sabbatdag vir die Volk van God geldig.” “Volstrek omdat “Hy ons vrede is”. Geen bestaan, geen verkondiging, geen bekendmaking alvorens nie! Dit is waar “(d)ie eenheid as kosmies-eskatologiese gawe” sien begin word.*

Let op hoe die volk mét hul “ingaan”, die eer van God verkondig, “die lied van Moses en van die Lam, sing”. “U bring hulle in en plant hulle op die bergland van u erfenis, die plek o Here, wat U as vaste woonplek vir U berei het ... (die dag aangaande waarvan U gespreek het) ... Die Here het my tot heil geword, Hy is my God. ... U het deur u guns die volk gelei wat u verlos het; U het hulle deur u krag na u heilige woning gevoer.” “Dit is die dag wat die Here gemaak het.” Alhier, en, “aldus aangaande (*gar pou peri ... houtohs*) die Sewende Dag het God gespreek. ... Want Hy wat sy rus ingegaan het, rus inderdaad van sy werke ...” – Hb.4:4. Dit is die ‘wanneer’ – “die dag” – van *die ewige voorneme van God in Christus Jesus. Die ewige voorneme van God in Christus Jesus* máák van die Sabbat **beide synsmatigheid en heilsmatigheid**. “En God het, op die Sewende Dag, gerus.” “*Een is die Wetgewer.*” “Die Losser van Israel”, is Een. “*Die vrede (“wholeness”) van skepping en herskepping korrespondeer met die unitas, verstaan as die simplicitas, van die Skepper.*” *Synsmatigheid en heilsmatigheid* (wetsaspek en rusaspek; geskapeheid en hergeskapeheid) – as eienaardigheid van die Sabbatdag **in besonder** as “skepping” – korrespondeer met, en is eskatologies, **téken** van, “*die unitas, verstaan as die simplicitas, van die Skepper.*” Hierin lê dan ook die eienaardigheid van die Sabbatdag, dat dit ook van die Gemeente, eskatologies, teken, en skeppingsaardig, aanbiddingsdag – dag van rus en vrede – is.

Theron se waarneming dat “*natuur en genade nie in mekaar opgelos (mag) word nie*”, (en dat) “*Wanneer natuur (skepping) en genade só in mekaar ingaan dat dit in mekaar opgaan, dan gaan dit ook in mekaar onder*”, kan dus nie sondermeer en al te maklik presies op die Sabbat toegespits word nie. Is dit nie juis wat in die inkarnasie plaasgevind het nie, dat toe skepping – mens en mensheid – en genade – in die Persoon en persoonlikheid van Jesus van Nasaret só in mekaar ingegaan het dat dit in mekaar opgegaan het, dit juis nie ondergegaan het nie, maar getriomfeer het? Is dit nie dalk ook juis wat gebeur wanneer die Heilige Gees met die mens – nogal as gevalle ‘skepping’ – bemoeienis maak, dat die genade triomfeer en nooit teleurstel nie?

Weliswaar wil ons niks weet van die panteïsme nie, en is Theron se veronderstelling verseker waar, dat “*Wanneer natuur (skepping) en genade* (as die Goddelike) *só in mekaar ingaan dat dit in mekaar opgaan, dan gaan dit ook in mekaar onder*”. In panteïsme is daar geen plek vir die genade van God nie;

bestaan daar geen *heilsmatigheid* nie; die uiteinde daarvan is die verderf want dit is maar net 'n manier en verskynsel van afgodery. Sabbatsgenieting val hoegenaamd nie in dieselfde katagorie nie.

“Die ewige voorneme van God in Christus Jesus (Ef.3:11) naamlik om “alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig”, word nou deur die Gemeente “aan die owerhede en magte” bekend gemaak (Ef.3:10).” Die Sabbatdag staan in diens van hierdie toedrag en tot diens daartoe. Hierby en hierin staan of val die Sabbat. In die verkondiging en aanbidding word die Sabbat se totale potensiaal ontgin, word dit onledig, getap, uitgeput. Niks daarvan bly oor as dit sy diens ten opsigte van hierdie opeising vervul het nie. Sou daar iets hierna van die Sabbat oorbly, sal dit vodde van eiegeregtigheid wees. Die Sabbat is tot eer van God in die aangesig van Jesus Christus in die aanbidding van Diesyne, einde! Net die Christelike Kerk geniet voorreg van die Dag van die Here, want dit is die dag van sy bekendmaking as Losser Skepper – hoe anders as deur en in Jesus Christus en deur en in sy sterwe en opstanding uit die dode? Die wettiese mens mag nie sy hand daaraan slaan – “My heilige dag” noem die Here van die Sabbat sy Sabbatdag. Nie net die mens is deur die genade van die wet vrygemaak nie – ook die Sabbat is. “Om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig ...” dit sluit die Wet en die Sabbat in. Christus is Hoof oor alles – Hy is finale en enige Gesag in leer en lewe. Hy is die Gesonde Leer. Volgens hierdie Leer die Sabbat te onderhou is om die Sabbat te onderhou ter wille van en op sterkte van en deur die krag van Jesus Christus in opstanding uit die dode. Nie meer omrede die Wet nie – want die Wet self het hierdie Nuwe Wet en Nuwe Skepping belowe. Noudat die Belofte waar geword het, het ook die Wet gaan rus. Paulus sê die Wet het werkloos geword. Dis te verstane. Nou’s alles soveel gestrenger, want ons staan onder die Oppergesag; maar alles ook soveel makliker, want ons staan vry onder die Liefde van onse God, Losser en Broer.

Ons moes net gou hierdie perspektiewe gesien vanuit Theron se opsomming (bls.26) van sy paragraaf, 1.6, *Skepping en verbond* (bls. 17/18v), vooruit gaan haal het om sinvol te kan aangaan van waar ons vorig van hierdie paragraaf afgestap het. Opsommenderwys, verwys ons net gou weer na wat sover

onder hoofde van hierdie paragraaf – insoverre die sabbat daarmee in verband staan – oorweeg was.

*Die relasie skepping en Verbond*, raak die verstaan en *sin* van die Sabbat wesenlik. *Wie Christus sê, sê Verbond*, wie *Verbond sê, sê Kerk*. Wie Kerk sê, sê Sabbat, Aanbiddingsdag – na skepping sowel as her- of Nuwe Skepping! Wie Sabbat sê, sê dit op grond van “*diepe verbande*”.

*Die motief vir die inkarnasie ... die onafskeidbare eenheid van krip en kruis*, bls 18 par. 2 en 3.

“*Herstel*”-motief teenoor Nuwe Skeppingsmotief – die Sabbat “*losgedink van kruis en opstanding*”. (bls. 68)

“*Het die inkarnasie op sigself, dit wil sê, losgedink van kruis en opstanding, alreeds teologiese betekenis?*”

Hierdie vraag moet basies ook op die Sabbatdag van toepassing gemaak word, Het die **skepping-Sabbat** op sigself, dit wil sê, “*losgedink van kruis en opstanding, alreeds teologiese betekenis?*”

Presies dieselfde gevare verbonde aan ’n *van kruis en opstanding losgedinkte* Sabbatsbeskouing of –waardering op grond van die **Wet** na beginsel en of ‘letter’, skuil in ’n **skeppings-Sabbat** wat van *kruis en opstanding losgedink* is en “die waardigheid vir homself neem” (Hb.5:4), sonder en ten koste van die *kruis en opstanding* van Jesus Christus. Die beste voorbeeld van so ’n rustelose skeppings-Sabbat is te vinde by Jürgen Moltmann. Ons het reeds ons distansiëring daarvan aangedui in Deel 3, 5, 1, *Eschatology*, 1.

Hoe kan die Sabbat *op sigself, van kruis en opstanding losgedink, alreeds teologiese betekenis* hê, daar die Theos van die Christelike geloof Homself presies daar in *kruis en opstanding* gaan toon en bekendmaak – presies daar waar Hy Homself ten diepste verberg? Nou praat ons nie meer van net ’n rasonale, logiese, ‘steriele’ onmoontlikheid nie; ons praat juis van ’n ‘teologiese’ onmoontlikheid!

O ja! Aansprake op sulke Sabbats-‘teologië’ is daar volop. Maar hulle behoort liefes Sabbats-dogma of Sabbats-moraliteitsleer genoem te word. Van “die Dag van die Here”, of, van “die Sabbat van die Here jou God”, kan alleen gepraat word as van “die Here van die Sabbat” gepraat kán word, en dit is uitsluitlik moontlik waar Hy die gekruisigde, gestorwe, begrawe en opgestane Here en Theos van die Sabbat is en waar die Heilige Gees Skepper van Geloof en Kerk is— uitsluitlik waar Jesus Christus Here en Theos van die Nuwe Verbonds-

volk en “Volk” van die Sabbat, is.

Die Sabbatdag *het op sigself géén teologiese betekenis* nie. Slegs in die lig van en op grond van die dood en opstanding van die Here van die Sabbat, het dit, hetsy as Skeppingsabbat, as Tien Gebooi Sabbat, as Christenvolk-Sabbat, *teologiese betekenis*. Nie een sin lank kan die Christengelowige oor die Sabbatdag praat of skryf sou dit nié Opstandingsabbat, “Volk van God”-Sabbat, eskatologiese teken van die Ekklesia-Sabbat, wees nie.

Uit hierdie onaantasbare voorwaardelikheid vir die egtheid van *teologiese betekenis* of teologiese gesprek in soverre dit die Sabbatdag aanbetref, kan duidelik parallel raakgesien word tussen “*inkarnasie*” en “*kruis en opstanding*”, en, Sabbat as synde “*skepping*” en “*kruis en opstanding*”. Dit kom maar net op sy eenvoudigste gestel, op Hebreërs 4:4-5 en 8-10 neer, met vers 9 mooi tussen verse 8 en 10, “Presies daarom (*ará*) bly ’n onderhouding van die Sabbatdag vir die Volk van God geld!” Want die Sabbat is ‘teologie’ wat met die Spreke van God tred hou – op die spoor van die vernedering, lyding en sterwe en opstanding van die Theos en Here van die Sabbat; wat daarmee verband hou en daaruit lewe en daarsonder sterwe. Die “*ará*” van 4:9, reguit en onbreekbaar, dui op en behou “*diepe verbande*” met Mk.2:27-28. (Hierdie assosiasie maak my ‘teologie’ natuurlik ’n belaglikheid vir die teoloë, en skrikaanjaend vir die Hermeneute en Eksegete. Dalk ook ontstellend vir Professor Theron dat dit gebeur met verwysing na sy werk. Ek vra dan net hier, vergifnis, asseblief Professor. Net dalk verras die Professor my met instemming!)

### **“Herstel” of “Vanuit die Raad van God”?**

*“Kan die inkarnasie eksklusief beskou word as ’n herstel van die skepping, of moet dit veeleer verstaan word vanuit die Raad van God nog afgesien van die skepping en val?”*

Weereens moet ons die saak só formuleer dat ons die Sabbat (en sy ‘teologie’) van naderby kan beskou.

(Weereens moet daarop gewys word dat Professor Theron nóg bewustelik, nóg onbewustelik, die Sabbat in gedagte gehad het. Ek het egter onmiddelik en sonder vooropgestelde idees die deurgaanse “*diepe verbande*” wat sy denke met die Sabbat vir my uitgelig het, raakgesien. Vir my was dit onvermydelik, dwingend en onweerspreekbaar. Maar belangriker, vir my was dit nodig en noodsaaklik, verhelderend

en verrykend. Ek was en is dankbaar daarvoor. Prof. Theron het my toestemming gegee om aan die hand van sy werk, te werk. Ek het hom gesê dit mag nie wees wat hy sou verwag of sou waardeer nie.)

Wys die Sabbat as skepping, op die skepping as *herstel*, of moet dit veeleer verstaan word vanuit die Raad van God nog afgesien van die skepping en val?

Nogmaals kan die antwoord nie eensydig beamend of ontkennend gegee word nie. Want word die Sabbat *verstaan vanuit die Raad van God*, dan word dit verstaan as gerig op *die skepping en val*, en daarom sal dit op die skepping as *herstel*, wys, maar voorwaardelik, op die skepping as die ‘**Nuwe Skepping**’, *herstel* van die *val*. Die Sabbat kan nie *losgedink van die kruis en opstanding verstaan* word nie, en sal juis daarom, alleenlik *verstaan word vanuit die Raad van God*. Dit maak dan van die vraag “*nog afgesien van die skepping en val?*”, ’n oortolligheid. Eintlik, met inagneming van die feit dat die Sabbat (net soos die “*inkarnasie*”) “vir die mens gemaak is”, is dit **onmoontlik** om dit “*vanuit die Raad van God*” te onderskei “*nog afgesien van die skepping en val*”. God moes (waag ons om te sê) die Sabbat “*vanuit die Raad van God*” geskep het, “*die skepping en val*” **inaggenome en met** “*die skepping en val*” **in die oog**. Dit (net soos dit die “*betekenis*” van die “*inkarnasie*” geld), insoverre dit die “*betekenis*” van hírdie ‘skepping’ van God, die Sewende Dag Sabbat, geld. Na áárd neig die Sewende Dag van God se skepping na twee kante toe: agtertoe én vorentoe, na ‘benede’ én na ‘bo’, na skepping én na Skepper – na “*Raad*” én na “*Eskatos*”. Miskien is dit van alle ‘skepping’ waar, maar van geen ‘skepping’ só waar as van die Sewende Dag God’s skeppingsdag van die Sabbat nie! “*Die eenheid van krip en kruis*” is “*onafskeidbare eenheid*”. “*Nie vir ’n oomblik (kan) die vleeswording van die kruisevangelie losgemaak word nie*” – nie vir ’n oomblik die Raad van God van die skepping van God nie; nie vir ’n oomblik sy genadeverbond, van God self nie, nie vir ’n oomblik sy Woord van sy Verborgenskap nie; nie vir ’n oomblik sy Rus van sy Bemoeienis en Werk nie. God se Rus wag alreeds van “in die begin” om in ingegaan te word – dit is onomwonde vir seker, Hebreërs 3 en 4.

So die Here wil, om mee voort te gaan, 3 September 2005.



Gerhard Ebersöhn  
Suite 324  
Private Bag X43  
Sunninghill 2157  
Johannesburg  
[biblestudents@imagnet.co.za](mailto:biblestudents@imagnet.co.za)  
<http://www.biblestudents.co.za>

ISBN 978-0-620-41731-0;  
978-0-620-41738-9